

## Inhoudsopgawe

<b>VOORWOORD</b> .....	<b>3</b>
<b>HOOFSTUK I: HERMENEUTIESE UITGANGSPUNTE</b> .....	<b>4</b>
1. Die Bybel is DIE WOORD VAN GOD.....	4
1.1 Die aard en omvang van die gesag van die Bybel.....	4
1.2 Die basis van die gesag van die Bybel.....	5
1.3 Die eenheid van die Skrif.....	6
2. DIE BYBEL IS GOD SE WOORD VIR EN DEUR MENSE.....	8
2.1 Die verskeidenheidskarakter van die Skrif.....	8
2.2 Die tydgerigtheid van die Skrif.....	11
2.3 Die deursigtigheid van die Skrif.....	14
3. DIE EWIGE EN ALTYD-GELDENE WOORD VAN GOD.....	14
3.1 Die Bybel geld vir alle mense van alle tye.....	14
3.2 Die plek van die Belydenisskrifte by die eksegese.....	15
3.3 Die skopus (gerigtheid) van die Skrif.....	16
BRONNELYS.....	18
<b>HOOFSTUK II : STUDIE VAN TERSAAKLIKE SKRIFGEDEELTES IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT</b> .....	<b>19</b>
INLEIDING:.....	19
2. DIE PLEK VAN DIE VROU BY DIE SKEPPING.....	19
2.1 Man en vrou is albei na die beeld van God geskape.....	19
2.2 God het man vrou in 'n baie nou verwantskap geskape.....	19
2.3 Albei ontvang die regeeropdrag van God.....	20
2.4 Tog is daar onderskeid tussen man en vrou.....	20
2.5 Verwysings in die N.T.....	24
3. DIE PLEK VAN DIE VROU BY DIE SONDEVAL.....	24
3.1 Die vrou neem die leiding.....	24
3.2 Die gevolge van die sonde.....	25
3.3 Die gevolge van die sonde vir die man-vrou-verhouding.....	25
3.4 Toegepas op die plek van die vrou in die kerk.....	26
4. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE OU TESTAMENTIESE SAMELEWING.....	26
4.1 Deurwerking van die sondige heerssug van die man op wetlike terrein.....	26
4.2 Tog breek die genade in die wetlike posisie van die vrou plek-plek deur.....	26
4.3 Deurwerking van die sondige heerssug van die man op maatskaplike terrein.....	27
4.4 Tog breek die genade in die maatskaplike posisie van die vrou plek-plek deur.....	27
4.5 Tekste wat dui op 'n bepaalde "amp" wat deur die vroue verrig is.....	28
4.6 Genade en amp of ampgewade in die O.T.....	33
4.7 Samevatting van Ou-Testamentiese Skrifgegewens.....	33
4.8 Die "Stemreg" van die vrou in die Ou Testament.....	34
5. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE GRIEKS-ROMEINSE WÊRELD EN DIE JODEDOM.....	35
5.1 Die vrou in die Grieks-Romeinse wêreld.....	35
5.2 Die vrou in die Jodedom.....	35
6. JESUS EN DIE VROU.....	35
6.1 Jesus oor die huweliksverhouding.....	35
6.2 Jesus se optrede jeens vroue.....	36
6.3 Jesus en die twaalf.....	36
6.4 Samevatting.....	36
7. DIE PLEK VAN DIE VROU IN HANDELINGE EN DIE SENDBRIEWE.....	37
7.1 Man en vrou voor God gelykwaardig.....	37
7.2 Man en vrou ontvang die gawes van Christus deur die Heilige Gees.....	38
7.3 Die aanwending van die gawes mag nie verhinder word nie.....	39
7.4 Gawes binne of buite die besondere dienste aangewend?.....	39
7.5 Die vrouevryheidsbeweging in Korinthe.....	44

7.6 Paulus wys die libertinisme af .....	45
7.7 Petrus in aansluiting by Paulus .....	48
7.8 Paulus wys op die wese van ware Christelike hoofskap .....	48
7.9 Samevatting t.o.v. plek van die vrou in Handeling en sendbriewe .....	49
<b>8. NUWE-TESTAMENTIESE SKRIFGEGEWENS TOEGESPITS OP DIE PLEK VAN DIE VROU TEN OPSIGTE VAN DIE BESONDERE DIENSTE IN DIE KERK .....</b>	<b>50</b>
8.1 Erkenning van leiding .....	50
8.2 Die weg waarlangs leiding erken word .....	50
8.3 Die weg waarlangs leiding gegee word .....	51
9. Samevatting van Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens .....	53
10 BRONNELYS .....	55
10.1 Ten opsigte Ou-Testamentiese Skrifgegewens .....	55
10.2 Ten opsigte van Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens .....	57
<b>HOOFSTUK III: 'N KERKHISTORIESE OORSIG OOR DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK.....</b>	<b>60</b>
1 INLEIDING .....	60
2 'N OORSIG OOR DIE KERKHISTORIESE ONTWIKKELING .....	60
2.1 Eerste eeue na Christus tot by middeleeue .....	60
2.2 Die Reformasie .....	61
2.3 Enkele bekende kerkregtelikes – 17de tot 20ste eeu .....	63
3. ENKELE SNITTE IN RESENTE STUDIEMATERIAAL VANUIT GEREFORMEERDE KERKGROEPE .....	64
3.1 Inleiding .....	64
3.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika .....	65
3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk .....	66
3.4 Christian Reformed Church in North America .....	66
4. BEPAALDE SKRIFGEGEWENS IN DIE LIG VAN DIE STUDIE VAN CRC IN BESONDER .....	67
4.1 Vroue in die amp van diaken .....	67
4.2 Vroue in ampte van predikant en ouderling .....	68
VROUEKIESREG .....	73
BRONNELYS .....	74
<b>HOOFSTUK IV: DIE VROU IN DIE KERK VOLGENS BELYDENIS EN KERKORDE.....</b>	<b>75</b>
1. Die plek van die vrou volgens die belydenisskrifte .....	75
1.1 Formele opmerkings .....	75
1.2 Materiële aspekte .....	75
1.3 Voorlopige Konklusies .....	77
2. DIE PLEK VAN DIE VROU VOLGENS DIE KERKORDE .....	77
2.1 Die aard van die Kerkorde .....	77
2.2 Die noemer "GEMEENTE" in die KO .....	79
2.3 Kiesreg in die kerkorde .....	80
2.4 Gevolgtrekkings .....	82
AANGEHAALDE BRONNELYS .....	84
GERAADPLEEGDE WERKE .....	84
<b>HOOFSTUK V: SAMEVATTENDE KONKLUSIES.....</b>	<b>85</b>
1 Bevinding van die situasie in die Ou en Nuwe Testament .....	85
2. Praktiese konsekwensies van die bevindinge .....	85

## VOORWOORD

Hierdie studiestuk dien as bylaag by die rapport van die Deputate insake die Plek van die Vrou in die Kerk, opgeneem in die aanvullende Agenda vir die Nasionale Sinode van Gereformeerde Kerke in S.A. wat D.V. in 1988 sal plaasvind.

Die Deputate wat aan hierdie studiestuk meegewerk het, is die volgende: Ds. P.W. Bingle (sameroeper) proff. J.J. van der Walt, J.H. van Wyk, A le Roux du Plooy, J.J.J. van Rensburg, dr. A.N. Helberg, dr. G.J.C. Jordaan. Die werkswyse van die Deputate was om verskillende afdelings van die studie aan verskillende broeders Deputate op te dra en dan by terugrapportering te finaliseer.

- Dr. Helberg was verantwoordelik vir die studie van Ou-Testamentiese Skrifgegewens. Hierin is hy van advies bedien deur 'n paneel van Ou-Testamentiese kundiges, te wete prof. J.L. Helberg, F.N. Lion-Cachet, H.F. van Rooy, J.A. van Rooy en P.A. Verhoef.
- Dr. Jordaan was verantwoordelik vir die studie van Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens. Hierin is hy van advies bedien deur 'n paneel van Nuwe-Testamentiese kundiges, te wete proff. J.C. Coetzee, L. Floor, M.A. Kruger. C.J.H. Venter, A.B. du Toit, dr. A.G.S. Venter en mnr. J. Botha.
- Prof. Van Wyk het die studie in sake Belydenisskrifte behartig, prof. Du Plooy Kerkhistoriese studie en prof. Van der Walt die studie insake die Kerkorde.

Die Deputate betuig dank aan al die medewerkers, in besonder die paneel van kundiges vir hulle gewaardeerde bydraes, uiteraard is die medewerkers nie gebonde aan die bevindings van die studiestuk nie maar hulle bydraes en advies was van onskatbare waarde.

Die Deputate bedank ook vir mev. Kotie Coetzee van die Administratiewe Buro vir ure se onvermoeide tik en administratiewe werk.

Ons vertrou dat hierdie studiestuk daartoe mag bydra dat daar in die Kerke groter duidelikheid kom oor wat die wil van God oor die plek van die vrou in Sy Kerk is.

Ons bede is dat hierdie studiestuk wat in alle nederigheid en met diepe bewustheid van die menslike swakheid van die opstellers daarvan aangebied word mag bydra tot die eer van onse Vader in die Hemel.

RAPPORTEUR : DR. G.J.C. JORDAAN.

# **HOOFSTUK I: HERMENEUTIESE UITGANGSPUNTE**

Skrifverklaring word wesentlik bepaal deur die Skrifbeskouing wat as hermeneutiese vertrekpunt geneem word. Aangesien die studiemateriaal vir hierdie rapport grotendeels uit Skrifverklaring bestaan, is dit nodig om uit die staanspoor duidelik te stel watter Skrifbeskouing ten grondslag van die Skrifverklaring in hierdie rapport lê.

Die basiese uitgangspunt is: Die Bybel is die ewige en altyd-geldende Woord van God wat Hy vir en deur mense laat boekstaaf het.

Hierdie basiese uitgangspunt bevat drie hoofmomente, wat hieronder agtereenvolgens bespreek word.

## **1. Die Bybel is DIE WOORD VAN GOD**

- Ons bely in artikels 3, 4, en 5 van die NGB dat die Bybel die Woord van God is. Wie konsekwent die Bybel as Woord van God bely, handhaaf 'n bepaalde siening oor die aard, omvang en basis van die gesag van die Bybel, en ook oor die eenheidskarakter van die Bybel.

### **1.1 Die aard en omvang van die gesag van die Bybel**

**1.1.1** Ten opsigte van die aard van die Skrifgesag word die volgende standpunt gehandhaaf: Aangesien die Bybel die Woord van God is soos dit onder inspirasie van die Heilige Gees tot ons gekom het, spreek dit met gesag van God. Die Bybel het dus niks minder nie as Goddelike gesag. As sodanig spreek dit met absolute onfeilbare en onaantasbare gesag (nader gekwalifiseer in 3.1 hieronder).

**1.1.1.1** Hierdie beskouing eis van die Skrifverklaarder dat hy die Bybel met 'n gelowige luisterhouding benader, met die bedoeling om hom te onderwerp aan die gesag van die Bybel as Woord van God (Den Boer, 1985:27).

**1.1.2** Die volgende standpunt word egter afgewys: Dat die Bybel nie absolute onfeilbare Goddelike gesag het nie, maar dat ons daarin 'n blote bundel van menslike geskryfte het waarin hulle hul eie godsdiens-ervarings neergeskryf het, of waarin hulle maar net geskryf het wat hulle van God dink.

Balkema (In: Gezichten zien en dromen dromen, p.98) se standpunt sluit hierby aan. Hy skryf (aangehaal deur Den Boer, 1985:34): "De Bijbel is nooit een 'gesloten', afgesloten boek met absolute, eeuwige en objectieve abstracte waarheden. Hij is altijd aards, ..."

Kuitert ("Wat heet geloven?", p.58) sê dat die Bybel 'n bloot historiese boek is wat baie dinge bevat wat nie ter sake is nie, omdat dit 'n ander leefwêreld veronderstel. Boonop is baie sake wat in die Bybel as "geskiedenis" aangebied word, in werklikheid maar net die ervaring van mense.

**1.1.2.1** Hierdie standpunt lei die hermeneutiek tot 'n "neutrale" hantering van die Bybel, op dieselfde vlak as enige ander dokument. Dit maak van die taak van die eksegeet nie om te hoor wat die Gees aan die gemeentes sê nie, maar veel eerder om vas te stel wat die opinies van die Bybelskrywers was, en in hoeverre dit vir vandag relevant is (vgl. Hasel, 1978:22).

**1.1.2.2** Toegepas op die plek van die vrou in die Kerk: Die "neutrale" benadering lê ten grondslag van Gerlings (s.j.:142) se "verwerping" van 1 Korinthiërs 11:1-10 as blote opinie van Paulus, want "in die eerste tien verzen is hij 'pur sang' jood, in vers 11 en 12 spreekt de christen" (Gerlings, s.j.142). Aldus Gerlings spreek Paulus dus in verse 1-10 nie onder

Goddelike inspirasie met gesag van God nie, maar hy spreek bloot sy eie opinie uit, wat deur sy eie ervaringswêreld gevorm is. Van hierdie selfde verse sê Wijngaards (Vrouwen geen priester?, p.63): "Paulus slaat hier de plank mis "hij schaatst op dun ijs en het zou oneerlik tegenover hem zijn en theologisch onjuist om zijn argument als ernstig op te nemen. Wij kunnen hoogstens zeggen dat Paulus, in zijn redening laat zien hoezeer hij nog doordrogen is van de joodse sociale mythe van mannelijke overheersing."

Wie egter van die onfeilbare Goddelike gesag van die Bybel uitgaan, kan nie Gerlings en Wijngaard se verklaring van 1 Korinthiërs 11 onderskryf nie. 1 Kor. 11 spreek, soos elke ander Skrifgedeelte, met gesag van God - natuurlik toegespits op die besondere situasie in Korinthe (vgl. 2.2 hieronder) .

## **1.2 Die basis van die gesag van die Bybel**

**1.2.1** Ten opsigte van die basis van die Skrifgesag word die volgende standpunt gehandhaaf: Die basis van die gesag van die Bybel is dat God self deur en vanuit die Skrif tot ons spreek (Coetzee e.a., 1980:23). Juis die feit dat God self spreek, gee aan die Bybel absolute onfeilbare en onaantasbare Goddelike gesag. Dit geld vir die HELE Bybel (NGB art.5: "Ons glo sonder twyfel alles wat daarin vervat is"). In die Bybel gee God aan die mens 'n objektiewe waarheid - God spreek, al is dit deur mense. Boonop spreek God deur en vanuit die Bybel nie net omdat Hy deur die inspirasie van sy Gees die Skrywer daarvan is nie, maar Hy spreek ook in die uitleg van sy Woord. God die Heilige Gees is die eintlike en onmisbare Eksegeet van die Skrif (bv. Joh. 14:25-26; 16:12-13; Rom. 8:5-7; 1 Kor. 2:10-16). God laat nie net sy heilsdade in die geskiedenis plaasvind nie maar sorg ook deur sy Heilige Gees dat ons 'n betroubare berig daarvoor ontvang en - deur dieselfde Heilige Gees - dat ons ook die berig reg verstaan. Die Gees tree in die proses van die verstaan van die Bybel as die eintlike Skrifverklaarder op. (Coetzee e.a., 1980:30)

**1.2.1.1** Hierdie beskouing eis van die eksegeet gepaste nederigheid voor die besef dat sy Skrifuitleg so moet wees dat dit steeds God sal wees wat spreek en nie hyself (die eksegeet) nie. Sy eksegeese moet dus by die gebed begin en deur gebed gedra word.

**1.2.2** Die volgende standpunt word egter afgewys: Dat die Bybel gesag verkry van die MENS of van die SITUASIE. Volgens hierdie standpunt spreek die Bybel nie vanaf die eie gesagsbasis wat dit as Woord van God het nie. Veel eerder moet gesag daaraan verleen word deur die mens of die mens se situasie. Ons het dus nie in die Bybel op sigself die lewende Woord van God nie - dit word eers lewende gesagvolle Woord van God wanneer die mens of sy situasie dit vir die hede relevant maak. "Irrelevante" Skrifuitsprake het egter nie Goddelike gesag nie en kan daarom maar geïgnoreer word. So verklaar Balkema (aangehaal deur Den Boer, 1985:34): "De bijbel ... wordt geconcretiseerd, 'open' en dynamisch gemaakt, steeds weer opnieuw, door inspiratie binnen de eigen context, tijd en cultuur. Op deze wijze is hij altijd 'levend woord'".

Hierdie beskouing gryp terug op die vorm-kritiese benadering waarvolgens die Skrif as sodanig geen appel op die mens het nie, tensy dit "her-ingelee" word tot 'n mededeling wat relevant is vir die praktyk van die hede (vgl. Hasel, 1978:56).

Baarda (e.a., 1980:8) is van mening dat die Skrif slegs gesagvol spreek as die mens "horende leest". Die gesag van die Skrif is afhanklik van die geloof van die mens, sê Baarda.

Bostaande beskouing moet afgewys word: Dit verskuif die Bybel se gesagsbasis weg van God af na die mens; dit maak die mens (die hermeneut) die een wat in werklikheid betekenis en gesag aan die Skrif verleen.

**1.2.2.1** Die konsekwensies van so 'n Skrifbeskouing is ingrypend vir die hermeneutiek. Uitgaande van hierdie beskouing skryf Balkema (aangehaal deur Den Boer, 1985: 34) dat GELOOF en ERVARING wedersyds betrokke is by Skrifverklaring, wat nie alleen kritiek vanuit die evangelie op die mens se lewe beteken nie, maar ook kritiek vanuit die mens se aktuele ervaring op die evangelie en sê dan: "Als maatstaf, waarmee men de juistheid van een beroep op het bijbel gezag kan beoordelen, is de maatstaf van de vrijheid van alle mensen en het ontbreken van elke vorm van onderdrukking." Dit is duidelik dat so 'n beskouing op humanistiese wyse die MENS en sy situasie basis van gesagvolle Skrifuitleg maak. Visser (1976:9) sê tereg: "Ons maatstaf mag nooit wees die dinge wat in die wêreld gebeur nie, maar slegs wat Gods Woord ons sê." Baarda (e.a., 1980:49) verklaar: "de vraag naar de juiste uitleg werd niet meer zozeer vanuit de OORSPRONG der Schrift en het verleden, als wel vanuit de WERKING der Schrift in den heden aangevat ... alleen diegene verstaat een tekst echt, die verneemt, hoe deze in eige situasie spreekt."

**1.2.2.2** Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Indien die mens se konkrete situasie dikteer wat in die Bybel relevant is en watter nie, word alle Skrifuitsprake rakende die vrou in die kerk beoordeel vanuit die huidige stand van die sg. emansipasie van die vrou. Die argument sou dan wees: In die sekulêre samelewing betree die vrou vandag feitlik elke gebied wat vroeër vir die man gereserveer was: sy het stemreg net soos die man; sy beklee dieselfde beroep as die man, ens. Hierin het die kerk agtergebly, word gesê. Ten einde 'n diskrepansie tussen die vrou se posisie in die kerk en in die samelewing te voorkom, moet die kerk nou in pas kom met die veranderde omstandighede in die wêreld. Skrifuitsprake wat beperkings op die posisie van die vrou in die kerk sou oplê, het nou irrelevant geraak, want die situasie het verander. Hierteenoor handhaaf ons dat die mens se eie situasie nie mag dikteer watter sake in die Bybel relevant is en watter nie (vgl. Den Boer, 1985:27). De Vries (1985:5) stel dit so: "De christelike kerk mag niet terugdeinzen voor het innemen van een positie die dwars tegen de geest van de tijd ingaat."

### **1.3 Die eenheid van die Skrif**

**1.3.1** Ten opsigte van die eenheid van die Skrif word die volgende gehandhaaf: Dit is EEN God wat deur sy EEN Woord (of Seun) onder inspirasie van sy EEN Gees sy Woord spreek (Coetzee e.a., 1980:27). Al die Skrifte in die Bybel het dus EEN eintlike Outeur, nl. die Heilige Gees. Daarom bestaan daar tussen die verskillende kanonieke geskrifte 'n definitiewe eenheid. God het in die daarstelling van die geskrifte verskillende mense op verskillende tye, op verskillende maniere en selfs met verskillende tale gebruik (vgl.2.1.1. hieronder), maar nie op sodanige manier dat hulle geskrifte losstaande eenhede vorm nie. Die Heilige Gees het deur inspirasie steeds die Auctor primarius gebly.

N.B.: Terselfdertyd, saam met die erkenning van die EENHEID van die Skrif, moet ook erkenning aan die VERSKEIDENHEID van die Skrifte verleen word. Oor die verskeidenheid van die Skrifte word hieronder in 3.1 gehandel.

#### **1.3.1.1 Sacra scriptura sui ipsius interpres: Skrif-met-Skrif-vergelyking**

Die handhawing van die eenheidskarakter van die Skrif gaan gepaard met die beskouing dat die Skrif sy eie verklaarder is ("Sacra scriptura sui ipsius interpres) en lei tot die hermeneutiese reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Skrif-met-Skrif-vergelyking is die goue reël van die Gereformeerde hermeneutiek. Hierdie reël gee die eksegeet die goeie reg en plaas hom ook onder verpligting om 'n Skrifuitspraak nie in isolasie van die res van die Skrif te probeer verklaar nie, maar om dit juis in die lig wat die res van die Skrif op die saak werp, te verstaan. Die toepassing van die reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking weerhou die eksegeet daarvan om hom in die Skrifverklaring aan iets buite-Skriftuurliks te bind; dit hou hom juis

binne die letter van die Skrif. Dit lê juis willekeurigheid aan bande, sodat daar niks tussen die eksegeet en die Skrif mag wees nie; dit laat die eksegeet voor die Skrif buig (Van den Berg, 1982:6).

- \* Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Die reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking noop die eksegeet om bv. nie slegs 1 Kor. 14:34 en 1 Tm. 2:12 in isolasie "uitspraak te laat gee" oor die plek van die vrou in die kerk (dat sy moet swyg!) nie, maar om ook met ander Skrifuitsprake bv. Gal 3:28 rekening te hou.

### **1.3.1.2 Die Skrif getrou aan God**

Die erkenning van, die eenheid van die Skrif impliseer verder dat God in die Skrif GETROU aan Homself bly. God weerspreek Homself nêrens in sy Woord nie. In-diepte-eksegese toon gewoonlik aan dat oënskynlike teenstrydighede bloot maar verskillende gesigspunte is waaruit dieselfde saak beskou word en wat mekaar inderwaarheid aanvul (vgl. hierby weer eens die verskeidenheidskarakter van die Skrif in 2.1 hieronder).

- \* Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Ook ten opsigte van die oënskynlike teenstrydigheid tussen enersyds 1 Tim 2 (die vrou moet swyg) en andersyds 1 Kor. 11:5 (vroue wat bid en profeteer) moet rekening gehou word met die waarskynlikheid dat die twee uitsprake bloot verskillende perspektiewe op dieselfde saak bied, wat ons nader bring aan die "volle waarheid" oor die plek van die vrou in die kerk.

Selfs in die voortgang van die Godsopenbaring van die O.T. na die N.T. (vgl. 2.1.3 hieronder) is daar 'n konstante openbaringslyn. Die Ou-Testamentiese dinge kom in Christus tot vervulling. Maar let wel: Christus hef die Ou-Testamentiese uitsprake nie op nie - Hy gee slegs volle betekenis daaraan. Ou-Testamentiese uitsprake word opgehef slegs daar waar die Skrif self (bv. kultiese) sake ophef (Den Boer, 1985:27).

- \* Vanuit die erkenning van die getrouheid van die Skrif volg dat die eksegeet nie 'n Skrifuitspraak mag ophef, tensy 'n latere uitspraak van die SKRIF SELF die vroeëre ophef nie.

### **1.3.1.3 Vanaf die duidelike na die minder duidelike**

Besonderlik in die geval van moeilik verstaanbare en hermeneutiese moeilik oorbringbare Skrifuitsprake is dit noodsaaklik dat die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking so toegepas word dat die onduideliker uitspraak in die lig van die duideliker uitspraak geïnterpreteer word, en die meer prakties-gerigte uitspraak in die lig van die meer prinsipiële uitspraak (Coetzee e.a., 1980:29)."

- \* Toegepas op die plek van die vrou in die Kerk: Die "moeilike" "teenstrydigheid" tussen 1 Kor. 11:5 (vroue mag bid of profeteer) en 1 Kor. 14:24 (vroue moet swyg), moet verklaar word vanuit makliker en meer prinsipiële uitsprake oor die verhouding tussen man en vrou soos bv. die in 1 Kor. 11:13: "Die man is die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus."

### **1.3.2 Die volgende beskouing van die Bybel word egter afgewys:**

Dat die Bybelse geskifte geïsoleerd van mekaar bestaan, elk met sy eie "teologie oor Jesus." Hierdie beskouing bevraagteken die eenheid van die Skrif, en beskou die skrywers van die Bybelse geskifte, veral die van die N.T., elk as 'n skeppende teoloog in eie reg. Die gevolg sou dan wees dat ons 'n "teologie van Paulus" en 'n "teologie van Johannes", ens, voor ons het, wat elk onafhanklik van die ander staan.

**1.3.2.1** Vanuit so 'n visie kan daar van werklike Skrif-met-Skrif-vergelyking in die hermeneutiek haas geen sprake meer wees nie (Coetzee e.a., 1980:27). So 'n hermeneutiek

kan en wil slegs "godsdienhistories" vasstel hoe elke individuele Bybelskrywer die heilsbetekenis van Jesus se werk verstaan (Hasel, 1987:46w.).

**1.3.2.2** Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Tetlow (soos aangehaal deur Den Boer, 1985:33) skryf: "Each writer or redactor had his own theological and cultural attitudes toward the position and role of women in the Church and in secular society." Tetlow onderskei tussen die ou Jahwistiese tradisie van Genesis 2 en 3, waarvolgens die vrou laaste geskape is en eerste gesondig het (met die latere Pauliniese interpretasie van die vrou wat ondergeskik aan die man is en die bron van sonde en kwaad), en 'n latere priester-tradisie, waarvan spore in Genesis 1 te vinde is, waarvolgens man en vrou tegelyk en gelyk geskape is (Den Boer, 1985:32). Dit is wel so dat die openbaringshistoriese lyn in die Skrif in die loop van die geskiedenis al duideliker word (vgl. 2.1.3 hieronder), maar dit is iets totaal anders as om die Bybel in 'n variasie van teologieë te verdeel. Wie sekere Skrifuitsprake oor die plek van die vrou sou diskrediteer as produkte van die teologieë van bepaalde skrywers, tas die eenheidskarakter van die Skrif direk aan.. Die verskillende Bybelskrywers en redaktors het nooit as skeppende teoloë opgetree nie - hulle het nooit sonder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf nie.

## **2. DIE BYBEL IS GOD SE WOORD VIR EN DEUR MENSE**

Ons bely in artikel 3 van die NGB dat God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels (= die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe) beveel het om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel. Hieruit is dit duidelik dat God sy Woord vir mense (".. vir ons en ons saligheid ...") deur mense ("sy knegte, die profete en die apostels") laat boekstaaf het ("... beveel om op skrif te stel"). Deur dit te bely, erken ons dat die Bybel betrokke is by die menslike situasie van plek en tyd. Omdat God sy Woord deur mense laat boekstaaf het, erken ons die verskeidenheidskarakter van die Skrif; omdat God sy Woord vir mense laat boekstaaf het, erken ons die tydgerigtheid van die Skrif en die deursigtigheid van die Skrif.

### **2.1 Die verskeidenheidskarakter van die Skrif**

Saam met die erkenning van die eenheid van die Skrif (vgl. 1.3 hierbo) moet ons ook die verskeidenheid van die Skrifte erken (Coetzee e.a., 1980:27). Die erkenning van eenheid sowel as verskeidenheid hang saam met die leer van die Organiese Inspirasie.

#### **2.1.1 Verskeidenheid van boeke en skrywers**

Dit het God behaag om Hom in sy een Woord te openbaar in 66 boeke, geskrywe oor verloop van ongeveer 1300 jaar, in verskillende tale en kulture, op verskillende kontinente, in verskillende lande, deur mense van uiteenlopende kultuur, lewenspeil, nering en geleerdheidsstandaard. Daarby het dit God behaag dat hulle ook nog afsonderlike boeke geskryf het, elk met 'n eie literatuurtype, struktuur en tema (Coetzee e.a., 1980:27).

**2.1.1.1** In Skrifverklaring moet rekening gehou word met die verskillende maniere van openbaring, met elke Bybelboek se eie tema en die besondere struktuur waarin die tema ontvou word.

#### **2.1.2 Verskeidenheid in diens van meer volledigheid**

Met die gegewe verskeidenheid van boeke in die Bybel, gebeur dit dikwels dat daar oor een bepaalde saak in verskillende Bybelboeke deur verskillende skrywers verskillende uitsprake gegee word. Verskeidenheid van uitsprake moet beskou word as die wil van die Heilige Gees om aanvullend tot mekaar te dien, tot meer volledigheid vir die leser. So het God VIER



Evangelies deur vier verskillende skrywers laat skrywe - almal oor dieselfde geskiedenis, maar tog in pragtige aanvulling tot mekaar.

**2.1.2.1** Uitgaande van hierdie beskouing moet die eksegeet wat wil vasstel wat die Skrif oor 'n bepaalde saak sê, nie selektief met Skrifuitsprake te werk gaan nie, maar hy moet die saak besien in die lig van elke Skrifuitspraak wat met die saak verband hou. 'n Verklaring wat die "botsing" tussen skynbaar teenstrydige Skrifuitsprake uit die weg ruim, moet verkies word. Waar "botsings" nie uit die weg geruim kan word nie, diskrediteer dit nie een of meer dit nie een of meer Skrifuitspraak nie, maar onderstreep dit ons eie gebrek aan insig.

**2.1.2.2** Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Al die Skrifuitsprake wat op die plek van die vrou in die kerk betrekking het, moet op so 'n wyse verdiskonteer word dat hulle nie teenoor mekaar as botsende uitsprake te staan kom nie, maar langs mekaar as aanvullende uitsprake. Verder mag sommige tersaaklike uitsprake nie geïgnoreer word of gediskwalifiseer word sonder dat die Skrif self dit toelaat nie.

Van der Walt (1987:26) pas 1 Kor. 11:10 byvoorbeeld nie in by wat die Bybel elders oor die gesag van die man oor die vrou sê nie. Daarom is sy oplossing: "Hierdie Skrifgedeeltes is so moeilik om te verklaar dat dit alle kommentators laat kleitrap, sodat ons dit ook maar liever daar laat."

### **2.1.3 Duidelikwordende openbarings-historiese lyn**

Ook ten opsigte van die openbaringshistoriese situasie van elke Skrifwoord is daar 'n verskeidenheid in die Skrif. Dit het God behaag om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis algaande al duideliker te openbaar

**2.1.3.1.** Hierdie uitgangspunt verbied die eksegeet om bv. 'n teks in Genesis en 'n teks in Romeine sommer so gelykgeldend langs mekaar te stel (Coetzee e.a., 1980:28). Die latere woord in die Godsopenbaring oor dieselfde saak is altyd verklarend ten opsigte van die voorafgaande.

**2.1.3.2** Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Ook ten opsigte die plek van die vrou in die kerk word die Skrifopenbaring al duideliker ontplooi. Aan die begin het die kerklike instituut 'n "bou"-stadium deurgegaan.

Die huis was nie onmiddellik betrek nie. In die eerste hoofstukke van Handeling lees ons net van die amp van die apostel; later volg die diakenamp, en nog later lees ons van ouderlinge; eers in die pastorale briewe (Paulus se laaste briewe) word daar uitdruklik na die Woordbedienaar verwys (1 Tim 5:17: "die ouderlinge wat in woord en leer arbeid"). Terwyl die onderskeie dienste in die vroeë gemeentes besig was om te ontplooi, het die klem dikwels meer op die charisma geval as op die amp (Kok, 1915:38). Gevolglik is "nie-amptelik" arbeid verrig wat later in die Skrif aan bepaalde ampte verbind is. In die lig hiervan moet die eksegeet bv. versigtig wees om gevolgtrekkings te maak op grond van bv. Rom. 1:16 (die diakones Fébé) sonder die lig van latere Skrifuitsprake (bv. 1 Tim 2).

**2.1.3.3** Die volgende standpunt word egter afgewys: Dat die Bybel maar net 'n "greep" uit 'n "ontwikkelende" lyn van openbaring bied. Volgens hierdie standpunt toon die Bybel maar net hoedat die kerk op daardie stadium van ontwikkeling gedink en daar uitgesien het. Hierdie beskouing word afgewys omdat dit op die gedagte van 'n oop kanon berus en in stryd is met die leer van die volkomenheid van die Heilige Skrif (NGB art.7).

\* Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Gerling (s.j. :157) is van mening dat die uitsprake in 1 Kor. 11 en 1 Tim 2 nog in wording was. In die proses van ontstaan van die amp was dit dan nodig om, t.w.v. noodsaaklike aansluiting by sedes en gewoontes, die regte van vroue in sekere gemeentes in te perk. Hieruit volg dan dat die beperkings in later


(na-Bybelse) tye, toe die amp sy beslag gekry het, oorbodig geword het.

Hierteenoor handhaaf ons dat God alles wat Hy oor die ampte en oor die plek van die vrou in die kerk aan die mens wou openbaar, in DIE BYBEL aan ons geopenbaar het.

#### **2.1.4 Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament**

Die verhouding tussen die O.T. en N.T. is by die bepaling van die verhouding tussen die eenheid en die verskeidenheid van die Skrif van deurslaggewende belang. Die N.T. wil baie duidelik op die O.T. bou: Die gebeure wat die N.T. berig, is vervulling van die profesieë van die O.T. - sonder om 'n blote herhaling van die O.T. te wees (Coetzee e.a., 1980:28). Die O.T. wys vorentoe na wat in die N.T. vervulling kry; die N.T. op sy beurt het nie uit die lug geval nie maar is in die O.T. gewortel. Die O.T. en N.T. wys so na mekaar toe. Hulle het mekaar nodig (Coetzee e.a. 1980:28).

**2.1.4.1** Die eenheid van O.T. en N.T. lê veral daarin dat in beide dieselfde God, dieselfde Christus, die koms van die koninkryk, dieselfde heilsweg geopenbaar word. Die verskil is egter geleë in die wyse waarop hierdie God geopenbaar word en die perspektief. op die openbaring (Coetzee e.a., 1980: 28). Hiervan is die verskillende Ou- en Nuwe Testamentiese perspektiewe op "hierdie eeu" (= die na-sondevalse bedeling waarin ons leef) en "die nuwe eeu" (=die bedeling van heil wat aanbreek met die koms van die Messias) 'n sprekende voorbeeld (vgl. Coetzee e.a., 1980:34). Die Ou Testamentiese profete het die koms van die Messias so in vooruitsig gestel as dat dit "hierdie eeu" tot 'n abrupte einde sal bring en "die nuwe eeu" onmiddellik in volmaaktheid 'n aanvang sal laat neem. Deur die vollediger openbaring van God in Christus leer die N.T. dat die koms van die Messias 'n twee-fase koms is: Die (eerste) Koms wat in die evangelies beskrywe is, en die Wederkoms. Met die Koms van Christus het die "nuwe eeu" inderdaad begin, maar sonder dat "hierdie eeu" tot 'n einde gekom het. "Hierdie eeu" gaan voort tot by die Wederkoms, wanneer die "nuwe eeu" tot volmaaktheid sal kom. Daar is dus nie 'n abrupte oorgang van "hierdie eeu" na die "nuwe eeu" nie maar 'n tydperk van oorvleueling - dit is nl. die tyd tussen die Koms en die Wederkoms van Christus. Coetzee (1980:34 e.a.) stel die verloop van die bedelings soos volg skematies voor:




Ons as gelowiges is mense wat reeds tot die "nuwe eeu" behoort, maar nog nie ten volle nie, want ons leef steeds in "hierdie eeu".

**2.1.4.2** In die Skrifverklaring moet rekening gehou word met die "reeds"- en die "nog nie"-karakter van die dubbele era waarin ons tussen Koms en Wederkoms leef. Skrifuitsprake wat kennelik met die Nuwe Eeu na die Wederkoms verband nou, mag nie sonder meer op ons bestaan in hierdie bedeling oorgedra word nie. Daar bestaan kennelik 'n diskontinuiteit tussen hierdie era en die komende era ("nog nie"). Daar bestaan egter ook 'n kontinuïteit van die Nuwe Eeu tussen hierdie bedeling en die komende bedeling ("reeds"). Ook daarmee moet rekening gehou word.

**2.1.4.3** Toegepas op die plek van die vrou: Ten opsigte van die verhouding tussen die man en vrou is daar Skrifuitsprake wat met die "reeds" verband hou, en ander wat met die "nog nie" verband hou. Sulke Skrifuitsprake bots nie, maar beklemtoon juis die dubbele karakter van hierdie tussen-era. Uitspraak soos die in Gal 3:28 ("daar is nie meer man en vrou nie"), wat duidelik verband hou met die Nuwe Eeu ("in Christus"), geld nou reeds vir die gelowiges. Immers: In Christus vind die Nuwe Eeu van nou tot na die wederkoms kontinuïteit. Intussen hef die kontinuïteit nie die diskontinuïteit op nie: Die man-vrou-ordening in die huwelik wat vir "hierdie eeu" gegee is, bly steeds geld. Die diskontinuïteit tussen die twee bedelings met betrekking tot die man-vrou-verhouding word duidelik na vore gebring in die woorde van Jesus in Lukas 20:34-36:

"Die kinders van HIERDIE EEU trou en word in die huwelik uitgegee; maar die wat waardig geag word om DAARDIE EEU en die opstanding uit die dode te verkry, trou nie en word nie in die huwelik uitgegee nie."

Die huwelik geld vir hierdie bedeling, maar nie meer vir die Nuwe Eeu nie. Die verhouding van man en vrou kan soos volg in die bostaande skema ingepas word:



## **2.2 Die tydgerigtheid van die Skrif**

In sy Woord spreek God die MENS aan. Eventueel is dit 'n spreke tot die mens van alle tye (vgl. punt 3 hieronder), maar tog het God die boeke van die Bybel nie tydloos in 'n vakuum laat ontstaan nie: Die Geesgeïnspireerde skrywers het in die tyd, in die geskiedenis geleef en geskrywe; God het hulle met die oog op spesifieke mense laat skrywe - mense van daardie tyd, wat soos alle mense betrokke was by die plek, omstandighede, kultuur en samelewing geplaas. Gevolglik hou ook elke Godswoord verband met die bepaalde tyd- en kultuursituasie van die mense aan wie dit destyds gerig was. Daarom moet erkenning verleen word aan die tydgerigtheid van die Bybel. L.W.: Die skrif is tydgerig, nooit tydgebonde nie (vgl. 3.2 hieronder)

### **2.2.1 Erkenning van die tydgerigtheid van die Skrifverklaring**

Die eksegeet het vanweë die tydgerigtheid van die Bybel 'n boek voor hom wat geskryf is in

'n ander taal as ons eie, 'n ander segswyse, idioom en gedagtepatrone; dikwels spreek dit van ander gewoontes en lewenstyle as ons eie. By die verklaring van 'n bepaalde Skrifgedeelte mag die verbinding met die tyd waarin die Godswoord gespreek of geskryf is, nie buite rekening gelaat word nie. Die eksegeet moet daarna streef om die verband met die tyd te identifiseer, die Skrifwoord versigtig uit daardie verband los te maak en dit in verband met ons eie tyd te bring (Coetzee, e.a., 1980: 26) . Om 'n Skrifwoord uit sy tydverband "los te maak" is weliswaar 'n taak om met groot versigtigheid aan te pak. Indien die tydgerigtheid van die Skrif enigsins ongebalanseerd gehanteer word, eindig die eksegeet by die histories-kritiese beskouing van "vorm" en "inhoud".

### **2.2.2 Afgewys: Die histories-kritiese benadering van vorm en inhoud**

Volgens die histories-kritiese benadering is die Woord van God so toegespits op die destydse situasie dat die situasie die Woord van God bepaal het. So 'n "tyd-verpakking" van die Woord van God maak dit moeilik om 'n beroep op die Skrif te doen: Wat is vorm, en wat is wesentlike blywende "inhoud"? (vgl. Den Boer, 1985:31). Moet die eksegeet self deur blote eie insig besluit wat "blywend" is en wat nie?

#### **2.2.2.1 Toegepas op die plek van die vrou in die kerk:**

Wijngaards (aangehaal deur Den Boer, 1985:-31) voer aan dat Jesus net manlike apostels aangewys het in weerwil van die feit dat Hy daardeur teen die vrou gediskrimineer het. Jesus wou egter nie as rewolusionêr optree nie, sê Wijngaards. By die aanwysing van apostels het Jesus dus nie uit persoonlike beslissing opgetree nie, maar is sy optrede bepaal deur die sosiale konteks waarbinne hy opgetree het.

Gerlings (s.j. :28) reken dat Jesus om praktiese redes nie vroue uitgestuur het nie: Die lae sosiale aansien van die vrou destyds sou die verkondiging van die evangelie belemmer.

Hierdie verklaring mag egter nie nagevolg word nie: God het Homself aan ons geopenbaar as die God by wie daar geen kompromie met die kwaad is nie. Hy besit die onveranderlike absolute alleenreg om te bepaal wat goed en wat kwaad is, sonder dat die mens Hom daarin beïnvloed. Dit is goed en wel om die kulturele konteks van sake in te sien, maar dit mag nie daartoe oorgaan dat ons met Gods Woord (= openbaring van sy wese en wil) gaan torring om dit as kulturele verpakking te beskou nie (Den Boer, 1985:34-35).

### **2.2.3 Tydgerigtheid en die reël van *Sacra scriptura sui ipsius interpres***

In teenstelling met die histories-kritiese benadering word die kwessie van die tydgerigtheid van die Skrif in die gereformeerde hermeneutiek hanteer langs die weg van die verklaringsbeginsel van "*Sacra scriptura sui ipsius interpres*" (die Skrif is sy eie verklaarder, vgl. 1.2.1 en 1.3.1.1 hierbo). Volgens hierdie verklaringsprinsipe moet die eksegeet Hom deur die Woord self laat lei om te hoor wat die Heilige Gees as blywend bedoel het, en wat nie. Die eksegeet mag dus nie op eie aanvoeling af of op grond van buite-Bybelse getuienis besluit of 'n Skrifwoord net op daardie tyd en situasie betrekking het nie. Die vraag wat hy moet beantwoord, is: In hoeverre laat die Bybel self my toe om die Skrifwoord te verklaar as dat dit bloot op die destydse situasie betrekking gehad het?

- In die meeste Skrifgedeeltes is dit betreklik maklik om uit te maak of die Skrifwoord vir alle gelowiges bindend is of nie. In Gen. 22:2, byvoorbeeld, beveel God Abraham om sy seun Isak as brandoffer te gaan offer. Uit die res van die Bybel is dit egter duidelik dat hierdie opdrag tot Abraham beperk was: God verwag van geen ander gelowige om sy seun op Moria te gaan offer nie. Dit was kennelik 'n situasiegerigte

opdrag. Dieselfde geld vir baie ander opdragte van die Here soos aan Paulus na sy bekering om na Damaskus te gaan (Hand 9:6), en later om die woord nie in Asië te verkondig nie (Hand 16:6).

- Sommige opdragte was vir 'n tyd lank bindend vir die gelowiges, maar word later in die Skrif weer opgehef, bv. die seremoniële wette wat vir die gelowiges van die O.T. bindend was, maar in Christus vervul is en daarom vir die gelowiges van N.T. opgehef is (bv. Kol 2:16-17). In sulke gevalle moet rekening gehou word met die feit dat die latere Skrifwoord altyd deurslaggewend is ten opsigte van die voorafgaande (vgl. 2.1.3 hierbo).
- In die geval van Skrifuitsprake waarby daar enige twyfel bestaan oor die "tydelikheid" daarvan al dan nie, moet dit as blywend beskou word totdat die teendeel UIT DIE SKRIF aangedui word.

**2.2.3.1** Toegepas op die plek van die vrou in die erediens: Wanneer die apostel Paulus in die eerste brief aan die Korinthiërs oor die verhouding man-vrou skrywe (1 Kor. 11), het hy die bepaalde gemeente van Korinthe voor oë gehad (Coetzee e.a., 1980:26). Onder die vroue aldaar was daar 'n valse vryheidsdrang wat onder andere tot uiting gekom het in die optrede van vrouens om met 'n onbedekte hoof te bid en te profeteer (v.5). Paulus se opdrag aan die vroue is dan om nie met onbedekte hoof op te tree nie maar om "'n aanduiding van gesag op die hoof te hê" (v.10). In hoeverre is Paulus se opdrag bindend vir die vrou in die erediens vandag? Indien ons die Skrif self laat spreek, blyk die volgende:

- 'n Saak wat bindend is vir die hedendaagse vrou, is dat sy die hoofskap (=leiding) van haar man oor haar moet erken. God bedoel dit as 'n blywende opdrag, want Hy laat Paulus as rede vir die hoofskap van die man twee sake aangee wat bo tyd en situasie uitstyg: Die eerste is die feit dat die man se hoofskap die hoofskap van God voor Christus weerspieël (v.3), en die tweede rede, is die skeppingsorde (v. 8,9). Daarom sê Paulus dat die vrou in die erediens "'n aanduiding van gesag" moet gee.
- Die vorm van aanduiding van gesag wat Paulus voorskryf, nl. 'n hoofbedekking, is egter nie bindend nie. Dit kan beweer word op grond van toelating van die Skrif self: Anders as die redes vir gesagserkenning, laat God Paulus as rede vir die hoofbedekking (en lang hare) aanvoer: "Die algemene opvatting" (v.14) waarvolgens 'n onbedekte hoof en kort hare vir 'n vrou "lelik" is (v.6, 14,15). Die Skrif self gee ons dus grond onder die voete om die hoofbedekking as opdrag te beskou wat net op die destydse situasie betrekking het. Dieselfde geld egter nie vir die erkenning van die gesag van die man nie. Geen Skrifgronde kan gevind word om dit as bloot situasiegerigte opdrag te beskou nie. Trouens, die Skrif bevestig die opdrag by herhaling (bv. 1 Kor. 14:34; Ef. 5:22; 1 Tim 2:11; 1 Pet 3:1).

#### **2.2.4 Afgewys: Fundamentalisties Skrifgebruik**

Op fundamentalistiese wyse word die Skrif soms hanteer asof dit 'n boek van botydlike uitsprake is wat altyd en oral net so geld soos dit daar staan. God se voorskrif in 'n destydse konkrete situasie word dan eenvoudig en direk net so uit die Skrif op 'n konkrete probleem van vandag oorgedra (Coetzee e.a., 1980:24) en dan word daar kategorieë verklaar: "Dit staan so in die Bybel geskryf en daarom is dit so." Hierdie standpunt vloei voort uit 'n skeefgetrokke handhawing van die onfeilbaarheid van die Skrif en kom gewoonlik uit by wettisisme (Den Boer, 1985:30).

**2.2.4.1** Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Op fundamentalistiese wyse sou gesê kon word: Vroue mag nie in die kerk gehoor word nie, want daar staan mos in 1 Kor. 14:34:

"Julle vroue moet in die gemeentes swyg." Die probleem met hierdie toepassing is dat die tydgerigte karakter van 1 Kor. 11 buite rekening gelaat word, en dat die ware bedoeling van die opdrag daarom nie raakgesien word nie.

### **2.3 Die deursigtigheid van die Skrif**

**2.3.1** Omdat God sy Woord vir MENSE laat skryf het, is die Bybel bedoel om vir mense VERSTAANBAAR te wees. Niemand skryf tog om NIE verstaan te word nie! Allermens sou die Bybelskrywers, wat juis, gedrewe, 'n Goddelike boodskap wou oordra, onverstaanbaar wou skryf. Nog veel minder die eintlike Outeur, die Heilige Gees! God het die Bybel dus aan die mens as 'n deursigtige Boek gegee: Elkeen wat biddend daarna verlang om die Bybelse boodskap te verstaan, kan dit begryp (Coetzee e.a., 1980:23). Ook by die eksegeese van "moeilike Skrifgedeeltes" geld dus die beginsel van die deursigtigheid van die Skrif.

Dit wil egter nie sê dat alles in die Bybel met die eerste oogopslag eenvoudig en deursigtig is nie (vgl. 2 Pet 3:16). Dit is egter nie so omdat die Bybel plek-plek onverstaanbaar is nie, maar vanweë die verduistering van die mens se verstand (vgl. art.33 van die NGB) vind ons dit soms moeilik om te verstaan (Hebr. 5:11; vgl. Van den Berg, 1982:7). Vir die moderne leser is daar 'n verdere verstaanprobleem wat voortspruit uit die feit van die tydgerigtheid van die Skrifte (vgl. 2.2 hierbo). Omdat God sy Woord deursigtig en verstaanbaar vir die eerste ontvangers wou deurgee, het Hy dit in die taalkundige en kulturele idioom van die mense van daardie tyd laat skryf - totaal anders as ons eie 20ste-eeuse taalkundige en kulturele idioom. Daarom ondervind ons dikwels verstaanprobleem van die Skrif.

**2.3.2** Om die verstaanprobleem te oorkom, is Skrifuitleg vir die mens nodig - wetenskaplik, kontroleerbaar en steeds biddend. Op die gelowige se gebed neem die Heilige Gees die versperrings weg en maak die Bybel vir elkeen wat wil sien en hoor, duidelik. Vandaar die beskouing dat die Heilige Gees en die eintlike Verklaarder van die Skrif is (vgl. 1.2.1 hierbo). Daarom moet die gelowige eksegeet die Heilige Gees om insig bid, en dan Skrif-met-Skrif vergelyk en al die ander noodsaaklike eksegetiese arbeid doen, waarlangs die Heilige Gees ons na duideliker verstaan bring. Die taak van die hermeneutiek, eksegeese en hermeneuse is immers nie om die Bybel verstaanbaar te MAAK nie. Die Bybel is tog verstaanbaar. Die hermeneutiek, eksegeese en hermeneuse is slegs en mag slegs 'n dienswillige diensmaagd wees wat probeer om moontlike misverstande en verstaanprobleme by die gelowiges uit die weg te ruim (Coetzee e.a., 1980:24).

## **3. DIE EWIGE EN ALTYD-GELDENDE WOORD VAN GOD**

### **3.1 Die Bybel geld vir alle mense van alle tye**

Al is die Bybel ten opsigte van taal, idioom, kultuur, ens. op die tyd van die eerste ontvangers van die Skrifte gerig, het God die Bybel gegee as sy openbaring aan alle mense van alle tye. Ons bely in artikel 3 van die NGB dat God "deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid" sy Woord op Skrif laat stel het. Wat Hy in die Bybel oor Homself en sy wil aan die eerste ontvangers openbaar het, openbaar Hy deur dieselfde onveranderlike Bybel ook aan ons. Die Bybel is dus die ewige altyd-geldende Woord van God.

#### **3.1.1 Afgewys: Dat die Skrif tydgebonde is**

Ons erken wel dat die Bybel tydgerig is (vgl. 2.2 hierbo), maar NIE dat dit TYDGEBONDE is nie. Ons wys die beskouing van die Bybel as tydgebonde boek baie sterk af. Wie sê dat die Bybel tydgebonde is, sê daarmee dat die Bybel in sy ontstaanstyd vasgevang is: God het daarin met die mense van daardie tyd gepraat, maar tussen hulle situasie van destyds en die

situasie van die 20ste eeu is daar so 'n groot gaping dat die destydse woord kwalik tot die moderne mens kan spreek. Ja, selfs die Bybel kan die tydsgaping nie oorbrug nie! Daarom word die Bybel bestempel as 'n "ou boek" in 'n "nuwe wêreld", wat in die moderne wêreld ontuis is en waarop moderne mense tevergeefs 'n beroep doen (vgl. Vorster, 1977). Hierteenoor stel ons die Skriftuurlike uitgangspunt dat die Skrif nooit tydgebonde is nie maar wel tydgerig (Coetzee e.a., 1980:224).

### **3.1.1.2 Toegepas op die plek van die vrou in die kerk:**

Huls (1951:32) sê dat Paulus kind van sy tyd was wat "niet dweept met tijdloze cultuuridealene maar tracht om het Evangelie in zijn wêreld vorm te geven. Vandaar dat we vertellingen en woorden bij hem ontdekken, die we niet anders dan als tijdgebonden kunnen verklaren." Ook die Feministiese teologie steun baie sterk op die gedagte van die Bybel as tydgebonde boek." Den Boer (1985:33w.) verwys na C. Halkes ("Met Mirjam is het begonnen; opstandige vrouwen op zoek naar hun geloof", 1980, Kampen) wat die Bybel 'n patriargale, androsentriese boek noem, "neerslag van een patriarchale kultuur, van nomaden, van een onderdrukt volk dat zich bevrijdt en vechtend en strijdend zich elders vestigt en dan zijn bevrijdingsgeschiedenis ervaart als door God veroorzaakt, beloofd en begeleid en beleefd als heilsgeschiedenis" (p.48). Halkes hou selfs die moontlikheid oop dat die Bybel vir moderne vroue herskryf kan word (p.52). Ooglopend is die Bybel vir Halkes weinig meer as 'n interessante boek uit die geskiedenis, 'n boek wat selfs met verontwaardiging gelees kan word, verre daarvandaan om normatief te wees vir die moderne vrou se posisie in die kerk. Vir die geloofstandpunt dat die Bybel Woord van God is, onfeilbaar, ewig, altyd-geldend, is daar in hierdie beskouing geen ruimte nie.

## **3.2 Die plek van die Belydenisskrifte by die eksegeese**

**3.2.1** Aangesien die Bybel as ewige altyd-geldende Woord van God aan alle mense gerig is, beteken dit dat God in die Bybel ook spesifiek tot ons as lidmate van die Gereformeerde Kerke spreek. Ons as lidmate van die Gereformeerde Kerke beskou die Drie Formuliere van Eenheid as bindend. Ons moet by onself dus die vraag beantwoord: Watter plek mag en moet ons belydenisskrifte in die eksegeese en hermeneuse inneem? Twee eensydighede moet vermy word:

**3.2.1.1** Eerstens is dit eensydig om die Belydenisskrifte die finale maatstaf vir die eksegeet/hermeneut te maak. Dan word die belydenis 'n keurslyf waarbinne die eksegeet by voorbaat en by nabaat sy eksegeese moet en mag doen. Op hierdie manier word egte en eerlike eksegeese en hermeneuse van die Skrif, wat tog ons enigste Maatstaf is, onmoontlik gemaak (Coetzee e.a., 1980:30).

**3.2.1.2** 'n Tweede eensydigheid is om die belydenisskrifte as nie ter sake by die eksegeese nie opsy te skuif onder die voorwendsel dat die eksegeet volkome vry en uitgangspuntloos sy eksegeese moet kan verrig. Hierdie benadering is alreeds onwettig, omdat uitgangspuntlose eksegeese volkome onmoontlik is. Dit is ook hoogs aanmatigend as sou die eksegeet van vandag die eerste ware eksegeet wees wat die Skrif kan verstaan, terwyl alle vorige eksegeese waardeloos sou wees. Uiteindelik is dit 'n miskenning van die leiding van die Gees aan die kerk deur die eeue (Coetzee e.a., 1980:31).

**3.2.2** Wat is dan die plek van die Belydenisskrifte by die eksegeese en hermeneuse? (Coetzee e.a., 1980:31) formuleer dit so: Die Belydenisskrifte is die Gereformeerde eksegeet se vertrekpunt en begeleier in die hele proses van sy eksegeese en hermeneuse:

- Die eksegeet moet nie net met die Belydenis "rekening hou" nie

- Die eksegeet mag nie net die belydenis as 'n "finale kontrole" aan die einde van sy eksegeses gebruik nie.
- Allermens mag die eksegeet die Belydenis opsyskuif en verontagsaam as hy eksegetiseer.
- Andersyds mag die eksegeet nie die Belydenis tot die bindende boeie vir sy eksegeses verhef nie.

Maar die Gereformeerde eksegeet moet erken:

- dat hy nie die eerste is wat, deur die Gees gelei, die Skrif eksegetiseer nie;
- dat die Belydenis die neerslag is van die konsensus van Gereformeerde eksegete en gelowiges deur die eeue; en dat dit 'n getoetste konsensus van eeue is en die gemeenakkoord van die kerk; en
- dat die Heilige Gees die kerk deur baie eeue heen hierin verlig het.

Die Belydenisskrifte is die duidelike raamwerk waarbinne geëksegetiseer word totdat die teendeel sou blyk - uit die Skrif. Die Skrif is en bly die enigste finale maatstaf en rigshoek.

### **3.3 Die skopus (gerigtheid) van die Skrif**

God doen niks doelloos nie. Wanneer Hy dan in en deur die Bybel tot mense van alle eeue spreek, het Hy daarmee 'n bepaalde doel voor oë. Dit noem ons die skopus of die gerigtheid van die Skrif. Ons bely dat die doel van God se Skrifopenbaring die volgende is (Coetzee, e.a., 1980: -33):

- God openbaar Hom aan ons sodat ons Hom sal verheerlik (vgl. NGB art.2).
- God maak in die Skrif sy wil aan ons bekend as reël vir ons lewe op aarde, sodat ons Hom reg kan dien (vgl. NGB art. 5).
- God wil vir ons in die Skrif die weg tot die ewige lewe bekend maak (vgl. NGB art. 2 en art. 7).

Binne hierdie breë raamwerk van die Skrif spreek God tot die mense van alle plekke en tye - sy ewige, nimmer-veranderende, altyd-geldende Woord.

**3.3.1 Die skopus van die perikoop:** Binne die breë raamwerk van die skopus van die Skrif, het elke perikoop sy eie skopus, oftewel gerigtheid. Die skopus van die perikoop bestaan in die besondere saak wat God in die bepaalde perikoop aan die mens wil openbaar. Die eksegeet stel die skopus van die perikoop vas deur waarneming van die gedagtestruktuur van die bepaalde perikoop en van die breër konteks. Wanneer die skopus van die perikoop vasgestel is, is dit moontlik om in die perikoop te onderskei tussen sake wat sentraal staan en sake wat op die periferie geleë is.

#### **3.3.1.1 Sentrum en periferie**

Sake wat deur die skrywer op die periferie gestel is, mag nie deur die eksegeet in die sentrum gestel word nie, en andersom.

- \* Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Gal 3:28 ("daar is nie meer man en vrou nie ...") word dikwels as "bewyse" aangevoer dat man en vrou sonder onderskeid in die ampte mag dien. Die verhouding tussen man en vrou in die kerk staan egter op die periferie van hierdie Skrifgedeelte. Die saak wat in die sentrum van Galasiërs 3 staan is: Regverdiging deur die geloof alleen.. God maak regverdig deur die geloof in Christus -



sonder om ag te slaan op die werke van die wet of op enige iets anders, soos (3:28) volksverband, sosiale staat en geslag (man of vrou). Die eksegeet mag 'n teks immers nie buite sy Skrifverband as "bewysvoering" vir 'n ander saak gebruik nie. Desgelyks mag die "swyggebod" van 1 Kor. 14:34 en 1 Tim 2:12 nie sonder meer so verklaar word dat dit verbied dat die vrou in die amp mag dien nie, aangesien nie een van die twee Skrifgedeeltes dit het oor wie in die amp mag dien en wie nie.

### 3.3.1.2 Die deskriptiewe en preskriptiewe

By die onderskeiding tussen sentrum en periferie moet egter daarmee rekening gehou word dat sake wat in die sentrum (of periferie) van die perikoop geleë is soms deskriptief van aard is, en soms preskriptief. 'n Perikoop sou byvoorbeeld daarop gerig kon wees om 'n bepaalde gebeurtenis of verskynsel bloot deskriptief aan ons mee te deel, sonder om die gebeurtenis of verskynsel preskriptief as norm aan ons voor te hou.

- \* Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: In Rom. 16 skryf Paulus aanbevelings oor en groete aan medegelowiges wat hom getrou in sy werk as apostel bygestaan het. Onder hulle noem hy Febe, die "diakonos" van die gemeente in Kenchreë. Die hoedanigheid waarin Febe diensbaar was, was dus nie vir Paulus 'n terloopse saak nie. Dit staan vir hom in Rom. 16 sentraal - maar op deskriptiewe vlak. Deskriptief besien, is Febe se "diakonos"-skap vir ons 'n belangrik, sonder dat dit preskriptief is. Anders gestel: Indien Febe wel amptelike diaken was (die saak word hieronder beredeneer), leer Rom. 16:1 ons slegs dat 'n vrou (Febe) in daardie tyd 'n diaken was. Hierdie vermelding geld egter nie vir ons as voorskrif in die sin dat daar ook in ons tyd vroulike diakens MOET wees nie. Ons sou hoogstens daaruit kon aflei dat (onder bepaalde omstandighede) vroue diakens kan wees.

## **BRONNELYS**

BAARDA, Tj., e.a. 1980. God met ons; over de aard van het Schriftgezag. Rapport van de Algemene Sinode van die GKN.

COETZEE, J.C., B.J. DE KLERK, L. FLOOR. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. Koers 1:18-36.

DEN BOER, C. 1985. Man en vrou in Bijbelse perspektief; en Bijbels-Teologiese verkenning van die man-vrou verhouding met het oog op de gemeente. Kampen: Kok.

DE VRIES, J.P. 1986. Welke plaats komt vandaag toe aan de vrouw in de kerk? Variant, 6 Des. :5.

GERLINGS, C. s.j. De vrouw in het oud-Christelike gemeentelven.

HALKES, C. 1980. Met Mirjam is het begonnen; opstandige vrouwen op zoek naar hun geloof. Kok: Kampen.

HASEL, G. 1978. New Testament Theology; basic issues in the current debate. Grand Rapids: Eerdmans.

HULS, G. 1951. De dienst der vrouw in de kerk. Wageningen: Veenman.

KOK, A.D.C. 1915. De Dienst der vrouw in de kerk. Wageningen: Veenman.

TETLOW, Elizabeth. 1980. Women and ministry in the New Testament. New York: Ramsey.

VAN DEN BERG, P.J. 1982. Ongepubliseerde skripsie vir Th.B. IV. Potchefstroom: Teologiese Skool.

VAN DER WALT, B.J. 1987. Bybelse verrassings oor die vrou. Potchefstroom: IBC.

VISSER, J. 1976. Die posisie van die vrou in die kerk. Woord en Daad, Febr.:9-10.

VORSTER, W.C. 1977. 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld; gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament. Pretoria: U.P.

WIJNGAARDS, J.N.M. 1979. Vrouwen geen priester? Hammerlijnck: Boxtel.

# **HOOFSTUK II : STUDIE VAN TERSAAKLIKE SKRIFGEDEELTES IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT**

## **INLEIDING:**

Daar is nie 'n teks in die Bybel waarin spesifiek gesê word of vroue in die besondere ampte mag dien of nie, en nêrens is daar 'n Skrifuitspraak oor wie in die kerk "stemreg" het en wie nie. Wie dan 'n Bybelgefundeerde standpunt oor hierdie sake en oor die algemene plek van die vrou in die kerk wil formuleer, is daarop aangewese om uit ander Skrifuitsprake afleidings te maak. Daar is naamlik Skrifuitsprake wat die verhouding tussen *man en vrou op orde stel, ook tekste waarin bepaalde toegewings* of beperkings ten opsigte van die vrou gemaak word, en ander algemene vermeldings van optrede van die vrou in kerk en samelewing. Uit die eksegetiese van sulke Skrifgedeeltes (volgens die hermeneutiese uitgangspunte wat hierbo uiteengesit is) mag wettige afleidings ('n hermeneuse) gemaak word ten opsigte van die plek van die vrou in die kerk. Hieronder volg die neerslag van sodanige eksegetiese en hermeneuse.

## **2. DIE PLEK VAN DIE VROU BY DIE SKEPPING**

### **2.1 Man en vrou is albei na die beeld van God geskape**

Gen. 1:27: "God het die mens geskape na sy beeld ... man en vrou het Hy hulle geskape."

Gen. 1:27 laat geen twyfel daaroor nie dat man en vrou albei 'n beeld van God is (Coetzee, in Koers 1975:82). God het die een nie minderwaardig teenoor die ander geskape nie. In die kerk mag die vrou dus nie 'n minderwaardige plek inneem nie.

Beide man en vrou word geskep na die beeld van God (Gen. 1:27). Hierdie beeld van God is veral geleë in die heerskappy wat die mens oor die skepping voer, (in ware regverdigheid en heiligheid), <sup>1</sup> kragtens die opdrag van God. In hierdie sin is beide man en vrou beeld van God. Beide ontvang die opdrag om die aarde te bewerk, <sup>2</sup> bewoon en bewaak.

### **2.2 God het man vrou in 'n baie nou verwantskap geskape**

**2.2.1** Gen. 1:27: "... man en vrou het Hy hulle geskape." Hierdie sinsnede kan ook vertaal word: "manlik en vroulik het Hy hulle geskape."

Dit beteken dat mens-wees ( $\text{אָדָם}$ )<sup>3</sup> deur God in twee vorme geskep word nl. manlik en

Dit toon die onderlinge betrokkenheid en eenheid van man en vrou duidelik aan. "Men kan niet spreken over twee menselijke wezens, mannen en vrouwen. Het is één menselijke wezen, ontvouwd in de twee-eenheid, van man en vrouw." (C. den Boer, 1985, p.38).

**2.2.2** Gen. 2:21, 22 "Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas

<sup>1</sup> Vgl den Boer, C. 1985. Man en vrouw in bybel's perspectief J.H. Kok, Kampen.p.39

<sup>2</sup> Vgl ook Acts of Synod 1984 Christian Reformed Church. Grand Rapids, Michigan, USA

<sup>3</sup> in Gen. 1:26 het 'n kollektiewe betekenis. Vgl. Gesenius, W. 1915. Hebräisches und aramäisches Handwörterbuch über das A.T. Leipzig Baumgartner, W. 1953. Lexicon in veteris Testamenti Libros Leiden.

geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe."

**2.2.2.1** Opmerklik is die woorde "... bou Hy om ...". Daar word nie gesê dat God die rib tot 'n vrou vorm nie. Ook nie dat Hy die vrou daaruit skep nie. Hy bou dit om tot 'n vrou. 'n Mens sou kon sê dat God die rib van die mens uitbou tot 'n vrou (vgl. Oosterhoff, 1972, p. 158) soos 'n nuwe gebou, maar tog ook weer dieselfde gebou.

'n Gebou uitbou is iets anders as om die ou gebou af te breek en in die plek daarvan 'n hele nuwe gebou te maak.

**2.2.2.2** Die vrou is 'n rib van die man. Die Hebreeuse woord wat met rib vertaal word, beteken eintlik "kante" of "sy". Daar is sprake van die kante van die ark (Ex 25:12,14) en van die altaar (Ex 27:7) en van die tabernakel (Ex -26:20). Die woord kom in die betekenis van "rib" nêrens elders in die O.T. voor nie. In die lig hiervan kan 'n mens sê: hoewel die vrou onderskei is van die man, is sy eintlik die man self, sy ander ek. In sy vrou mag die man iets van homself ontmoet.

### **2.3 Albei ontvang die regeeropdrag van God**

Gen. 1:28: God het vir die mens gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit ..."

Hierdie opdrag is nie net aan die man of net aan die vrou gegee nie. Onteenseglik is dit 'n opdrag wat man en vrou saam moet uitvoer: Die een kan nie sonder die ander vermeerder nie; ook het hulle mekaar nodig om te kan regeer. Hieruit volg dat beide man en vrou die regeeropdrag van God ontvang het. In lyn met 2.2 hierbo mag die opdrag egter nie verindividualiseer word nie. God het die opdrag juis aan man-en-vrou gegee (Coetzee, in Koers 1975:82).

### **2.4 Tog is daar onderskeid tussen man en vrou**

Hoewel God man en vrou in 'n baie nou verwantskap tot mekaar stel, en hulle ook in hulle gesamentlike regeeropdrag aan mekaar verbind, het Hy man en vrou tog verskillend gemaak - hulle is nie 'n blote duplisering van mekaar nie, en ook nie in stryd met mekaar nie, maar komplementêrend tot mekaar.

#### **2.4.1 Sy hulp wat by hom pas/gelyke**

**2.4.1.1** Gen. 2:18: God maak die vrou vir die man as " 'n hulp wat by hom pas." Sy is "ezer kenegdo" vir die man: 'n hulp wat die man selfstandig bystaan, soos ("ke-") 'n "eged" van hom, d.i. sy ander helfte - sy wederhelfte wat hom aanvul. Ook in hulle gesamentlike regeeropdrag vul die vrou die man aan. Albei regeer saam, maar elkeen in 'n eie hoedanigheid: Die man lei en die vrou staan hom by as hulp wat by hom pas. In hulle gesamentlike opdrag het elk 'n besondere plek wat nie deur die ander ingeneem kan word nie. Soos in sovele ander sake is hier ook sprake van verskeidenheid in die eenheid.

**2.4.1.2** Gen. 2:18 "Verder het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." Hierdie woorde is belangrik omdat dit die verhouding tussen man en vrou volgens die orde van God aandui.

Die Hebreeuse עֵזֶר כְּנֶגְדּוֹ word in die 1953 vertaling weergegee as " 'n hulp wat by hom

Die woord "hulp" dui nie 'n minderwaardige of ondergeskikte posisie aan nie. Die Hebreeuse woord "hulp" beteken dikwels helper, vgl. bv. Deut. 33:26; Eseg. 12:14; Hos. 13:9 (Van Selms, 1967, p. 51).

Van die ongeveer twintig keer wat die woord helper in die O.T. voorkom, word in verreweg die meeste gevalle (vyftien) God die helper van sy kinders in nood genoem.

Volgens den Boer (1985, p. 40) word met ētser k<sup>e</sup>negdō die "hulpbehoewenheid" van die man uitgespreek. "Zij is veeleer - en dat is met de woorden "hulpe tegenover hem" vooral tot uitdrukking gebracht - de gelijkwaardige bijstand van de man, zijn tegenover, zijn ooreenkomst en verantwoording" (den Boer) 1985, p.41). (Kursivering van my - A N H) .

Ook Eichrodt en von Rad gee die woord ētser k<sup>e</sup>negdō weer as "gelykwaardige bystand."

Phyllis Bird (1974, p.73) verklaar in die verband: "She (Eve) is emphatically not his servant. "Helper" (ezer) carries no status connotations, while the Hebrew expression translated "fit for" means basically "opposite" or "corresponding to."

Die verwante oegaritiese woord g<sup>z</sup>r beteken "a free masculine person who has reached manhood and is entitled to military service" vgl. Ps. 89:20 (Van Selms, 1967. p.51 f.

In teenstelling met bogenoemde gedagterigting word in die rapport van die kommissie oor hoofskap in die Bybel van die Christian Reformed Church <sup>4</sup> die volgende argument geopper: ētser k<sup>e</sup>negdō kan vertaal word met "fitting help".

Alhoewel God in die O.T. die mens sê hulp genoem word, staan dit nêrens dat God as die mens se "fitting help" geskep is nie. Inteendeel, die mens is juis vir God en deur God geskep.

In verband met hierdie argument die volgende:

Eerstens: Dit is opmerklik dat die betekenis van 'ētser k<sup>e</sup>negdō as gelykwaardige bystand" nêrens in hierdie rapport in die verklaring van Gen. 2:18 funksioneer nie. Die rapport bevat ook nie argumente om die spesifieke betekenis te weerlê nie.

Tweedens: Dat God in die O.T. die mens se hulp ('etser) genoem word en nie die mens se hulp wat by hom pas ('ētser k<sup>e</sup>negdō) nie, is korrek. Dit bewys egter nog geen ondergeskiktheid van die vrou aan die man nie.

Dit weerlê ook nie die argument dat die vrou helper ('etser) van die man is in dieselfde sin wat God helper ('etser) van die mens is nie. "Die verband lê nadruk op die feit dat die vrou, in onderskeiding van die diere, 'n mens is soos die man. Dat sy terselfdertyd by hom pas is wel belangrik, maar in die konteks sekondêr." (Verhoef, P A Ongepubliseerd).

'n Verdere saak van belang is die vraag: Waarin bestaan die hulp van die vrou aan die man? Die tradisionele opvatting is dat die hulp uitsluitlik in geslagsgemeenskap bestaan (bv. Augustinus). Tereg beweer C. Westermann <sup>5</sup> "Mit der Hilfe, die ihm entspricht" ist weder das Geschlechtswesen Frau noch die Frau als Arbeitskraft zur Hilfe beim Ackerbau gemeint, jede solche Eingrenzung verdirbt den Sinn dieser Stelle. Es ist personale Gemeinschaft von Mann und Frau in umfassendem Sinne gemeint." Mens sou dus kon sê dat die vrou se hulp dáárin bestaan dat sy die man liggaamlik, geestelik, emosioneel, kortom, in alle opsigte, moet bystaan en steun.

Ook hierin is daar niks van ondergeskiktheid of minderwaardigheid af te lei nie.

<sup>4</sup> Vgl Acts of Synod, 1984. Christian Reformed Church Grand Rapids, Michigan, USA p.2

<sup>5</sup> Westermann, C. 1967 Blisher Kommentar Altes Testament. Genesis. Neukirchen -V L U Y N.

## 2.4.2 Naamgewing deur die man aan die vrou.

**2.4.2.1** Hierby sluit aan die naam wat die man aan die vrou gee: "Isjah" (Gen. 2:23). Die naam wys op die eenheid ("isj-") maar ook op die besondere andersheid ("-ah"). Dit is opvallend dat dit die man is wat die vrou haar naam ("Isjah") gee. Naamgewing was 'n handeling wat tekenend was van die regeeropdrag Van die mens (vgl. Gen. 2:19,20, verklaring van Gispén). Uit die staanspoor neem die man dus die leiding in die regeertaak wat God hom en die vrou opgelê het.

**2.4.2.2** Gen. 2:23: "Toe sê die mens: Hierdie keer is dat een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem (1983 -vertaling). "Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem" (1953-vertaling).

Elders in die O.T. kom die uitdrukking "my been en my vlees" ook voor. "Laban sê dit aan Jacob wanneer hy ontdek dat dit 'n bloedverwant van hom is: "jy is my been en my vlees" (Gen. 29:14).

Gideon se seun Abiméleg sê dit aan die burgers van Sigem aan wie hy verwant is: "Ek dink daaraan dat ek julle gebeente en julle vlees is" (Rigt. 9:2)

Die stamme van Israel voel hulle aan Dawid verwant "... u been en u vlees is ons" (2 Sam 5:1).

Die uitdrukking in Gen. 2:23 wys dus op 'n baie nou verwantskap tussen man en vrou. Die verwantskap druk die man ook uit in die naam wat hy aan sy vrou gee nl. isjah. Die woordspeling met isj druk die volkome eenheid tussen man en vrou uit (vgl G Ch Aalders, Genesis 1949 p. 116)

**2.4.2.3** Uit die feit dat Adam 'n naam aan sy vrou gee, word afgelei dat Adam in 'n gesagsposisie bó Eva was. "... The act of name-giving was the prerogative of someone in authority over the person or thing named. It would follow, then, from the fact that Adam called her "Woman", that Adam was in a position of authority over her" (Acts of Synod, C.R.C., 1984,p.292)

Die argument ter staving van hierdie stelling is dat Gen. 2:23 in sy verband met Gen. 1 gelees moet word. Net soos God die lig dag noem (qara'), die gewelf hemel noem en die droë grond aarde noem (Gen. 1:5,8,10) het Adam sy vrou isjah genoem (gara'). Dat hierdie eksegese van Gen. 2:23 nie verantwoord kan word nie, blyk uit die volgende.

- Gen. 2:23 kom nie voor onder die tekste wat aangegee word vir qara' in die sin van "om 'n naam te gee" nie (vgl. Jenni en Westermann, 1976,p.671).
- Gen. 1:5, 8, 10 waar Gód noem (qara') kom wél voor in die sin van "om 'n naam te gee"
- Die konnotasie van die woord qara' in bogenoemde tekste is dus nie dieselfde nie. In Gen. 2:23 word die imperf. Niph. van qara' nl. jiqaree' gebruik wat vertaal kan word met: "aan deze zal worden toegeroepen" (vgl. Gispén, W.H. 1974, p.129).
- Gen. 2:23 is primêr 'n lied van Adam wat sy groot vreugde by die sien van sy vrou wat God hom gegee het, vertolk, en nie sy gesag oor haar nie.

**2.4.3** Leidinggewing deur die man nie heerskappy nie, maar liefdesdiens Gen. 2:24: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word" (1983 -vertaling)

"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (1953 - vertaling).

**2.4.3.1** Op grond van die feit dat die vrou uit 'n man geneem is, dat sy been van sy been en vlees van sy vlees is (vs. 23), sal 'n man sy ouers verlaat en sy vrou aankleef en één vlees, met haar word (vs. 24).

I.v.m. Gen. 2:24 word daar beweer: "Incidentally, this statement points to the leadership role of man (ish); the initiative for establishing a new family and home rests primarily with him" (Acts of Synod, C.R.C. 1984, p. 293). Alleen die feit dat die man die inisiatief neem, is nie voldoende argument om sy leierskaprol te konkludeer nie. Veral nie as daar gelet word op die betekenis van "aankleef" (dabaq) nie. Die betekenis van dabaq is: "Anhaften, ankleben, sich anschmiegen, angrensen.... Von Personen ausgesagt, bedeutet das Qal (willentlich) anhängen, festhalten an .." (Jenni en Westermann, 1976, p. 431). Dit is merkwaardig dat dabaq die meeste kere gebruik word vir 'n swakkere wat hom/haar tot 'n sterkere wend. 'n Goeie voorbeeld hiervan is van 'n persoon of 'n volk (Israel) wat God aankleef, vgl. Ps. 63:9; Deut. 4:4; 10:20; Josua 22:5; 23:8; 2 Kon 18:6; vgl.- verder gashak "in liefde aanhang of aankleef, in Ps. 91:14; Deut. 11:22; ens.

Uit bogenoemde blyk dit dat Gen. 2:24 eerder dui op die hegte eenheid tussen man en vrou, as op die gesagsposisie van die man.

#### **2.4.4 "Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna" (Tim 2:13).**

**2.4.4.1** Die feit dat Adam eerste geskep is, word deur sommige as van besondere betekenis beskou (vgl. Acts of Synod C.R.C. p. 290, 291). Bogenoemde rapport bring die feit in nou verband met die besondere posisie van die eersgeborene. Om eersgeborene te wees, veronderstel gesag, status en regte (vgl. Deut. 21:15-17; 2 Kron. 21:1-3; Ex 4:22; Ps. 89: 27). Op dieselfde wyse het Adam as die eerste geskapene gesag oor die vrou. Dat "Adam immers eerste gemaak is, daarna Eva as 'n hulp vir hom" (vgl. die huweliksformulier) beteken volgens 1 Kor. 11:8 vlg. dat daar 'n bepaalde orde in die skeppingshandeling van God was. Volgens hierdie orde is Eva tweede gemaak en sy mag daar wees ter wille van Adam. Sy is uit Adam geneem. Tegelykertyd beteken dit dat Eva nie as 'n tweederangse wese in die wêreld kom nie, maar reeds in Adam gegee was. M.a.w. Adam kan ook nie losgedink word van Eva nie. "Er is geen sprake van inferioriteit van de vrouw, wel van inclusiviteit. Zij in de schepping van Adam begrepen" (den Boer, C. 1985, p.41).

Die volgorde in die skepping van man en vrou mag nie as 'n rangorde verstaan word nie. Sodra dit gebeur, word die vrou in 'n slaafse afhanklikheidsposisie t.o.v. die man geplaas. As Paulus in 1 Kor. 11:8, 9 sê: "Die man is nie uit die vrou geneem nie, maar die vrou uit die man. Die man is ook nie ter wille van die vrou geskep nie, maar die vrou ter wille van die man," beteken dit dat sy haar plek teenoor hom moet ken. Paulus voeg egter onmiddellik by (vs. 11,12) "Tog het die Here bepaal dat die vrou nie sonder die man sal bestaan nie, en die man nie sonder die vrou nie, want soos die vrou uit die man geneem is, so kom die man deur die vrou in die wêreld, maar alles is uit God."

Daar is dus 'n orde in die skeppingshandeling van God waarin man en vrou elkeen hul eie plek kry. Maar hierdie orde hou wederkerigheid in, sodat die een nie sonder die ander kan nie.

**2.4.4.2** T.o.v. 1 Tim 2:13 is dit van belang om daarop te let dat Paulus hom hier nie op 'n eksplisiete skeppingsordening beroep nie, maar hy maak 'n konklusie "op grond van hetgeen bij de schepping geschiedde, op dezelfde wijze als Jezus t.a.v. het al of niet geoorloofde van de echtscheiding, Matt 19:8 e.v." (Ridderbos, H. 1967, p. 83).

Die reël wat Paulus hier neerlê is dat die wat later geskep is (Eva), nie die meerdere is nie. "Overigens wil het beroep op deze regel niet zeggen, dat voor Paulus daarop speciaal of alleen de relatie van de vrouw t.o.v. de man zou berusten, vgl. 1 Kor 7:40 (Ridderbos, H.

1967, p.83).

## **2.5 Verwysings in die N.T.**

In die N.T. word daar meermale na skeppingsorde en die skeppingsverhouding tussen man en vrou verwys.

- In Mat 19:4 verwys Jesus na Gen. 1:27 ("man en vrou het Hy hulle gemaak") en na Gen. 2:24 ("hulle twee sal een vlees wees") as die skeppingsverhouding wat God van die begin af tussen man en vrou gestel het en waarvolgens die huwelik steeds beoordeel moet word.
- Paulus verwys na die skeppingsorde in 1 Kor. 11:8,9 ("die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man; die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man") en 1 Tim 2:13 ("Adam is eerste gemaak, daarna Eva") as begroning vir die feit dat die man die hoof van die vrou is.
- In 1 Kor. 11:11 sluit Paulus weer by Gen. 2:18 aan met die woorde: "En tog, in die Here, is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie." Hulle staan mekaar immers by - die man as onontbeerlike hoof (leier) vir die vrou, die vrou weer as onontbeerlike hulp vir die man.
- In Ef. 6 verduidelik Paulus, die huweliksverhouding tussen man en vrou as 'n verhouding van onderlinge diensbaarheid en motiveer dit dan aan, die hand van Gen. 2:24: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word."

**2.6** Die vraag is nou of hierdie man-vrou-verhouding bepalend is vir die plek van die vrou in die kerk. Het Gen. 1 en 2 nie maar net betrekking op die huwelikslewe van man en vrou nie? By hierdie vraag moet die volgende in gedagte gehou word:

**2.6.1** In Gen. 2 word daar twee woorde vir "man" gebruik nl. "adam" en "isj". Die woord "adam" dui op die man as soort, terwyl die woord "isj" sowel vir die getroude as die ongetroude man gebruik word. In Gen. 2:18, waar die Here sê dat dit nie goed is dat die "man" alleen is nie en dat Hy vir hom 'n hulp sal maak wat by hom pas, gebruik Hy die woord "adam". Dit wil sê dat die verhoudings wat in Gen. 1 en 2 vasgelê word, nie bloot op die huwelik betrekking het nie (vgl. Acts of synod of the CRC, p.292vv.).

**2.6.2** Die huwelikslewe van man en vrou kan ook nie in isolasie gesien word van hulle deelwees van die kerk nie. Man en vrou is nie bloot as individue lidmate van die kerk nie (vgl. 2.2 hierbo), maar steeds as egpaar. Ook binne die kerk moet hulle hul skeppingsopdrag uitvoer volgens die orde wat God gegee het. Hierdie orde hou ook 'n wederkerigheid in, sodat die een nie sonder die ander die skeppingsopdrag kan uitvoer nie. Daar is differensiasie sonder dat die een minderwaardig teenoor die ander gestel word.

## **3. DIE PLEK VAN DIE VROU BY DIE SONDEVAL**

### **3.1 Die vrou neem die leiding**

Gen. 3:6: "Toe sien die vrou dat die boom goed was . . . en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet." 1 Tim. 2:14: "Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het . . ." Teen die skeppingsorde in het die vrou die leiding geneem, en in plaas van leidster verleidster geword. (Bouma, K.V., p.64).



### **3.2 Die gevolge van die sonde**

Al het die vrou die man in die sondeval voorgegaan, is hy nie minder skuldig as sy nie en daarom dra albei - man en vrou - saam aan die gevolge van die sonde (Gen. 3:16-19). Tog maak God selfs in die gevolge van die sonde differensiasie: Die vrou ervaar die vloek veral in die smart waarmee sy kinders sal baar (v.16); die man in die smart waarmee hy vir 'n lewensonderhoud sal moet werk (v17vv).

### **3.3 Die gevolge van die sonde vir die man-vrou-verhouding**

Ook die heilige skeppingsordening tussen man en vrou is nie die verskeurende gevolge van die sonde gespaar nie. In plaas daarvan dat die man die leiding oor die vrou neem, soos God dit bedoel het, sal hy oor haar HEERS. Gen. 3:16: "Na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers." Die Hebreeuse werkwoord wat met "heers" vertaal word, is "masjal". Dit beteken "mag uitoefen", en ook "tiranniseer."

**3.3.1** In die rapport van die C.R.C. oor hoofskap in die Bybel word daarop gewys dat die twee elemente van kontinuiteit en diskontinuiteit sterk in die teks figureer (Acts of Synod C.R.C., 1984, p. 295). Daar is kontinuiteit met die oorspronklike opdrag: wees vrugbaar en vermeerder (Gen. 1:28). Hierdie kontinuiteit is 'n seën. Daar is diskontinuiteit in die feit dat die vermeerdering in die toekoms 'n pynlike ervaring sal wees. Hierdie diskontinuiteit is 'n pynlike straf.

Dieselfde geld van die woorde "... en hy sal oor jou heers." "We have seen that Adam held a position of priority, authority, and leadership with respect to the women. Thus, once again, in the words "he shall rule over you" we note, continuity with an original arrangement, Adam's priority and authority are reaffirmed after he had submitted himself to the woman's disobedient lead." (Acts of Synod C.R.C., 1984, p.295).

Soos reeds vroeër aangetoon, is die vrou gelykwaardig aan die man geskep (vgl. Gen. 2:18). Daar kan dus geen kontinuiteit in die woorde "en hy sal oor jou heers" wees nie.

**3.3.2** "Die Hebreeuse werkwoord vir heers (masjal) beteken "mag uitoefen" (vgl. bv. Gen. 45:8.26). Die werkwoord word ook van God gebruik (Rigt. 8:23; 1 Kron. 29:12; Ps. 59:44) en van die Messias (Miga 5:1).

Met betrekking tot mense beteken die werkwoord ook tiranniseer. Dit is dan ook die betekenis van die werkwoord in Gen. 3:16. Die man sal die vrou tiranniseer.

Wat van belang is, is dat ons hier met 'n straf en nie met 'n maatstaf of voorskriftelike bevel te doen het nie.

Dit lyk of die ou huweliksformulier dit tog voorskriftelik maak as dit sê: "U moet nie oor u man heers nie .... En na die val het God aan Eva en deur haar aan die hele vroulike geslag gesê: Na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers. Hierdie verordening van God moet u nie teëstaan nie, maar u moet die gebod gehoorsaam en die voorbeeld navolg van die heilige vroue wat op God gehoop het en aan hulle mans onderdanig was net soos Sara aan haar man gehoorsaam was."

Indien die woord "hierdie" in "hierdie verordening ...." sou dui op wat direk voorafgaan nl. "hy sal oor jou heers," en dit ook nog 'n verordening en gebod genoem word, lyk dit na 'n voorskriftelike bevel en 'n blywende norm.

Den Boer (1985, p. 44) wys egter daarop dat die woord verordening of ordinansie kan dui op die hele verband waarin die vrou daarop gewys word dat sy aan haar man onderdanig moet wees volgens God se oorspronklike bedoeling. Volgens hom sou die huweliksformulier die

woord heers in Gen. 3:16 nie wil verstaan as "knechten" nie, maar meer in die sin van: die toon aangee.

Feit bly egter dat "heers" in Gen. 3:16 tiranniseer beteken en dat daar nie 'n ander betekenis aan geheg kan word as die een wat in die teks self staan nie.

G. Ch Aalders (1960, p. 139) vestig pertinent die aandag daarop dat die heerskappy van die man oor die vrou 'n vernedering en vloek is en dat die eis bly om sover moontlik die oorspronklike bedoeling van die Skepper met die huwelik te herstel.

Die verhouding tussen man en vrou, nl. dat God die vrou gelykwaardig aan die man geskep het (Gen 2:18), is wél deur die sonde versteur, maar in Christus weer herstel (Ef. 5:21, 22, 23; 2 Kor. 5:17).

Dat die man 'n leidinggewende rol t.o.v. die vrou inneem, is nie gevolg van die sonde nie maar is 'n skeppingsordonnansie; dat die man in die leidinggewende rol die vrou tiranniseer, is gevolg van die sonde.

### **3.4 Toegepas op die plek van die vrou in die kerk**

Die verhouding van man en vrou in die kerk moet geheilig word van

- enersyds 'n sondige strewe van die vrou om die skeppingsorde om te keer en die leiding by die man oor te neem,
- en andersyds 'n sondige neiging by die man om te heers in plaas van om te lei (Visser, 1976;9).

## **4. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE OU TESTAMENTIESE SAMELEWING.**

Die sondige vorm van "masjal" (heerssug) van die man oor die vrou tree in die Ou Testamentiese samelewing baie duidelik na vore. Tog breek die genade van God plek-plek deur.

### **4.1 Deurwerking van die sondige heerssug van die man op wetlike terrein**

#### **4.1.1 Oënskynlik lyk dit asof die vrou in die O.T. die posisie van 'n slavin beklee**

**4.1.1.1** Die vrou noem haar man ba<sup>c</sup>al (meester) soos die man ook ba<sup>c</sup>al is van sy huis of grond (Ex 21:3; 2 Sam 11:26, Spr. 12:4).

**4.1.1.2** Die vrou noem haar man ook 'adōn (heer) - vgl. Gen. 18:12; Rigt. 19:26. Dit kom daarop neer dat die vrou haar man op dieselfde wyse aanspreek as 'n slaaf sy eienaar of 'n onderdaan sy koning.

**4.1.1.3** Die dekalooë rangskik die vrou onder die besittings van die man saam met sy huis, grond, slaaf os en donkie (Ex 20:17; Deut. 5:11).

**4.1.1.4** Die man kan die vrou verstoot, maar self kan die vrou geen egskeidingsbrief aanvra nie.

**4.1.1.5** Die vrou erf nie van haar man nie; die dogters ook nie van hulle vader nie, behalwe as daar geen manlike erfgenaam is nie (Num 27:8).

### **4.2 Tog breek die genade in die wetlike posisie van die vrou plek-plek deur**

**4.2.1** Die posisie van die Israelitiese vrou is egter heeltemal anders as dié van 'n slavin.

**4.2.1.1** 'n Man kan sy slaaf verkoop, selfs sy dogter (Ex 21:7), maar nie sy eggenote nie, selfs nie eers wanneer hy haar as krygsbuit verkry het nie (Deut. 21:14)

**4.2.1.2** 'n Man kan sy vrou verstoot, maar sy word beskerm deur die skeidingsbrief wat haar haar vryheid teruggee. Die getroude vrou het óf vruggebruik, óf sy bly minstens die eienaar van 'n gedeelte van die mōhar en van dit wat sy van haar ouers gekry het (vgl. Jos 15:19; Rigt. 1:15). Oor die mōhar vgl. Gen. 29:15 vgl. 34:12.

#### **4.2.2 Die beskermde posisie van die weduwee**

**4.2.2.1** 'n Gelofte wat 'n vrou afgelê het bly ook na die dood van haar man van krag (Num 30:10).

**4.2.2.2** Die kinderlose weduwee kon met die familie van haar man verbonde bly deur die instituut van die leviraat. As daar nie 'n levir was nie, kon sy buite die familie hertrou. (Rut 1:9).

**4.2.2.3** In afwagting van 'n goeie huwelikskandidaat keer sy na haar ouers terug (Rut 1:8; Gen. 38:11 vgl. Lev. 22:13), maar die geskiedenis van Tamar bewys dat haar skoonvader gesag oor haar behou (Gen. 38:24).

**4.2.2.4** Weduwees, wat dikwels in kommervolle omstandighede leef (1 Kon 17:8 - 15; 2 Kon 4:1 - 7) word deur godsdienstige wette beskerm. Saam met die weeskinders en vreemdelinge word hulle aan die naasteliefde van die volk aanbeveel (Eks 22:21; Deut. 10:18; 24:17,21; 26:12-13; 27:19). In teenstelling daarmee staan Jes. 1:23; Jer. 7:6 vgl. ook Job 29:13. God self is hulle beskermer (Ps. 146:9).

### **4.3 Deurwerking van die sondige heersug van die man op maatskaplike terrein**

#### **4.3.1 Dit lyk asof die werk van die Israelitiese vrou vernederend was.**

**4.3.1.1** Sy verrig haar huishoudelike pligte, pas die kudde op en werk op die land.

#### **4.4 Tog breek die genade in die maatskaplike posisie van die vrou plek-plek deur**

**4.4.1** Dié werk van die Israelitiese vrou besorg haar egter agting en respek van haar man en kinders (Spr. 31:10-31).

**4.4.2** Al was dit dan by wyse van uitsondering kón die Israelitiese vrou aan die openbare lewe deelneem.

**4.4.2.1** Debora en Jaël word in Israel as heldinne besing en Debora tree op as rigter (Rigt. 4:5; vgl. verder 2.2.4.1.1).

**4.4.2.2** Atalia beklee vir 'n aantal jare die troon van Juda (2 Kon 11).

**4.4.2.3** Hulda, die profetes, word deur die ministers van die koning geraadpleeg (2 Kon 22:14 vlg., vgl. óók 2:6).

**4.4.2.4** Die boek Ester verhaal hoe 'n volk deur die toedoen van 'n vrou gered word.

#### **4.4.3 Die lewe in die Israelitiese familiekring dui op groot agting vir die vrou.**

**4.4.3.1** Daar is 'n groot agting vir die vrou as sy moeder word veral as sy moeder word van 'n seun (Gen. 16:4; 29, 31-30, 24).

**4.4.3.2** Die wet veroordeel die tekortkomings van die kinders t.o.v. hul moeder net so streng as die vergryp teenoor hul vader (Ex 21:17; Lev. 20:9; Deut. 21:18-21) en die dekalooë gebied dat vader en moeder gelykelyk geëer moet word. (Ex 20:12; Lev. 19:3).

**4.4.3.3** Die wysheidsboeke lê nadruk op die eerbied wat kinders aan hul moeder verskuldig is (Spr. 19:2.6; 20:20; 23:22; 30:17).

**4.4.3.4** Die weinige verhale in die O.T. wat ons 'n blik gun in die Israelitiese familiekring, laat sien dat die vrou deur haar man bemin is, dat hy graag na haar luister en haar, met erkenning van haar andersheid, as sy gelyke beskou bv. die moeder van Samuel, 1 Sam. 1:4-8; die vrou van Sunem, 2 Kon. 4:8-24.

**4.4.3.5** Wat in 1.6.4 gesê is, word bevestig deur Gen. 2:18:

"... Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

#### **4.5 Tekste wat dui op 'n bepaalde "amp" wat deur die vroue verrig is.**

**4.5.1** Die woord amp hang saam met 'n grondwoord wat ons terugvind in ons woord ambag. Uit Kelties het dit die Germaanse tale binnegedring. Oorspronklik het dit alleen die betekenis gehad van beroep, taak arbeid of betrekking. Later kry dit die betekenis van 'n openbare betrekking waarin iemand deur die owerheid of 'n gesagsinstansie benoem word bv. Die amp van burgemeester of minister. Nog later kry die woord amp op kerklike terrein die betekenis van 'n spesiale geestelike bediening bv. amp van die gelowige, amp van die ouderling, ens.

#### **4.5.2 Die woord "amp" in die O.T.**

In die 1983 - vertaling kom die woord amp wél in die O.T. voor asook in enkele tekste in die

**4.5.2.1** Die betekenis van 'emûnâ word deur Botterweck en Ringgren (1974,p. 317) soos volg omskryf "... 'emunah conveys the idea of inner stability, integrity, conscientiousness, cleanliness, which is essential for any responsible service."

Jenni en Westermann (1971, p. 195) gee die betekenis aan as:

1) Festigheid; 2) Zuverlässigkeit, Treue; 3) Redlichkeit; 4) die Spezialbedeutung "ständige Amtspflicht."

Die woord 'emûnâ kom o.a; in die volgende tekste en betekenis voor:

1 Kron. 9:22 - "in hulle amp benoem" (1983 - v)

"ampsplig" (1953 - v)

1 Kron. 9:26 - "was amptelik in bevel" (1983 - v)

"ampsplig" (1953 - v)

1 Kron. 9:31 - "was amptelik verantwoordelik" (1983 - v)

"het amptelik die toesig" (1953 - v)

Ex 17:12 - "So het sy hande dan vas gebly" (1953 - v)

Num 12:7 - "Hy (Moses) is die betroubaarste in my diens."

Verdere tekste waarin 'emûnâ in die betekenis van trou, getrou en betroubaar, voorkom is 1 Sam. 26:23; Jes. 11:5; Ps. 119:30 en Spreuke 12:22.

**4.5.2.2** Die betekenis van paqûd. In Akkadies beteken die woord o.a. "übergeben, versorgen, betreuen," terwyl die grondstam van die werkwoord in Arabies o.a. die volgende beteken: "suchen, prüfen, inspizieren, untersuchen, besichtigen, besuchen." Die grondbetekenis van

die wortel van paqûd is egter omstrede. Tog kan dit aanvaar word dat dit die volgende betekenis kan hê: "vermissen, sich kümmern um ..... oder "mit Sorge bzw. Interesse auf/nach "etwas schauen" ..... "to attend to with care" (Jenni en Westermann, 1976, p. 467).

Die woord paqûd kom o.a. in die volgende tekste en betekenis voor:

- Num 3:36: "diens" (1985 en 1983 - v)  
1 Kron. 24:3 "vir die uitvoering van hulle pligte" (1983 - v)  
"volgens hulle amp in hul diens ingedeel" (1953 - v)  
1 Kron. 26:30 - "ampsgenote" (1983 - v)  
2 Kron. 23:18 - "die toesig oor die huis van die Here" (1983 - v)  
Ps. 109:8 - "laat 'n ander sy amp oorneem" (1983 - v)

Die woord paqûd kom ook verder voor in die betekenis van "beampstes"

- Gen. 41:34 "amptenare"  
Ester 2:3 "bevel voer" of "in bevel"  
Neh. 11:9 offisier  
2 Kon 25:19 "hoofopsigter" Jer. 20:1.

Vergelyk verder ook: Jer. 29:26 Neh. 11:14,22; 12:42; 2 Kron. 24:11 31:13

**4.5.2.3** In Gen. 40:13 en 41:13 word die Hebreeuse stam **אָמַן** ook met amp vertaal in die sin

**4.5.2.4** Uit die woord "amp", soos in sy verskillende betekenis hierbo weergegee, sou ons dus die volgende gevolgtrekkings kon maak.

- Om 'n amp in die O.T. te beklee het integriteit, pligsgetrouheid en betroubaarheid vereis.
- Die uitoefening van 'n amp in die O.T. het diens, toesig en die uitvoering van ampspligte beteken. Dit moes met sorg, oorgawe en belangstelling teenoor die ander geskied.

#### **4.5.3** Besondere ampte in die O.T.

Ons kan verskillende ampte of funksies in die O.T. onderskei, waarvan die vernaamste ampte die is van konings, priesters, profete en regters. (vgl. Deut. 17,18)..

#### **4.5.4** Die vrou in die amp in die O.T.

##### **4.5.4.1** Die amp van profeet

Die latere Jodedom het sewe profetesse onderskei: Sara, Mirjam, Debora, Hanna, Abigajil, Gulda (Hulda) en Ester (vgl. Talmoedtraktaat Megilla).

Ons onderskei vyf nl. Mirjam, Debora, die vrou van Jesaja, Hulda en 'n vals profetes Noadja (Neh. 6:14).

**4.5.4.1.1** Rigters 4:4 "In daardie tyd was Debora ..... die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes" (1985.v) .

Deborah word nebiah genoem, die vroulike vorm van nabi. "Zij is dus het orgaan waardeur God zich openbaart, zij spreekt het woord Gods en kan als zodanig ook uitspraak doen in moeilijke rechtszaken" (Goslinga, C.J. 1951, p.93).

Van verdere belang is die opmerking van Goslinga. (1951, p. 93) dat die posisie van Debora 'n afwyking was van die gewone orde. "Het is een afwijking van de gewone orde dat God in hoogsten instantie recht laat spreken door den mond ener vrouw (vgl. Deut. 17:9); dat God de mannen voorbijgaat, houdt een afkeurend oordeel in omtrent het peil van het geestelijke en nationale leven in Israel. Debora is allereerst profetes, daarna rechter, nu wordt ze ook richteres in den zin van bevrijdster" (Goslinga, 1951, p. 93) (Kursivering van my - A.N.H.)

Goslinga sien 'n afwyking van die gewone orde daarin dat Debora 'n vrou was wat reg spreek. In hierdie verband merk Verhoef op: "Dit blyk nie uit die reaksie op haar optrede nie" (Verhoef P.A. Ongepubliseerde kommentaar).

Dat God die manne sou verbygaan om daarmee 'n afkeurende oordeel omtrent die peil van die geestelike en nasionale lewe in Israel uit te spreek, is 'n afleiding en nie 'n feit wat in die Bybel gekonstateer word nie. "This might be so, but it is not explicitly stated" (Act of Synod C.R.C. 1984, p. 297). Wat wel uit die Bybel self blyk, is dat Debora se rigterskap buitengewoon was, soos uit Debora se eie woorde blyk: "Leiers het ontbreek in Israel tot dat ek, Debora, opgestaan het, ek, 'n moeder in Israel, opgestaan het." (Rigters 5:7). Oor die betekenis van nabi (vroulik: nabiah) is daar geen onduidelikheid nie.

"..... iemand die optreedt als spreker om het Woord Gods aan anderen oor te bregen (Aalders G.Ch, 1952, p. 199).

"..... bedienaars van die Goddelike woord in die volste en letterlikste sin" (Helberg J.L. 1976, p.62).

"om geroepene te wees" (Albright, W.F. 1957, p.303)

"Spreker - aangesprokene" (Vriezen Th.C. 1966, p. 250)

In die lig van bogenoemde sou mens dus kon sê: In haar aangesprokenheid deur God het sy ten volle in diens van die Woord gestaan wat sy moes verkondig. Debora se optrede is belangrik omdat sy, net soos Samuel, die twee funksies van "profeteer" en "regspreek" verenig het.

**4.5.4.1.2 Ex. 15:20** "Mirjam die profetes, suster van Aäron, het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agterna geloop en gedans" (1983 - v). Ook hier word nebiah, die vroulike vorm van nabi gebruik,

W.H. Gidpen (1951, p. 161) sê van die vers: "Mirjam wordt hier "profetes" genoemd, want zij treedt op als vertolkster van wat de Here in haar Ziel inspireert, zij wordt gedreven door Zijn Geest."

**4.5.4.1.3 2 Kon 22:15,16.** ". . . .sô sê die Here. . . ." (vs.15)

"So sê die Here . . . ." (vs. 16) כֹּה־אָמַר יְהוָה .

Dit is veelseggend dat die sgn. "boodskapper - formule" wat so kenmerkend van die Ou Testamentiese profete is, ook by Hulda (1953 - v) of Gulda (1983 - v) die profetes (2 Kon 22:14) voorkom.

Van hierdie formule, wat o.a. ook deur Esegïel gebruik word, sê G. Ch Aalders (1955, p.61):

Oor die betekenis van die gebruik van hierdie formule is daar geen twyfel nie. "The messenger formula represents a self-confirmation of the messenger and his legitimation before the person(s) addressed (2 K. 9:1-3, 4-10, 11-13). The messenger comes to deliver not his own word, but the word of someone else. He is mediator of a word. O.T. prophetism is to be understood exclusively as the conveying of a message. This consists of sending the prophet, which is connected with his commission and of his conveying the message, in which he announces the one who has sent him by means of the messenger formula, e.g. Jer 7:1-3" (Botterweck G.T. en Ringgren H., 1973 p. 339, 340).

**4.5.4.1.4** Op die grens tussen Ou en Nuwe Testament tree ook die hoogbejaarde Anna as profetes op as sy Christus in die tempel profeties begroet (vgl. Luk. 2:36). Anna was "..... een vrouw, door wier mond de Here Zijn woord spreken en bekendmaken wilde. Waarin haar profetische werkzaamheid bestaan heeft, wordt buiten hetgeen in deze versen daarvan staat, niet nader meegedeeld." (Greijdanus, S. 1955, p. 76). Afgesien van waarin haar profetiese werkzaamheid presies bestaan het, is dit duidelik dat ook sy ten volle in diens van die Woord van God gestaan het.

#### **4.5.4.2** Die amp van priester

**4.5.4.2.1** In die O.T. is daar geen aanduiding van vroulike priesters nie. Waarom was daar wel profetesse, 'n rigter en regter wat vrou was, sowel as 'n koning (Atalia), maar nie priesteresse nie?

Vroue het wél aan die Ou Testamentiese erediens deelgeneem (vgl. 1 Sam. 1:4 vlg.). Daar het sangeresse opgetree (Esta 2:65; Neh. 7:67) en vroue met tamboeryne (Ps. 68:26).

Bogenoemde vraag word nog meer aktueel as daarop gelet word presies wat die priesteramp behels het. Benewens die offerdiens, lê Mal. 2:5-7 groot nadruk op die leeramp van die priesters. Volgens Mal. 2:6 word die optrede van die priester deur drie eienskappe gekenmerk nl. betroubaarheid wetsonderrig, vroom lewenswandel en 'n ywer vir die geestelike heil van die individuele lede van die gemeenskap van die bondsvolk.

Die ooreenkoms met 1 Tim 4:16 waar Paulus aan Timotheüs skryf oor 'n goeie bedienaar van

---

In Mal. 2:7 word die priester "'n boodskapper van die Here" מְלִאֲכָדִי יְהוָה genoem. "Hij word

Dat beide profeet en priester boodskapper van die Here (מְלִאֲכָדִי יְהוָה) genoem word, is

Verhoef wys egter ook op die eie karakter van elkeen se verkondiging as hy De Vaux in die verband aanhaal ". . . . de profeet is de man van de dabar, van het woord, hij is de spreekbuis van God, die hem onmiddellijk ingeeft, wat hij in een bepaalde omstandigheid moet zeggen, het instrument van een ogenblikkelijke openbaring van God; de priester daarentegen is de man van de torah, de bewaarder en verklaarder van een kennis (da<sup>c</sup>at) die ook van God stamt, maar door een openbaring in het verleden, welke is overgebracht door de menselijke kanalen van traditie en praktijk" (Verhoef, P.A. 1972, p. 152, 15).

In die lig van die groot klem op die leerkarakter van die priesteramp is dit wel 'n vraag waarom daar vroue as profete gedien het, maar nie as priesters nie.

God het die hele volk Israel verkies om 'n priestervolk te wees (Eks 19:6 God spreek egter die eersgeborenes aan as verteenwoordigers van die volk in hul hoë roeping om priestervolk te wees. Die stam van Levi word deur God uitverkies om plaasvervangend vir alle eersgeborenes op te tree (Num 3:12,13,40,41) en só ook plaasvervangend vir die hele volk (vgl. Eks. 28:29; 40:15; Lev. 8:16; Num. 3:3,15; 18:6, 7; Jos. 18:7).

Sommige vind die antwoord op die vraag waarom daar nie priesteresse in die O.T. was nie, dáárin dat dit 'n protes was teen die sterk geseksualiseerde kultus van die heidendom om Israel. (Gewyde tempelprostitusie het voorgekom in die Ou Ooste waar vroue as priesters diens gedoen het - vgl. den Boer, 1985, p. 51). Hierdie antwoord bevredig egter nie omdat die protes veelsterker sou wees indien manlike en vroulike priesters saam diens sou verrig sonder genoemde wanpraktyke.

**4.5.4.2.2** Die vraag waarom vroue nie as priesters diens gedoen het nie, word nog dringender as daarop gelet word dat priesterskap en koningskap soms in één persoon saamgetrek het. Melgisédek was koning van Salem en priester van El-Eljon (Gen. 14:18). Ps. 110 is 'n koninklike psalm, en die koning word daar priester genoem.

Die koning het ook meermale as hoof van die erediens na vore getree bv. Bet-el is 'n koninklike heiligdom (Amos 7:13); Joas vaardig reëlings uit wat betrekking het op die tempel (2 Kon 12:5-9); Josia neem self die leiding en inisiatief tot 'n godsdienstige hervorming (2 Kon 23).

Konings het dikwels ook priesterlike handeling uitgevoer bv. Agas bring die eerste offer op die altaar wat hy laat oprig het (2 Kon 16:12-15); Dawid en Salomo seën die volk in die heiligdom (2 Sam 6:18; 1 Kon 8:14) wat eintlik die werk van die priesters was (Num 6:22-27; 1 Kron. 23:13). In die lig hiervan is dit wel 'n vraag waarom vroue as rigter (Debora) en 'n koning (Atalia) diens gedoen het, maar nie as priester nie.

#### **4.5.4.3** Die amp van koning

Jahwe is die koning van Israel (Rigt. 8:22 vlg.). As Israel 'n koning kry, regeer hy alleen by die gracie van God. Die monargie staan in diens van die teokrasie. Die koning van Israel is dus slegs 'n tussenpersoon tussen God en sy volk wat die Goddelike gebooie moet handhaaf en die volk daarvolgens moet rig.

Slegs by wyse van uitsondering lees ons in die O.T. van vroue wat 'n regeeramp beklee het nl. Debora as rigter (vgl. 2.2.4.1.1) en Atalia as koning (2 Kon 11). In die verband merk de Vaux op: "Vrouwen zijn uitgesloten van de troonopvolging. In het koninkrijk Israel volgt Joram zijn broer Ahazia op, omdat deze sterft zonder mannelijke nakomelingschap (2 Kon. 1:17; vgl. 3,1). In Juda neemt Athalia de macht in handen bij de dood van haar zoon en behoudt die seven jaar, maar haar regering wordt als onwettig beschouwd en een omwenteling maakt er een eind aan (2 Kon 11)" (De Vaux, 1960, p. 183).

Die twee bewysgronde wat de Vaux aanvoer waarom vroue uitgesluit is van die troonopvolging kan egter bevraagteken word.

Joram volg sy broer Ahasia op omdat hy sterf sonder manlike nakomelingskap. Nêrens in 2 Kon 1 word daar egter melding gemaak van 'n vroulike nakomelingskap wat dan met Joram se troonsbestyging uitgesluit sou kon wees nie. Die 1983-vertaling vertaal 1 Kon 1:17 dan ook só: "Omdat Ahasia self geen kinders gehad het nie, is hy as koning opgevolg deur Joram.

As dit so sóú wees dat Atalia se regering as "onwettig" beskou is, is die vraag: waarom? Was



dit omdat sy 'n vróú was? Dit blyk nêrens uit 2 Kon 11 nie. Inteendeel, Atalia word uiteindelik gedood omdat sy 'n aanmatigende gewelddenaar en moordenaar was (Vgl. Keil en Delitzsch, 1950 p. 363).

Dat vroue in die beklee van die regeeramp van rigter en koning wel 'n uitsondering was, is waar. Maar dat hulle heeltemal uitgesluit was van die troonopvolging kan nie uit die O.T. bewys word nie.

#### **4.6 Genade en amp of ampsgewade in die O.T.**

Hiermee word bedoel: die genade wat God gee tot die vervulling van 'n bepaalde amp.

Dié genade wat die Heilige Gees tot die vervulling van 'n bepaalde amp of diens skenk, is nie 'n genade wat die ampsdraer of diensvervuller 'n besondere mens maak of hom tot 'n geïsoleerde geestelike stand verhef nie.

Die genade bestaan eerder hierin, dat God wat roep, ook die getroue is en sy dienaars vir die bepaalde taak wat Hy hulle oplê, wil sterk. Hy gee die gawe van die Heilige Gees wat noodsaaklik is vir die regte vervulling van die diens. So word die profete bv. persoonlik deur God geroep en is daar 'n direkte verband tussen hulle en God (Amos 3:7; Jer. 23:22; vgl. verder die lewe van Moses, Elia, Jesaja en Esegïel). Daar is ook persoonlike gemeenskap tussen God en die profeet.

God skenk die genade ongeag of dit 'n man of 'n vrou is wat die bepaalde diens verrig.

As Mirjam in Eks 15:20 'n profetes genoem word, beteken dit dat sy optree as "vertolkster

Met dieselfde inspirasie as wat God aan manlike regeerders gegee het, kon Debora haar oorwinningslied sing: "Ek sing tot eer van die Here, ek prys die Here die God van Israel met my lied ....." (Rigt. 5:3b).

#### **4.7 Samevatting van Ou-Testamentiese Skrifgegewens**

##### **4.7.1 T.o.v. die skepping van man en vrou**

**4.7.1.1** Mens-wees (אָדָם) word deur God in twee vorme geskep nl. manlik en vroulik (אִשָּׁה)

**4.7.1.2** Daar is eenheid en differensiasie in die skepping van man en vrou.

**4.7.1.2.1** Benewens 'n eenheid soos in 2.2.5.1 vermeld, word beide na die beeld van God geskape (vgl. 2.1.1.2).

**4.7.1.2.2** Die differensiasie bestaan daarin dat God die mens manlik en vroulik skep (אִשָּׁה)

**4.7.1.3** God skep die vrou as die gelykwaardige bystand van die man (vgl. 2.1.2.1)

**4.7.1.4** Die feit dat Adam aan sy vrou 'n naam gee sy ouers moet verlaat en sy vrou moet

aankleef, is nie 'n aanduiding van sy gesagsposisie nie, maar eerder dat hy die verantwoordelike en aangesprokene is wat die leiding neem (vgl. 2.1.4.2; 2.1.5.1).

**4.7.1.5** Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon 'n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as rangorde verstaan, móét word nie. Hierdie skeppingsorde hou wederkerigheid in. (Vgl. 2.1.6.1; 2.1.6.2).

**4.7.1.6** Die vernederende straf van die vrou in Gen. 3:16 "..... en hy sal oor jou heers" is geen voorskriftelike bevel of maatstaf nie. Die gelykwaardige verhouding tussen man as leier en vrou as hulp (Gen. 2:18) is wél deur die sonde versteur, maar in Christus weer herstel (Ef. 5:22, 23; 2 Kor. 5:17) (vgl. 2.1.7).

#### **4.7.2 T.o.v. die vrou in die amp**

**4.7.2.1** Die bekleding van 'n amp in die O.T. het integriteit, pligsgetrouheid en betroubaarheid vereis, terwyl die uitoefening daarvan diens, toesig en die uitvoering van ampspligte beteken. Die moet met sorg, oorgawe en belangstelling teenoor die ander geskied (vgl. 2.2.2.1 – 2.2.2.4).

**4.7.2.2** In die O.T. het vroue die amp van profeet beklee, al was hulle by verre in die minderheid (vgl. 2.2.4.1.1 – 2.2.4.1.5).

**4.7.2.2.1** Hierdie profetesse word met dieselfde benaming, roeping en opdrag as die ander profete in die O.T. aangedui.

**4.7.2.2.2** Die sgn. BoodsAPPER-formule (בְּהִיאָמַר יְהוָה) wat so kenmerkend van die Ou

**4.7.2.3** Vroue wat die regeeramp van rigter en koning asook regter beklee het, was die uitsondering en het onder buitengewone omstandighede plaasgevind. Dat vroue heeltemal uitgesluit was om as koning te dien, kan nie uit die O.T. bewys word nie (vgl. 2.2.4.3).

**4.7.2.4** Daar is geen aanduiding in die O.T. van vroue wat as priesters diens gedoen het nie (vgl. 2.2.4.2).

**4.7.2.5** In die lig van die groot klem op die leer karakter van die priesteramp (vgl. 2.2.4.2.1) en die feit dat die koning ook priester kon wees en dikwels ook priesterlike funksies verrig het (vgl. 2.2.4.2.2), is dit wel 'n vraag waarom daar vroue as profete en koning gedien het, maar nie as priester nie.

**4.7.2.6** God skenk sy genade vir die uitoefening van 'n bepaalde amp aan elkeen, ongeag of dit 'n man of vrou is wat die diens verrig (vgl. 2.2.4.4.).

### **4.8 Die “Stemreg” van die vrou in die Ou Testament**

Profete is deur God self geroep sonder bemiddeling van die volk (vgl. O.a. Jes. 6; Jer. 1:5; Eseg. 2, 3).

God sluit met die stam van Levi 'n verbond (Mal 2:5) wat daarin bestaan dat die priesters uit hierdie stam geneem sou word. In die lig daarvan stel Moses, in opdrag van God, die Leviete aan om die werk in die tempel en tabernakel te doen (Num 3:6 vlg.). God self verkies Aaron en sy seuns en al hulle erfopvolgers uit die stam van Levi om te dien in die priesterwerk (Num. 3:10), spesiaal in die offerdiens van die versoening. Jahwe self is die koning van Israel (Rigt. 3:22 vlg.). Die konings van Israel en hulle erflike opvolgers regeer alleen by die grasia van God.

In opdrag van God salf Samuel vir Saul as koning (1 Sam 9:16; 10:1).

Hierop volg die erkenning van die hele volk. Die dag ná die oorwinning oor die Ammoniete word Saul tot koning uitgeroep (1 Sam 11:15). Hier word sy koningskap deur die hele volk bekragtig – waarskynlik bedoel die krygsvolk.

**4.8.1.** In die lig van die O.T. in die algemeen en die roeping en verkiesing van profete, priesters en konings in besonder, kan verklaar word dat:

**4.8.2** Die O.T. hom nie oor die “stemreg” van die vrou uitspreek nie;

**4.8.3** die hele kwessie van “stemreg” vreemd is aan die Ou Testamentiese opset;

**4.8.4** die gebrek aan “stemreg” bowendien met die besondere posisie van die vrou in die O.T. en in die Ou Nabye Ooste saamhang.

**4.8.5** Die kerk kan hom dus oor die "stemreg" van die vrou nie op die gegewens van die O.T. beroep nie: nie positief nie en óók nie in negatiewe sin nie.

## **5. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE GRIEKS-ROMEINSE WÊRELD EN DIE JODEDOM**

Die deurwerking van die sonde was duidelik sigbaar in die verhouding tussen man en vrou in die ou Grieks-Romeinse wêreld en die Jodedom. Die leidinggewing van die man het oorgegaan in tirannie en heerskappy.

### **5.1 Die vrou in die Grieks-Romeinse wêreld**

Hoewel die Grieks-Helleense beskouing van die vrou wisselend is, bv. in Egipte en Klein-Asië waar voorbeelde van hoë waardering vir die vrou te vinde was, kan oor die algemeen gesê word dat die Hellenistiese wêreld veel meer in die vrou geïnteresseerd was as objek van begeerte as wat sy beskou was as draagster van geestelike waardes. Selfs haar deelname aan die kultus het geen verheffende invloed gehad nie, eerder verlagend, bv. tempelprostitusie (Huis, 1951:16). In die Romeinse samelewing was haar sosiale posisie ietwat meer gunstig, maar wetlik was sy ver van gelykberegtig met die man (Huis, 1951:8-9). Wetlik was sy gelykstaande aan 'n aangenome dogter (Coetzee, in Woord en Daad 1975:17).

### **5.2 Die vrou in die Jodedom**

Die verwronge heerssug van die man teenoor die vrou het ook in die Rabbynse Jodedom oorgegaan tot onderdrukking van die vrou. Sy is op een lyn met slawe en kinders gestel. In die oë van die man was sy dikwels 'n "kwalik-gedulde, tweederangse figuur, wat nie op straat hoort behalwe om haastig water te gaan skep nie" (Coetzee, in Woord en Daad 1975:17).

Sy is nie as getuie in die hof aanvaar nie; in die sinagoge moes sy eenkant sit; in die tempel mog sy dit nie verder as die voorhof vir vroue waag nie. Volgens Rabbynse voorskrif moes die vrye Joodse man daagliks God dank: "Geprese is U, o God, dat U my nie gemaak het as 'n heiden of as 'n slaaf of as 'n vrou nie"! (vgl. Coetzee, in Wood en Daad 1975:17). Daar is met soveel veragting op die vrou neergesien dat dit as benede 'n man se waardigheid beskou is om in die openbaar self net met haar te praat. Juis om hierdie rede het Jesus se dissipels, aldus Jh. 4:27, "hulle verwonder dat Jesus met 'n vrou in gesprek was".

## **6. JESUS EN DIE VROU**

### **6.1 Jesus oor die huweliksverhouding**

In Mt. 19:3-12 stel Jesus die verhouding tussen man en vrou in die huwelik weer op orde.

Die Fariseërs konfronteer Hom met die vraag: "Is dit 'n man geoorloof om van sy vrou te skei?" Hulle vraag verraaie reeds dat hulle in die tipies Joodse androsentriese denkpatoon vassit, want hulle dink bloot in terme van die man en sy regte (Die vrou het immers geen regte nie!). Jesus wys dan hulle fout uit: In die Koninkryk van God is die vrou nie speeltuig van die man waarvan hy maar na willekeur kan gebruik maak en van wie hy dan, wanneer sy haar doel gedien het, kan skei nie. Die gedagte dat egskeiding of nie 'n saak is wat uit en uit binne die man se jurisdiksie val, het uit die heerssug van die Joodse man voortgespruit: Dit was bewys van die "hardheid van hulle harte", soos Jesus sê. Hy sê: "Maar van die begin af was dit nie so nie." By die Skepping het God 'n ander verhouding tussen man en vrou gestel, wat die mens nie mag verbreek nie. Jesus stel dus nie 'n nuwe ordening tussen man en vrou nie. Hy kom herstel die Godgegewe Skeppingsorde deur dit van die sondige heerssug van die man te heilig.

## **6.2 Jesus se optrede jeens vroue**

Jesus het in sy optrede op aarde gewys dat Hy die sondige vernedering van die vrou deurbreek. In teenstelling met die Rabbyne gaan Hy ongedwonge met vroue om en laat vroue 'n belangrike plek in sy bediening inneem. Enkele voorbeelde is genoeg:

- Hy is in diep gesprek met die Samaritaanse vrou by die put (Jh. 4).
- Hy genees heelwat vroue. Hy bring selfs die skare tot stilstand ter wille van die vrou wat Hom aangeraak het (Mk 5:30w.).
- Hy gaan dikwels by Martha en Maria van Betanië tuis.
- Hy prys die geloof van die Kananese vrou aan (Mt. 15:28).
- Die dissipels is verontwaardig oor die vrou wat Jesus se voete salf, maar Hy sê: "Oral waar hierdie evangelie verkondig sal word . . . sal ook gesprek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar" (Mt. 26:13).
- Vroue (Maria Magdalena, Johanna en Maria) is die eerste ooggetuies van die opgestane Jesus.

Dit was uit die staanspoor duidelik dat Jesus aan die vrou alles behalwe 'n minderwaardige plek in sy kerk bestem het (Kok, 1915:23).

## **6.3 Jesus en die twaalf**

In weerwil daarvan dat Jesus 'n "ereplek" aan die vrou verleen het, het Hy nogtans slegs MANLIKE dissipels en apostels aangewys. Hierdie optrede mag nie sonder meer as normatief geneem word nie (vgl. 2.1.1.2 van die Hermeneutiese uitgangspunte), maar is ook nie betekenisloos nie. Die feit dat hulle manlik was, staan deskriptief wel in die sentrum, maar staan preskriptief op die periferie. Jesus het immers ook vroue gestuur, bv. Maria, as boodskapper van sy opstanding.

## **6.4 Samevatting**

Jesus wys deur sy woorde en optrede die oorheersing van die man oor die vrou af. Hy doen dit, nie deur die skeppingsorde tussen man en vrou op te hef nie, maar deur dit te heilig. Hy gryp naamlik terug op die heilige skeppingsorde wat God aan die begin gegee het: Man en vrou vorm 'n eenheid, waarbinne die man die hoof (leier) is en die vrou die hulp.

## **7. DIE PLEK VAN DIE VROU IN HANDELINGE EN DIE SENDBRIEWE**

### **7.1 Man en vrou voor God gelykwaardig**

#### **7.1.1 Galasiërs 3:28**

In Gl. 3:28 skryf die apostel Paulus: "Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus." Micks (1975:14) meen dat die Skrif dit hier duidelik stel dat alle onderskeiding in Christus getransendeer is. Christus maak alle onderskeidings irrelevant. Daarom is dit in stryd met die Bybel (in besonder Gl. 3:28) om die vrou nie tot besondere ampte toe te laat nie, sê Micks. Daarmee word egter 'n gevolgtrekking uit Gl. 3:28 gemaak wat Paulus nie gemaak het nie.

Gl. 3:28 moet, soos elke ander vers, immers binne konteks geles word (vgl. 2.1.1 van die Hermeneutiese uitgangspunte). In Gl. 3 skryf Paulus nie oor watter plek mense in die kerk moet inneem nie, maar hy gee 'n antwoord op die dwaalleer van die Judaïste wat beweer dat diegene wat die wet onderhou voorrang tot die saligheid het. Paulus antwoord op die dwaalleer:

God stel geen ander voorwaarde tot die saligheid nie as dat die mens deur die geloof in Christus moet wees. God vereis nie ook nog wetsonderhouding nie; God vereis nie dat jy van 'n sekere nasionaliteit, status of geslag moet wees nie. Solank die mens in Christus is, gee God gelykelyk aan almal, ook man en vrou, die verlossing tot saligheid. Nie een het hierin voorrang nie (Greijdanus, K.V. : 107vv.; Ridderbos, 1970:129.; Hendriksen, 1969:152).

Om in Christus gered te wees, hef nog nie geslagsverskille, volksverskille en standverskille op nie. Jesus wys daarop dat geslagsverskille eers in die opstanding irrelevant sal raak (Lk. 20:34-36). Wat Jesus self verklaar dat dit eers in die opstanding verwesenlik sal word, moet ons nie op probeer vooruitgryp solank die opstanding vertoef nie (Kok, 1915:27v.; vgl. ook die opmerking oor die aione-leer in 2.1.4 van die Hermeneutiese uitgangspunte).

Om Gl. 3:28 dus tot "locus classicus" oor die vrou in die amp te verhef, is om 'n teks los van sy verband te verstaan. Ons kan en mag nie meer oor die verhouding van man en vrou uit Gl. 3:28 haal nie as dit: Dat man en vrou voor God gelykwaardig is en die belofte van die saligheid van God ontvang het.

#### **7.1.2. Ander Skrifgedeeltes.**

Daar is verskeie ander Skrifuitsprake wat saam met Gl. 3:28 gelykwaardigheid van man en vrou voor God stel.

**7.1.2.1** Die volgende gedeeltes uit Handelingte toon aan dat alle lidmate (d.w.s. mans en vroue) volwaardige lidmate naas mekaar was:

Hd. 2: 44 "Almal wat gelowig geword het, was bymekaar ... " .

Hd. 4:21 Almal het God verheerlik oor wat gebeur het."

Hd. 4:33 "Groot genade was oor hulle almal".

Hd. 5:14 "En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue"

Hd. 6:5 Die kiesing van die sewe: "En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: ...."

Hd. 17:12 "Baie van hulle het gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne."

Hd. 17:34 "Sommige manne het by hom aangesluit en gelowig geword, onder wie ook Dionisius, die Areopagiet, was, en 'n vrou met die naam van Damaris en ander saam met hulle."

**7.1.2.2** Daar word bepaalde gevalle in die Bybel genoem waar 'n vrou spesifiek die draer van die verbondskyn was vir haar nageslag:

Hd 16:15: - "En toe sy (Lidia) en haar huisgesin gedoop is ..."

2 Tim 1:5: - "Ek herinner my die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, ... "

**7.1.2.3** Die volgende Skrifgedeeltes wys daarop dat man en vrou gelykelyk die weldade van God in Christus deel:

- Man en vrou is kinders van God deur die geloof in Jesus Christus.

Gl 3:26: - "Julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus."

- Man en vrou is mede-erfgename van die belofte van die ewige lewe

1 Pt 3:7:- "Net so moet julle, manne, ... aan die vroulike geslag ... eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is ..."

**7.1.2.3** Die volgende Skrifgedeeltes wys daarop dat man en vrou gelykelyk die verantwoordelikheid voor God dra om hulle roeping as uitverkorenes na te kom:

- Man en vrou moet heilig voor God lewe.

Titus 2:3: - "Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam ..."

1 Tim 3:11:- "Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles."

- Man en vrou het die verantwoordelikheid om deur vrome lewenswandel 'n getuienis voor ander te lewe.

1 Pt 3:1:- "... sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word." Die deurbraak van Jesus wat in die Evangelies berig is (vgl. 5.2 hierbo) word dus in die sendbriewe voortgesit: Man en vrou word geestelik gelyk gestel voor God.

## **7.2 Man en vrou ontvang die gawes van Christus deur die Heilige Gees**

Sonder onderskeid gee Christus aan manne en vroue sy gawes deur die Heilig Gees. Ef. 4:7: - "Aan elkeen is gawes gegee."

Alreeds by die uitstorting van die Heilige Gees is dit duidelik dat alle gelowiges, manlik en vroulik, deel aan die gawes van die Gees. Die apostel Petrus verklaar naamlik die Pinksterwonder deur te verwys na Joël 2 "Julle seuns en julle dogters sal profeteer ...." (Hd. 2:17).

Ook in Hd. 21:9 lees ons van die vier dogters van Filippus "wat die profetiese gawe" besit het.

So word daar ook in 1 Kor. 11:5 verwys na "elke vrou wat bid of profeteer ...". Op die spoor van sulke Skrifuitsprake bely ons in die Heidelbergse Kategismus "dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het" (Sondag 21). Christus bevoordeel dus nie een van die twee geslagte in die uitdeel van sy gawes nie.

### **7.3 Die aanwending van die gawes mag nie verhinder word nie**

Dit is verder uit die Skrif duidelik dat niemand mag verhinder dat die gawes wat Christus aan man en vrou uitdeel, in die gemeente aangewend word nie.

Ef. 4:16: - "Elke lid vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op."

1 Kor. 12:21: - "En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie ...". In Sondag 21 van die Kategismus bely ons ook "dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en tot saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend."

### **7.4 Gawes binne of buite die besondere dienste aangewend?**

Ten einde die Godgegewe gawes in die gemeente aan te wend, was dit nie vir lidmate nodig om in 'n besondere diens te wees nie. Natuurlik was genadegawes nodig om in die diens te staan, maar almal wat genadegawes ontvang het, het nie noodwendig in 'n besondere diens gestaan nie (Scholtz, 1932:18). So word daar in die Skrif op talle plekke melding gemaak van vroue wat hulle besondere gawes in diens van die kerk aangewend het, sonder dat daar enige aanduiding is dat hulle in die besondere diens gestaan het of nie.

#### **7.4.1 1 Korinthiërs 11:5**

Blykens 1 Kor. 11:5 was daar in Korinthe vroue wat gebid en geprofeteer het: "... elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof ..."

**7.4.1.1** Hierdie Skrifuitspraak gee aanleiding tot die vraag: Waar of by watter geleentheid het die Korinthise vroue gebid en geprofeteer? In 1 Kor. 11:5 word nie gesê waar nie. Die volgende antwoorde kan egter voorgelê word (Huis, 1951:30):

1. Sy het by huisgodsdienste of by familiebyeenkomste gebid en geprofeteer. Die probleem met hierdie verklaring is dat dit op 'n blote veronderstelling berus. Nòg in die teks nòg in die konteks is daar enige aanduiding van hierdie aard.
2. Sy het in die samekoms van die gemeente (die erediens) gebid en geprofeteer. Die 1983-vertaling, sluit, blykens sy vertaling van vers 13, by hierdie verklaring aan. Die enigste grond vir hierdie verklaring is die feit dat die res van hoofstuk 11 en ook hfst. 12-14 oor die gemeentelike samekomste handel. Die beswaar teen hierdie verklaring is dat daar in die teks geen aanduiding is dat ook 1 Kor. 11:2-16 met die erediens verband hou nie.
3. 'n Derde verklaring sluit juis aan by laasgenoemde beswaar. Die feit dat daar eers in vers 17 en in die daaropvolgende verse na die samekoms van die gemeente verwys word, word as motivering gebruik om te sê dat die gedeelte voor vers 17 (o.a. verse 2 tot 16) nie met die erediens verband hou nie. Gevolglik, word gesê, het die Korinthise vroue se bid en profeteer nie in die erediens plaasgevind nie. Waar dit wel plaasgevind het, is onduidelik, maar dit was net nie in die erediens nie. Die probleem met hierdie verklaring is dat dit steeds maar veronderstel dat die gedeelte voor vers 17 nie oor die erediens handel nie.

Dit blyk nie moontlik te wees om sonder teësprak vas te stel waar die Korinthise vroue gebid en geprofeteer het nie. Grosheide (s.j.:134) wys egter tereg daarop dat 1 Kor. 11:5 ten minste na optrede in die openbaar verwys, aangesien die hele perikoop veronderstel dat die vrou se optrede (met of sonder hoofbedekking) 'n bepaalde getuigenis na buite laat uitgaan (verse 6 en 13). Dit blyk dus dat bid en profeteer in die erediens nie uitgesluit was nie.

**7.4.1.2** Waarskynlik is 'n belangriker vraag om te beantwoord die vraag na die aard van die bid en die profeteer. Ook hieroor bestaan verskeie menings.

1. Daar is die verklaring dat die vroue van 1 Kor. 11:5 gebid en geprofeteer het deur na ander se gebede en prediking te luister. Sy het dus nie self aktief gebid en geprofeteer nie. Hierdie verklaring het egter nie ondersteuning uit die teks of die konteks nie, en moet derhalwe afgewys word.
2. Hierteenoor moet aanvaar word dat Paulus in 1 Kor. 11:5 daarvan uitgaan dat vroue in die openbaar (moontlik in die openbare erediens) bid en profeteer. Dit gaan nie daarvoor of vroue mag bid of profeteer nie, maar oor hoe hulle dit doen (Coetzee, in Koers 1975:91). Vir die doel van hierdie studie is die belangrikste saak om uit te maak of haar gebed en/of profesie deel was van optrede in 'n besondere diens (amp) of nie. Volgens Kittel (1985:284) het die werkwoord "proseuchomai" (=bid) nie spesifiek betrekking op die "amptelike" gebed nie. Die werkwoord "profeteuo" (=profeteer) het soms wel die betekenis van om (amptelik) as profeet op te tree, soos in Mt. 7:22, maar word merendeels gebruik in die betekenis van "om 'n boodskap wat van God ontvang is, mee te deel", soos in 1 Kor. 11:5 (Kittel, 1985:960). Hierdie gebed en profesie was dikwels juis "nie-amptelik" deurdat dit eerder beoefen was kragtens die charisma as kragtens die amp. (Kittel, 1985:961). Verskeie verklaarders is daarom daarvan oortuig dat Paulus in 1 Kor. 11:5 (soos ook Petrus in Hd. 2:17) nie na amptelike lering of prediking verwys nie, maar na charismatiese gebed en profesie (Coetzee, in Koers 1975:91v.; Huis, 1951:30; Scholtz, 1982:98; Den Boer, 1985:100; Kok, & 1015:41; Kruger, 1978:24). Hierdie verklaring is in lyn met die konteks waarin 1 Kor. 11 staan: Die aanwending van die verskeidenheid van gawes in een gemeente (vgl. 1 Kor. 12).

#### **7.4.2 Ander Skrifgedeeltes oor dienswerk van vroue.**

Desgelyks word daar op die volgende plekke verwys na vroue wat hulle gawes op een of ander wyse in die kerk aangewend het, sonder dat dit noodwendig amptelike dienswerk was (Kok, 1915:36-37; Scholtz, 1982:91):

Hd. 18:26:- "Aquila en Priscilla . . . het hom noukeuriger die weg van God uitgelê."

Rm. 16:3:- "Groet Priscilla en Aquila, my medewerkers ..."

Rm. 16:6:- ". . . Maria wat baie vir ons gearbei het."

Rm. 16:12:- ". . . Trifera en Trifosa, vroue wat in die Here arbei."

Fil. 4:2,3:- "Euodia en Sintiche . . . vroue wat met my saamgestry het in die evangelie."

Titus 2:3,4:- "Die ou vroue moet . . . leraresse (wees) van wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees ..."

#### **7.4.3 Febe die "diakonos" (Rm. 16:1)**

Was Febe van Rm. 16:1 'n amptelike diaken? Hieroor is daar redelike verskil van mening.

**7.4.3.1** Argumente ten gunste van die diaken-amp van Febe (Coetzee, in Koers 1975: 94; Scholtz, 1982: 87vv.):

- (1) Febe word deur Paulus in Rm. 16:1 'n "diakonos" genoem. Suiwer taalkundig beteken die woord "diaken" wat dui in die rigting van 'n amp.
- (2) Hoewel "diakonos" ook met die woord "dienaar" vertaal kan word, is daar ander Griekse woorde vir dienaar of dienaresses soos "huperetes" "therapeina" en "doule".
- (3) Die manlike woord "diakonos" dui waarskynlik op 'n tegniese ampsterm en nie op die algemene term "dienaresses" nie. In die papiri van daardie tyd is die woord "diakonos" inderdaad ook gebruik t.o.v. vroulike ampsdienaresses.



- (4) In plaas van die werkwoord "diakonein" (oftewel: "diakonousan") wat meer die nadruk op die aktiwiteit van die dienswerk kan laat val het, gebruik Paulus die "statiese" frase "ousan diakonos", wat eerder amp as aktiwiteit beklemtoon (vgl. Ridderbos, 1959:342; Coetzee, in Koers 1975:94).
- (5) Die verbinding "diakonos tês ekklesias" (diaken van die gemeente) plaas Febe se dienswerk buite die kader van bloot persoonlike diens, maar stel haar diakonos-wees in 'n onlosmaaklike relasie tot die gemeente.

**7.4.3.2** Teenoor die argumente wat pleit vir 'n amptelike posisie van Febe moet die volgende oorwegings egter gestel word:

(1) Van die 20 plekke waar Paulus die woord "diakonos" gebruik (Rm. 16:1 uitgesonderd), word dit slegs in die volgende 3 gevalle duidelik met die betekenis van 'n amptelike diaken gebruik:

- Flp. 1:1 - "Paulus en Timotheüs- . . . aan al die heiliges . . . wat in Filippi is, saam met die opsieners en "diakonois"
- 1 Tm. 3:8 - "Net so moet die "diakonoi" waardig wees, nie uit twee monde spreek nie ..."
- 1 Tm. 3:12 - "Die diakonoi moet manne van een vrou wees ..."

In die volgende 5 gevalle sou die konteks wel kan toelaat dat "diakonos" as 'n amptelike diaken opgeneem word, maar eerder as 'n dienaar in die algemeen:

- Ef. 6:21 en Kol 4:7 - "Alles sal Tichikus, die geliefde broeder en troue "diakonos" in die Here, julle bekend maak."
- Kol 1:7 - "Epafras . . . wat 'n getroue "diakonos" van Christus vir julle is."
- 1 Ts. 3:2 - "Timotheüs, ons broeder en "diakonos" van God ..."
- 1 Tm 4:6 - "As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie "diakonos" van Jesus Christus wees."

In die meerderheid van gevalle laat die konteks waarbinne die woord gebruik word egter glad nie toe dat dit as 'n verwysing na 'n "diaken" opgeneem kan word nie, naamlik die volgende:

- Rm. 13:4 - Die owerheid is 'n "diakonos" van God. Rm. 15:8 en Gl. 2:17 - Christus is 'n "diakonos".
- 1 Kor. 3:5 - Paulus en Apollos is "diakonoi".
- 2 Kor. 3:6 - Die apostels is "diakonoi" van die nuwe verbond.
- 2 Kor. 6:4 - Paulus is 'n "diakonos" van God
- 2 Kor. 11:15 - "diakonoi" van Satan!
- 1 Kor. 11:23; Flp 1:1 - Paulus (en Tim.) is "diakonos" van Christus.
- Ef. 3:7; Kol. 1:23 - Paulus is 'n "diakonos" van die evangelie.
- Kol. 1:25 - Paulus is "diakonos" van die liggaam van Christus (kerk).

Dit blyk dus dat die gebruik van die woord "diakonos" deur Paulus nie noodwendig in die rigting van 'n amptelike diaken dui nie.

(2) Febe word in Rm. 16:2 'n beskermster (Gr. : prostatis) genoem. Hierdie. Griekse woord kom nie op ander plekke in die N.T. voor nie. Die uitdrukking "prostatis" kan op 'n

amptelike posisie dui, maar dit kan ook die algemene betekenis van "hulpverlener" of "bystandbetoner" hê (Huis, 1951:50). Dit lyk of in Rm. 16:1 "prostatis" nie 'n amptelike hoedanigheid aandui nie, want Febe word die "prostatis van die apostel" genoem. Die Jode het ook die benaming "prostatis" geken. Hierdie naam of titel is aan vroue gegee wat hulle besonder in diensbetoon onderskei het (Von Harnack, 1924:597).

Febe was waarskynlik 'n suster wat haar besonder beywer het in hulpverlening aan verbytrekkende vreemdelinge of seevaarders wat gelowiges was en wat met die gemeente te Kenchreë in aanraking gekom het (Huis, 1951:50). Dit was waarskynlik haar taak in die gemeente (amptelik of nie-amptelik). In hierdie opsig was sy "diakonos tês ekklesias." So was sy ook vir Paulus 'n "prostatis" tydens sy besoek aan Kenchreë (vers 2).

#### **7.4.3.3 Konklusie t.o.v. Febe:**

Die Skrifgegewens is te ontoereikend om definitief te kan sê dat Febe amptelike diaken was of nie. Indien Rm. 16:1 egter in lyn met die ander soortgelyke uitsprake (vgl. 6.4.1 en 6.4.2) gebring word, blyk die mees aanvaarbare verklaring te wees dat Febe nie as amptelike diaken gedien het nie, maar haar dienswerk bloot in die amp van die gelowige verrig het.

Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat Febe 'n amptelike diaken kon gewees het nie. Die moontlikheid bestaan altyd dat sy onder baie besondere omstandighede as amptelike diaken van Kenchreë gedien het. Moontlik was dit 'n geval (soos Debora in die Ou Testament) dat daar nie mans beskikbaar was om as diaken te dien nie, of dat die manlike lidmate in Kenchreë nie as diakens kon dien nie. Dit bly egter alles bespiegelings.

#### **7.4.4 Die vrouens in 2 Timotheüs 3:11**

In 1 Tm. 3:1-13 beskryf Paulus die vereistes waaraan lidmate wat dienswerk in die gemeente verrig, moet voldoen.

In verse 2-7 lees ons die vereistes vir die ouderlinge.

In verse 8-10 kry ons die vereistes vir die diakens.

In vers 11 verneem ons van die vereistes vir die vrouens. Die groot vraag is wat hier met "vrouens" (Gr.: gunaikas) bedoel word. Daar is drie moontlikhede:

- (1) vroue
- (2) vroue van diakens
- (3) vroulike diakens

Dit gaan in 1 Tim 3:11 sonder enige twyfel oor 'n aparte kategorie in die gemeente. Bewys vir hierdie stelling vind ons in die woorde aan die begin van die vers: "net so" (Gr.: hosautos). Dit dui op 'n nuwe groep analoog aan die voorafgaande, nl. vers 8. Verder is al drie die groepe wat in 1 Tim 3:1-13 bespreek word, afhanklik van die "dan moet" (Gr.: dei oun) in vers 2. Dit gee ons die volgende struktuur:

'n opsiener dan moet wees . . . (vs.2)

net so moet die diakens wees . . . (vs.8)

net so moet die vrou wees . . . (vs.11)

Hier is dus duidelik sprake van drie groepe in die gemeente: opsieners, diakens en vroue. Al drie groepe het 'n spesiale diens in die gemeente. Hier gaan dit dus nie oor vrouens van diakens nie. Paulus bedoel dus vroulike diakens of vroue wat bepaalde dienswerk in die gemeente verrig. Coetzee kies saam met Ridderbos vir vroulike diakens op grond van die

struktuur waarin presies gelykwaardige en doelbewuste parallelle oor hierdie gesprek word as oor die vrouens en manlike diakens. Die vrouens is daarmee "binne die 'ampskader' van 3:1-11" geplaas (Coetzee, in Koers 1975:93).

Ridderbos is ook van oordeel dat hier deur Paulus aan die arbeid van bepaalde vroue 'n "kerklik ijk" gegee word. Hulle moet dan ook as egte en eintlike diakens beskou word (Ridderbos, 1967:99).

Den Boer (1985:155-7), aan die ander kant, meen dat die opbou en struktuur van die perikoop juis in die teenoorgestelde rigting wys: Die vroue word weliswaar binne die ampskader van die diakens genoem, maar juis as 'n APARTE groep, met eie vereistes wat feitlik parallel aan die van die diakens loop (vgl. Titus 2:2-6 waar presies dieselfde 'hosautos'-struktuur gebruik word om na drie aparte groepe in die gemeente te verwys: Die ou manne . . . so ook die ou vroue . . . so ook die jongmanne). Die (feitlik) parallelle vereistes wat vir die diakens en vir die "vroue" gee die suggestie dat hoewel die "vroue" as 'n aparte groep vermeld word, hulle dienswerk wel op diakonale terrein val. Let op die parallelle vereistes.

### Diakens

### Vroue

3:8 goeie karakter

3:11 goeie karakter

3:8 nie uit twee monde praat nie

3:11 nie skinder nie

3:8 nie aan drank verslaaf nie

3:11 nugter

3:8 nie oneerlike winsbejagters nie

3:11 in alles betroubaar

Paulus verwys dus in alle waarskynlikheid na vroue wat nie diakens was nie (daarom as aparte groep vermeld), maar wat tog dienswerk op diakonale terrein verrig het. Hendriksen (1976:133) is van oordeel dat dit hier gaan om vrouens wat hulpdienste verrig en hy verwys dan na die weduwees van 1 Tim 5:9. Teen hierdie agtergrond lyk dit nodig dat die moontlikheid van 'n aparte diens vir vroue in die kerk weer onder die loep geneem word. Volgens Calvyn behoort daar so 'n aparte vrouediens naas die diakens in die kerk te bestaan. Calvyn (Institusie IV 3.9) meen dat daar reeds in Rm. 12:8 van twee aparte kategorieë van diakens gepraat word, nl. die wat uitdeel en die wat barmhartigheid bewys. Calvyn verklaar die teks dan so dat daar diakens is wat die kerk dien in die bestuur van die sake van die armes; en 'n ander kategorie van diakens wat self aktief met die versorging van die armes besig is. Volgens Calvyn moet die vroue in laasgenoemde kategorie aangewend word."

Oor 'n moontlikheid van 'n eie diens vir vroue in die kerk is verdere studie nog nodig. Hiertoë kan 'n deeglike studie van die weduwees waarvan ons in 1 Tim. 5:9 lees, 'n belangrike bydrae lewer.

#### 7.4.5 Die weduwees in die gemeente (1 Timotheüs 5:9)

In 1 Tim. 5:9 skrywe Paulus oor weduwees wat ten minste sestig jaar oud is en wat gekies. (1933/53 vert.) of op 'n lys geplaas is (1983-vert.). Paulus onderskei in 1 Tm. 3 drie groepe weduwees:

- (1) weduwees wat nog 'n eie familie het (vs.4)
- (2) weduwees wat alleen agtergelaat is (vs.5)
- (3) weduwees wat in die gemeente dien (vs.9).

Die derde groep bestaan uit weduwees wat 'n bepaalde leeftyd bereik het en wat 'n bepaalde diens in die gemeente verrig, naamlik versorgingsarbeid (1 Tim 5:10). Die weduwees is met die oog op hierdie dienswerk van versorging ingeskryf of gekies. Die Griekse woord wat met "gekies" vertaal is, is "katalegesthai", 'n woord wat slegs hierdie een plek in die Bybel

voorkom. Die vraag is of ons by katalogesthai aan die aanstelling in 'n amp moet dink of nie. Bauer (1957:414) gee die betekenis aan as "verkies", Liddel-Scott as "op 'n lys of rol plaas" (enroll, enlist). Volgens Bauer is hierdie woord in die Papiri gebruik om "aansluiting by" of "insluiting by" 'n godsdienstige organisasie aan te dui. 'n Mens sou dus by 1 Tm. 5:9 kan dink aan 'n groep vroue (weduwees) wat ingesluit word by die arbeid van die diakonie, nie as objekte van die arbeid nie, maar as subjekte daarvan. So sou 'n weduwee bv. kon gaan help as 'n moeder van klein kindertjies siek word en daar nie familie is wat kan gaan help nie. Wanneer die "aanstelling" van die weduwees in 1 Tm 5:9 vergelyk word met die aanstelling van ampsdraers, blyk dit dat 'n ander werkwoord gebruik word wanneer na die aanstelling van ampsdraers verwys word, nl. "kathistèmi". Die woord "kathistèmi" het 'n baie wye betekenisveld, maar word onder meer gebruik om te verwys na die aanstelling of instelling in 'n amp. So word die woord in Titus 1:5 gebruik t.o.v. die aanstelling van ouderlinge, en in Hd. 6:3 t.o.v. die instelling van die amp van die Sewe. Dit blyk dus uit die Griekse woordgebruik dat by ouderlinge en diakens die "amptelike" karakter van hulle aanstelling sterker na vore kom as by die weduwees. Paulus verwys dus in alle waarskynlikheid in 1 Tm. 5:9 na weduwees wat volgens vaste reëling barmhartigheidsdiens in die gemeente verrig het sonder om in die besondere amp van diaken te staan (Huis, 1951:53-55; Kok, 1915:38; Den Boer, -1985:159). Dit is dus heeltemal moontlik dat die weduwees van 1 Tm. 5:9 inbegrepe kon wees by die vroue van 1 Tm 3:11. Die moontlikheid vir ondersoek na die bestaan van 'n afsonderlike - en selfs besondere - diens vir vroue (weduwees) in die Kerk, staan dus oop.

## **7.5 Die vrouevryheidsbeweging in Korinthe**

Uit die Skrifgedeeltes wat hierbo nagegaan is, blyk dat die Christelike gemeenskap in die destydse samelewing 'n unieke gemeenskap was: God het die vrou opgehef om saam met die man kind van God te wees en haar so geestelik gelykwaardig aan hom gemaak (vgl. 6.1 hierbo). God het ook sy gawes (charismata) nie net aan die man nie maar ook aan die vrou gegee (vgl. 6.2 hierbo) en haar in die posisie gestel om die gawes vry-uit in die gemeente aan te wend (vgl. 6.3 hierbo). Sy kon haar profetiese gawes, haar gawes om onderrig te gee, haar gawes om hulp te verleen voluit in die gemeente aanwend, al was dit nie noodwendig deur in die besondere amp te staan nie (vgl. 6.4 hierbo).

Midde in hierdie gawes van God was daar egter ook 'n bedreiging: So maklik kon die vrou vergeet dat God behalwe die gawes, ook 'n bepaalde orde tussen man en vrou in die huwelik gegee het. Dit kon dan gebeur dat sy in die aanwending van haar gawes, die Godgegewe orde tussen man en vrou oorboord gooi.

In die gemeente van Korinthe is hierdie gevaar aangeblaas deur die destyds emansipasiedrang, oftewel libertinisme van vroue, wat in die hele Hellenistiese wêreld, veral in Korinthe, hoogty gevier het.

Sommige vroue in die Korinthiese gemeente het, aangevuur deur die libertinisme, die "nuwe vryheid in Christus" aangegryp en daarvan ongebondenheid gemaak: Hulle wou dat alles wat vir die man in die gemeente geld, ook net so vir die vrou sal geld; hulle wou ook alle bande van onderdanigheid aan hulle mans afgooi. Die libertinistiese vrou het haar "vryheid" op twee maniere in die gemeentevergadering gedemonstreer:

- (1) Sy het haar hoofbedekking. (die "palla"), wat tradisioneel teken van vroulike onderdanigheid en teruggetrokkenheid was (Den Boer, 1985:101) afgehaal (Van Unnik, 1947:8)
- (2) Sy het vir haarself 'n baie vrye sê in die gemeentebyeenkoms toegeëien (Den Boer,

1985:108.). In alle waarskynlikheid wou sy haar nie deur die mans laat stilmaak nie. Hierdie toestand het tot onmin in die gemeente gelei en die goeie orde bedreig.

## **7.6 Paulus wys die libertinisme af**

Die probleme wat as gevolg van die libertinisme ontstaan het, was een van die oorsake wat daartoe aanleiding gegee het dat Paulus die brief aan die Korinthiërs geskryf het. Spesifiek in 1 Kor. 11:2-16 en 14:34-35 skryf Paulus oor die kwessie van die valse vryheidsdrang onder vroue in die gemeente.

### **7.6.1 1 Korinthiërs 11:3-16**

Die gedagtegang van die perikoop loop langs twee lyne:

- (1) Die man is die hoof van die vrou in die huwelik (v.3-10)
- (2) Man en vrou is gelykwaardig in die huwelik (v. 11-12). Hierdie twee gedagtelyne is nie in stryd met mekaar nie, maar vul mekaar aan: Deur albei kante van die waarheid te stel, word eensydigheid voorkom (Kok, 1915:29-31).

#### **7.6.1.1 Die man is die hoof van die vrou in die huwelik**

- (1) Paulus stel dit baie duidelik dat die hoofskap van die man 'n onveranderbare gegewene van God is. Hy motiveer sy stelling op twee maniere:
  - a. Die hoofskap van die man oor die vrou is 'n parallel van die hoofskap van God (die Vader) oor Christus (vs.3). Hierdie parallel word in Ef. 5:23 nog verder uitgebou: "Die man is die hoof van die vrou soos Christus ook Hoof is van sy gemeente." Aantasting van die hoofskap van die man kom dus in wese neer op aantasting van die Hoofskap van God en Christus.
  - b. Paulus motiveer verder uit die Skepping - weer eens 'n onveranderlike saak (vs. 7-9). Die Skepper het aan man en vrou elk 'n eie plek toegeken, nl. dat die man die leiding gee (as hoof optree) en dat die vrou dienend optree (ter wille van die man). Indien die vrou nie haar man se leiding wil erken nie, verset sy haar teen 'n Skeppingsordening van God.
- (2) Dit moet ook in die kerklike lewe blyk dat die man die vrou se hoof is. Daarom moet die vrou "'n aanduiding van gesag" hê. Hoofbedekking was destyds 'n aanduiding van gesag, so bepaal nie deur Goddelike verordening nie, maar deur die "algemene opvatting" (vs. 14) waarvolgens 'n onbedekte hoof en afgeskeerde hare "lelik" (vs. 6) en "onbetaamlik" (vs. 13) vir 'n vrou was, terwyl lang hare en bedekte hoof haar tot eer gestrek het (vs. 15).
- (3) Die woorde ". . . ter wille van die engele" (vs.10) het al aanleiding tot baie vergesogte verklarings gegee (vgl. Den Boer, 1985:123). Die aanneemlikste verklaring blyk die volgende te wees: Die engele, wat as hemelwesens altyd in die samekoms van die gemeente teenwoordig is, verbly hulle daarin as God se ordonnansies in ere gehou word, want daardeur word God verheerlik. Waar vrouens dus volgens God se skeppingsordening haar man se hoofskap oor haar erken, dien dit tot blydskap vir die engele; die teendeel bedroef die engele (Kok, 1915:2S; Huis, 1951:41)..

#### **7.6.1.2 Man en vrou is gelykwaardig**

Die hoofskap van die man oor die vrou huisves nie die gedagte dat die vrou minderwaardig teenoor die man is nie. Hulle is gelykwaardig in die Here. vs. 11:- "En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie." Die woorde "in die Here" is hier van belang. Dit is die aanknopingspunt met Gl. 3:28 ("julle is een in Jesus

Christus"). Paulus verwys dus hier, soos in Gl. 3:28, na die gelykwaardigheid van man en vrou. Wie egter nie die gelykwaardigheid van man en vrou handhaaf nie, maak van die man se hoofskap 'n tirannie.

### **7.6.1.3** Samevatting t.o.v. 1 Korinthiërs 11:3-16

In hierdie perikoop word ons geleer dat die gawes wat God aan man en vrou gee, aangewend moet word binne die gesagsordening wat God van die begin af daargestel het. Die manier waarop sy sy gesag erken het nl. deur haar hoof te bedek, was tydsbepaald.

### **7.6.2** 1 Korinthiërs 14:34-35 bevat die bekende "swyggebod":

"Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is haar nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. Maar as hulle iets wil leer, laat hulle hulle eie mans vra, want dit is lelik vir vrou in die gemeente om te spreek. . ."

**7.6.2.1** Op die oog af lyk dit of die "swyggebod" lynreg in stryd met 1 Kor. 11:5 is, waar die vrou juis toegelaat word om te bid en te profeteer. Vir hierdie "teenstrydigheid" word daar verskeie "oplossings" aangebied, waarvan die belangrikste die volgende is:

- Die maklikste uitweg is om 1 Kor. 14:34-35 as 'n interpolasie te beskou en te skrap. Van den Berg (1982:16-21) wys dit op tekskritiese en stilistiese gronde af.
- Hoofstuk 11 word betrek op die huisgodsdien, hoofstuk 14 op die eredien. Huis (1951:42) toon aan dat die konteks hierdie uitweg nie toelaat nie.
- Hoofstuk 11 spreek van charismatiese en hoofstuk 14 van nie-charismatiese optrede. Huis (1951:42) se beswaar is dat so 'n argument charisma en amp skei.
- Hoofstuk 14 stel die reël, hoofstuk 11 die uitsondering. Huis (1951: 43) antwoord: Hoofstuk 11:5 verwys na vroue wat bid en profeteer as 'n normale, aanvaarde feit.
- Wijngaards sê dat Paulus in 1 Kor. 14:34-35 sy vyandige vooroordeel jeens vroue verrai. Ook hierdie gedagte is onaanvaarbaar op grond van hermeneutiese uitgangspunt 1.1 hierbo.

**7.6.2.2** 1 Kor. 14:34-35 moet egter nie teenoor 1 Kor. 11 gestel word nie, maar in die lig daarvan verklaar word (vgl. hermeneutiese uitgangspunt 1.3.1.3 hierbo). 1 Kor. 11:34-35 hou immers, net soos 1 Kor. 11 verband met die feit dat die vrou haar man se leiding oor haar moet erken (vs.34:- ". . . om onderdanig te wees"). Voorts handel albei gedeeltes oor hoe die vrou moet aandui dat sy haar man se gesag erken: In 1 Kor. 11 doen sy dit deur haar hoof te bedek; in 1 Kor. 14 doen sy dit deur te swyg.

### **7.6.2.3** Waarom juis "swyg" om gesagserkenning aan te dui?

Die libertinistiese vroue in Korinthe het deur die vrye sê wat hulle vir hulleself in die gemeente toegeëien het, 'n dominerende rol in die gemeente begin speel (Den Boer, 1985:101). Haar manier van praat in die samekoms word in die Grieks met die woord "lalein" aangedui. Scholtz (1982:125) en Huis (1951:44) gee die betekenis van "lalein" aan as 'n informele, ongeordende praterij. Moontlik het van die vroue, gedryf deur 'n libertinistiese gees, die voorganger sommer met allerlei tussenwerpsels en vrae in die rede geval, en haar nie deur die mans laat stilmaak nie. Hoe dit ook al sy, haar gepraat in die gemeente het nie net die goeie orde versteur nie, maar was ook deel van haar verset teen die hoofskap van die man. Paulus se doel met 1 Kor. 14:34-35 is dus nie soseer om die vrou absolute swye op te lê nie, maar veel eerder om enige spreke van die vrou waarby sy nie die hoofskap van haar man erken nie, te verbied. Indien 1 Kor. 14:34-35 so verstaan word, sluit

dit geheel en al by 1 Kor. 11 aan: Die vrou word nie deelname aan die gemeentelike samekoms ontsê nie. Sy word wel toegelaat om in die gemeente te spreek, op voorwaarde dat sy dit op so 'n wyse doen dat sy daardeur haar man se hoofskap oor haar erken. Sy mag nie deur of in haar spreke probeer om oor hom te heers nie. Indien sy egter deur haar spreke die leiding by haar man probeer oorneem, word sy die swye opgelê.

### **7.6.3 1 Timotheus 2:8-15**

**7.6.3.1** Ook 1 Tm. 2:8-15 word dikwels as in stryd met 1 Kor. 11 beskou (Huis, 1951: 46). Tog, as hierdie perikoop in die regte lig gesien word, sluit dit volkome by 1 Kor. 11 en 1 Kor. 14 aan. Die perikoop bestaan uit drie hoofdele:

- (1) Man en vrou by die openbare gebed in die erediens (vs.8-10)
- (2) Man en vrou by die onderrig in die erediens (vs. 11-12)
- (3) Begroning van die hele betoog in skepping en sondeval (vs. 13-15)

#### **7.6.3.2 Man en vrou by die openbare gebed in die erediens**

Verse 8 en 9 handel albei oor die openbare gebed. In vs. 8 word die manne opdrag gegee om op elke plek/geleentheid te bid en heilige hande op te hef, d.i. volgens die gewoonte van die tyd voor te gaan in die gebed. Vs. 9 sê dan: "So ook moet die vrou hulle versier ...". Met "so ook" (Gr.: hosautos) word gesê: In dieselfde situasie as die man, nl. wanneer sy bid. 1 Tm. 2:9 is dus in ooreenstemming met 1 Kor. 11:5 deurdat dit daarvan uitgaan dat die vrou in die samekoms kan bid: In teenstelling met die man moet die vrou egter 'n onmiskenbare toonbeeld van beskeidenheid en ingetoënheid wees (vs. 9-10). Ook hierin is daar volkome ooreenstemming met 1 Kor. 11:5 (dat sy nie met onbedekte hoof mag bid nie).

#### **7.6.3.3 Man en vrou by die onderrig in die erediens**

Soos in 1 Kor. 14:34-35, word die vrou ook in 1 Tm. 2:11-12 die swye opgelê. Maar, net soos in 1 Kor. 14, is die kruks van die saak nie of die vrou onderrig gee of nie, maar of sy haar aan haar man se leiding onderwerp of nie. Dat dit wel die geval is, blyk uit die volgende woorde in vs. 11 en 12:

vs.11: "Die vrou moet haar IN STILTE laat leer" - in stilte, d.w.s met 'n kalme gees, sonder om strydlustig te wees. vs.11: "... in alle onderdanigheid."

vs.12: ". . . om onderrig te gee of oor haar man te heers nie." - Paulus se beswaar teen die feit dat sy onderrig gee, lê juis daarin dat sy daardeur oor haar man sal heers.

vs.12: ". . . maar sy moet haar stil hou." - weer soos in vs.11. Dit blyk verder dat die woorde "stilte", "onderdanigheid", "nie heers nie", "stil wees" (gr.: hesuchia - hupotage - ook authentein - hesuchia) is die goue draad waarmee hierdie twee verse struktureel saamgebind word (in 'n chiasme). Deur die strukturele ordening van die twee verse gee Paulus dus te kenne dat die belangrike saak vir hom is dat die vrou nie self die leiding sal neem nie maar haar aan die man se leiding sal onderwerp.

Dit gaan in hierdie verbod nie oor die verbied van die aanwending van leergawes wat God die vrou gegee het nie, maar dat die vrou in die aanwending van sulke gawes steeds haar Godegewe plek as vrou sal erken, naamlik dat sy haar nie sal begeef in die offisiële leeroordrag nie d.w.s in die amptelike prediking nie, omdat dit MET GESAG die gemeente oproep om in die leer van die apostels te bly (Den Boer, 1985:114). Hiervolgens sou 'n vrou met leergawes wel (in opdrag van en onder toesig van die kerkraad) kan deelneem aan die kategetiese onderrig in die gemeente (soos Priscilla), sonder om aan haar man onderrig te gee en sodoende met gesag oor hom op te tree.

#### **7.6.3.4 Die begronding van die hele betoog**

Net soos in 1 Kor. 11:8-9 wys Paulus in 1 Tm. 2:13 daarop dat die hoofskap van die man nie maar sommer uit die lug val of blote gewoonte is nie: Nee, dit is 'n skeppingsordening wat God daargestel het: "Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva."

Paulus voeg egter in vs. 14 'n tweede argument by, wat hy nog nie tevore gebruik het nie: "En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in die oortreding gekom." Hiermee stel Paulus nie die minderwaardigheid van die vrou nie, maar konstateer die feit dat die vrou by die sondeval die leiding oor haar man wou neem, wat op 'n fiasko uitgeloop het en as waarskuwende voorbeeld moet dien (Huis, 1951:49). Die vrou moet dus waak dat sy nie weer 'n Evas-houding inneem nie. Sy moet laat blyk dat sy haar man se leiding oor haar erken.

#### **7.6.3.5 Getroudes of nie-getroudes?**

Met betrekking tot die verwysing in 1 Tim 3 na die skeppingsprimate van die man, is dit onduidelik of Paulus hier van die verhouding tussen man en vrou binne die huwelik of die verhouding tussen man en vrou oor die algemeen praat.

A.B. du Toit (ongepubliseer) is van mening dat dit hier oor man en vrou in die algemeen gaan. Gedagtig aan die duidelike huweliksgerigtheid van 1 Kor. 11, moet die moontlikheid van 'n huweliksgerigtheid van hierdie verse egter ook in gedagte gehou word.

#### **7.6.3.6 Man en vrou tog gelykwaardig voor God**

Soos in 1 Kor. 11:11-12, handhaaf Paulus ook in sy skrywe aan Timotheüs die balans deur daarop te wys dat die vrou voor God gelykwaardig is. Dit doen hy in vs. 15: "Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in die geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid." Die feit dat die vrou by die sondeval die leiding geneem het, moet nie die indruk laat dat sy meer doemwaardig as die man is nie. Nee, voor God is man en vrou gelykwaardig. Vanweë die erfskuld en erfsmet is man en vrou ewe doemwaardig; deur die geloof in Jesus Christus word man sowel as vrou van oordeel gered. Maar selfs in haar redding word die vrou se eiesoortigheid erken: Sy word naamlik gered te midde van die feit dat sy die een is wat kinders in die wêreld bring. Tog word sy langs dieselfde heilsweg as die man gered, naamlik geloof, liefde en heiligmaking. Daar bestaan dus geen twyfel nie: Te midde van die differensiasie is man en vrou absoluut gelykwaardig voor God!

### **7.7 Petrus in aansluiting by Paulus**

Paulus se beskouing van die man-vrou-verhouding is nie tot hom beperk nie (allermens bloot deel van 'n "Pauliniese teologie!"). Die apostel Petrus sluit volledig by Paulus se beskouing aan. In 1 Pt 3:1-7 gee Petrus riglyne oor die verhouding van man en vrou. Petrus maak die volgende duidelik:

- (1) Die vrou moet aan haar man onderdanig wees (vs. 1,5).
- (2) Die vrou se versiering moet eerder innerlik as uiterlik wees (vs. 3-5). Vgl. 1 Tm 2:9-10.
- (3) Die man, aan die anderkant, moet nie oor die vrou heers nie, maar "verstandig met haar saamlewe" en aan haar "eer bewys" (vs.7).
- (4) Man en vrou is gelykwaardig voor God (vs. 7: "mede-erfgename van die genade").

### **7.8 Paulus wys op die wese van ware Christelike hoofskap**

Wanneer Paulus sê dat die man die hoof van die vrou is, sê hy nie dat hy haar opperhoof is



nie. Anders sou dit weliswaar die geval gewees het dat Paulus nog gebuk gegaan het onder die Joodse manlike oorheersingsdrang. Paulus het egter onder inspirasie van die Heilige Gees geskrywe. Daarom is sy woord geheilig van alle sondige motiewe. Dit blyk ook in sy beskrywing van die hoofskap van die man.

Hierbo is reeds aangetoon dat Paulus die man in geen opsig meerderwaardig of belangriker as die vrou ag nie. Hoe die ware Christelike optrede van die man as hoof van sy vrou moet wees, blyk duidelik uit Efesiërs 5:21-25. Hierdie verse bied ons die volgende perspektief op die hoofskap van die man:

Om hoof te wees, is om te dien. Uit die staanspoor stel Paulus dit bo alle twyfel: In die huwelik moet man en vrou aan mekaar onderdanig wees (vers 21). Hoe kan die man, sy vrou se hoof wees en terselfdertyd aan haar onderdanig wees? Op hierdie vraag kry ons die antwoord in vers 23: "Die man is hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente." En dan, in vers 25vv, word beskrywe hoedat Christus as hoof van sy gemeente aan haar onderdanig was: Hy het sy gemeente liefgehad; Hy het Homself daarvoor oorgegee. Hy bly egter hoof deurdat die gemeente na Hom luister (vers 24). "So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame . . . haar voed en koester, net soos die Here sy gemeente. "

Die styl van hoofskap van die man is dus volgens Paulus nie die van oorheersing, tirannie, gesagswang, baasskap of opperhoofskap van 'n meerdere teenoor 'n mindere nie (Haitsma, 1987:6). Verre daarvandaan! As hoof van sy vrou moet die man haar met liefde, in nederigheid, met offervaardigheid, dienend lei - soos Christus sy gemeente. Christus het immers op die vooraand van sy kruisiging aan sy dissipels getoon dat Hy wat hulle Meester en Here is, juis aan hulle diensbaar is deur selfs hulle voete te was (Jh. 13:14). Deur te dien, kom die man se hoofskap nie in gedrag nie, maar vind dit juis gestalte!

Dit is natuurlik 'n ope vraag of die moderne (en vroeëre) styl van hoofskap van mans oor hulle vroue (ook in die kerk) aan hierdie Bybelse eis beantwoord. Dit is stellig meestal so dat mans hulleself nie as hoof van sy vrou (in die Bybelse sin van die woord) beskou nie, maar homself as haar "baas" beskou en daarom oor haar probeer baasspeel - ook in die kerk. Dit is 'n karikatuur van die hoofskap van die man en moet baie sterk afgewys word. In hierdie rapport is dit noodsaaklik om aan te dui dat sodanige styl van hoofskap-beoefening deur mans nie verdedig kan word nie. Vroue wat onder so 'n hoofskap gebuk gaan, word sonder enige twyfel verontreg! (vgl. Van der Walt, 1986/87).

Aan die ander kant maak die verkeerde gebruik van 'n saak nog nie die saak verkeerd nie. Die feit dat God van die mans eis om hulle van 'n sondige hantering van hulle hoofskap te distansieer wil nie sê dat die man nie meer die hoof van die vrou is of moet wees nie. God eis steeds dat die man hoof van sy vrou moet wees, maar dan volgens die voorbeeld van Christus wat Hy in Efesiërs 5:21vv. aan ons voorhou.

## **7.9 Samevatting t.o.v. plek van die vrou in Handeline en sendbriewe**

Paulus se antwoord waarmee hy die libertinisme onder die vroue in die gemeentes afwys, toon sy standpunt oor die plek van die vrou in die kerk:

**7.9.1** Die man is die hoof van die vrou in die huwelik. Dit is 'n onveranderlike Godgegewe skeppingsordening.

**7.9.2** Hierdie hoofskap van die man is nie 'n oorheersing of onderdrukking of geringskatting van die vrou nie, maar leidinggewing wat hom in liefdevolle offervaardigheid aan haar diensbaar maak.

**7.9.3** Die vrou moet in haar optrede in die gemeenskap daarvan blyke gee dat sy haar man se hoofskap oor haar erken.

**7.9.4** Daarom moet sy in die aanwending van haar Godgegewe gawes in die midde van die gemeente haar man as haar hoof erken.

**7.9.5** Paulus handhaaf die volgende maniere waarop die vrou in die ere diens erkenning aan haar man se hoofskap kan betoon:

- (1) Wanneer sy bid of profeteer moes sy haar hoof bedek (in aansluiting by destydse samelewingsbeskouings, vgl. 7.6.1).
- (2) Sy moes in die gemeente swyg. Paulus se bedoeling was egter nie dat sy glad nie mag praat nie. Sy mag wel praat en optree (bv. bid of profeteer), maar nie op so 'n manier dat haar man hom aan haar leiding moet onderwerp nie.
- (3) Uit (2) vloei prakties voort: Sy moenie haar man probeer leer nie maar haar aan sy lering onderwerp.

## **8. NUWE-TESTAMENTIESE SKRIFGEGEWENS TOEGESPITS OP DIE PLEK VAN DIE VROU TEN OPSIGTE VAN DIE BESONDERE DIENSTE IN DIE KERK**

### **8.1 Erkenning van leiding**

Volgens die bostaande bespreking van gedeeltes uit die Nuwe-Testament tree een saak sterk na vore:

Die getroude vrou in die Nuwe-Testamentiese kerk moes duidelik haar man se leiding oor haar erken. Hierdie opdrag was nie bloot aan die getroude vroue van daardie tyd gerig nie, maar aan elke getroude vrou in die kerk van alle tye (vgl. 7.6.1.1).

### **8.2 Die weg waarlangs leiding erken word**

Paulus handhaaf dat, dat die vrou in die erediens' erkenning aan haar man se hoofskap kan betoon:

#### **8.2.1 Deur haar hoof te bedek**

Hierdie manier was in aansluiting by die destydse samelewingsbeskouing (vgl. 7.6.1.1). Vir hierdie wyse van erkenning is die samelewingsbeskouing bepalend (vgl. 6.6.1). Solank as wat die samelewing hoofbedekking as 'n wyse van gesagserkenning beskou (soos destyds in Korinthe), het die vrou daarin 'n man waarop sy kan aantoon dat sy haar man se leiding oor haar erken. Aangesien ons moderne samelewing nie meer so 'n betekeniswaarde aan hoofbedekking heg nie, is dit nie meer 'n geldige manier waarop die vrou in die kerk haar man se leiding oor haar kan aan dui nie.

#### **8.2.2 Deur te swyg**

Wat die swyggebod aanbetref, is reeds aangetoon dat die bedoeling nie was om vroue algehele swye op te lê nie (vgl. 7.6.2.3, 7.6.3.3). Anders sou sy selfs nie in die ere diens mag saamsing nie, wat ook met Ou-Testamentiese Skrifgegewens in stryd sou wees (vgl. 4.5.4.2.1). In Nuwe-Testamentiese tye kon vroue in die gemeente spreek, op voorwaarde dat sy haar man se leiding oor haar erken. Prakties beteken dit dat ten minste die getroude vrou in die ere diens nie openlik (formeel, amptelik) leiding mag gee nie. Hierdie beperking het nie net vir destyds gegeld nie, maar geld vir alle tye.

### **8.3 Die weg waarlangs leiding gegee word**

Op watter manier is destyds (en word vandag) openlik en formeel die leiding in die kerk van Christus gegee? Sonder enige twyfel laat Christus dit deur die besondere dienste in die kerk geskied: Die dienste van leraar, ouderling en diaken is elk in 'n eie opsig leidinggewend in die kerk (Bouwman, 1970:346). Die Skrif gee dit duidelik te kenne:

**8.3.1** Die leraar neem die leiding in Woordverkondiging in die erediens. Die leraar (didaskalos) se opdrag is om die evangelie te verkondig (Kol. 1:28; 2 Ts. 2:15). Hy is egter ook herder (Ef. 4:11) wat die kudde geestelik versorg en lei. Hy lei die gemeente in Woordbediening. Die leeropdrag is egter nie net aan die amptelike leraar gegee nie, maar ook aan elke gelowige (Heidelbergse Kategismus Sondag 12). In die amp van die gelowige is elke lidmaat as profeet geroepe om te bid, te profeteer, te leer en te vermaan na die mate van die gawe wat hy/sy ontvang het (Ef. 4:7; vgl. Bouwman, 1970:333). Sulke Woordverkondiging is egter nie uitoefening van die besondere diens nie, maar staan onder toesig van die kerkraad.

\* Wat die plek van die getroude vrou in die kerk aanbetref, sou die volgende as reël geld: Sy kan en moet ook haar leergawes na die mate waarin sy dit ontvang het, voluit in die gemeente aanwend. Sy moet dit egter so aanwend dat sy nie daardeur die leiding in die gemeente oor haar man neem nie. Dit beteken dat sy in die reël nie in diens van Woordbedienaar dien nie. Sy hoef immers nie noodwendig in die besondere diens van Woordbedienaar te staan om haar leergawes in die gemeente te kan aanwend nie. Hieruit is dan waarskynlik ook te verklaar die feit dat daar in die Nuwe Testament geen vermelding is van 'n vrou wat in die diens van Woordbedienaar gestaan het nie.

### **8.3.2 Die ouderling neem die leiding in regering**

Die ouderling word in Fil. 1:1 "episkopos" (=opsiener) genoem; in Rom. 12:8 en 1 Ts. 5:12 word hy "prohistamenos" (=voorganger) genoem, en in 1 Kor. 12:28 "kubernesis" (leier). In Tessalonika het die voorgangers in die gemeente gewerk deur leiding te gee en te vermaan (1 Ts. 5:12). Die ouderlinge neem die leiding in die gemeente deur die regering van Christus te bedien (Bouwman, 1970:525). Die regeeropdrag is egter nie tot die amp van ouderling beperk nie, maar is ook aan elke gelowige gegee (Kategismus Sondag 12).

\* Wat die plek van die getroude vrou in die kerk aanbetref: Sy kan en moet ook haar regeergawes voluit in die amp van die gelowige aanwend. Sy moet dit egter so aanwend dat sy nie daardeur die leiding in die gemeente oor haar man neem nie. Dit beteken dat sy in die reël nie in die amp van ouderling dien nie, aangesien die ouderling juis die amptelike leiding in die gemeente gee. Om te kan regeer, hoef sy immers nie ouderling te wees nie. Hieruit is dan waarskynlik ook te verklaar die feit dat daar in die Nuwe Testament geen vermelding is van 'n vrou wat in die diens van ouderling gestaan het nie.

### **8.3.3 Die diakens neem die leiding in barmhartigheidsoptrede en gemeenskapsbeoefening**

Desgelyks behartig die diakens nie die barmhartigheidsdiens vir die gemeente nie. Die hele gemeente bly daarvoor verantwoordelik om die armes te versorg en mekaar se laste te dra. Die diakonie neem slegs die leiding deur die gawes op 'n sentrale plek bymekaar te bring en dit behoorlik en ordelik uit te deel.

Dit bly egter steeds die gemeente wat barmhartigheid betoon. Dit was, blykens Hd. 6:1-7, van die begin af die geval met die diakens. Daar het in die eerste gemeente onmin ontstaan omdat sommige lidmate in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. Die middele was daar, maar daar was behoefte aan manne wat die regte leiding kon gee in die behoortlike uitdeling daarvan! Dieselfde geld vir die ander aspekte van die gemeentelike gemeenskaps-

beoefening. Die diaken moet nie namens die gemeente die gemeenskapsbeoefening behartig nie, maar moet die gemeente daartoe lei. In die bevestigingsformulier van diakens word hulle taak juis gestel as, "om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen". Die gemeente moet hulle eenheid beoefen; die diakens moet die nodige leiding en organisasie daartoe behartig.

\* Wat die plek van die getroude vrou in die kerk aanbetref: Sy kan en moet ook haar gawes om hulp te kan verleen in die amp van die gelowige aanwend - ter beoefening van die geloofsgemeenskap. Sy moet dit egter doen sonder om in die gemeente die leiding oor haar man te neem. In die reël beteken dit dat sy nie in die besondere diens van die diaken, soos dit tans bestaan, dien nie. Hieruit is waarskynlik te verklaar die gebrekkige (oftewel gebrek aan) getuienis in die Nuwe Testament van vroue wat in die besondere diens van diaken gestaan het.

### **8.3.4 Is daar moontlike uitsonderings op die reël?**

Hierbo is by herhaling gesê dat in die reël die vrou nie in die besondere diens van Woordbedienaar, ouderling of diaken dien nie. Dit lei tot die vraag: Is uitsondering op hierdie reël moontlik?

#### **8.3.4.1 Nuwe-Testamentiese getuienis**

In die Nuwe Testament is daar geen direkte voorbeeld van 'n uitsondering op hierdie reël nie. Daar kan alleen maar bespiegel word oor MOONTLIKE uitsonderings.

- (1) Die mees waarskynlike uitsondering is Febe, die "diakonos" van die gemeente in Kenchreë. Oor die moontlikheid daarvan dat sy amptelik diaken was of nie, is hierbo in 7.4.3 reeds uitvoerig gehandel. Indien Febe wel 'n amptelike diaken van Kenchreë was, sou sy dan 'n uitsondering op die reël gewees het, aangesien daar nie verdere voorbeelde van vroulike diakens in die Nuwe Testament bestaan nie. Dit blyk egter dat sy ewegoed nie-amptelike hulpverlener in die gemeente kon gewees het, sodat haar optrede dus geen uitsondering op die reël sou wees nie.
- (2) 'n Ander moontlike uitsondering op die reël was Priscilla wat, volgens Hd 18:16 saam met haar man Aquilla "die weg noukeurig vir Apollos uitgelê het". Die uitsondering sou bestaan indien Priscilla amptelik as Woordbedienaar opgetree het. Daar bestaan egter nie Skrifgetuienis wat bevestig dat sy wel as amptelike Woordbedienaar opgetree het nie. Dit is baie meer waarskynlik dat sy bloot in die amp van die gelowige haar leergawes aangewend het by die kategetiese onderrig van Appolos. Calvin, in sy kommentaar op Handeling, wys daarop dat vers 28 vermeld dat Aquilla en Priscilla Apollos by hulle huis onderrig het. Hulle was dus nie besig met 'n openbare onderrig nie, maar met tuis-onderrig. Hiervolgens was Priscilla se optrede nie 'n uitsondering op die reël nie.
- (3) In Titus 2:3 word die vrou aangespoor om "leraresse (te wees) van wat goed is". Kennelik is die bedoeling hiervan nie dat hulle predikante moet wees nie, veral as die volgende vers bygelees word: "sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees." Dit gaan dus nie om openbare Woordverkondiging nie, maar om die onderlinge lering van vroue.
- (4) Van Maria (Rm 16:6), Trifera en Trifosa (Rm. 16:12), en van Euodia en Suntiche (Flp. 4:2,3) word gesê dat hulle in die Here gearbei en gestry het, maar daar is nie getuienis wat aantoon dat hulle in enige opsig uitsonderings op die reël was deur in een of meer van die drie besondere ampte te dien nie.
- (5) In die laaste plek moet melding gemaak word van Anna, die profetes (Lk 2:36). Reeds is daarop gewys dat Anna op die oorgang van die Ou na die Nuwe Testament opgetree het.

Derhalwe is haar posisie in hierdie studie hierbo by die Ou-Testamentiese afdeling bespreek. (vgl. 4.5.4.1.4). Indien aanvaar word dat Anna (soos Hulda in die Ou Testament) wel officieel in die amp van profetes gedien het, mag dit egter nie as uitsondering op die (Nuwe-Testamentiese) reël ten opsigte van die Woordbedienaar beskou word nie. Die Ou-Testamentiese amp van profeet kan immers nie met die Nuwe-Testamentiese diens van Woordbedienaar geïdentifiseer word nie. Trouens, die amp van profeet het as tydelike diens naas die diens van Woordbedienaar in die in die vroeë kerk bly voortbestaan en het na die vestiging van die kerk en die afsluiting van die Kanon verdwyn (Calvyn Institusie IV 3.4; Van der Linde, 1965:53). Netso kan die Ou-Testamentiese amp van koning nie maar direk op die Nuwe-Testamentiese diens van ouderling en die amp van priester nie direk op die diens van diaken oorgedra word nie. In Christus het die Ou-Testamentiese amp (leitourgia) geëindig. Christus het nuwe ampte (diakoniai) vir die Nuwe-Testamentiese kerk ingestel, wat wel bepaalde elemente van die Ou-Testamentiese ampte bevat het, maar wat nie 'n voortsetting daarvan was nie (Van der Linde, 1965:40).

(6) Samevattend oor die Nuwe Testamentiese getuienis:

- Daar is nêrens enige getuienis van vrou wat selfs by wyse van uitsondering in die amp van ouderling gedien het nie.
- In alle waarskynlikheid was daar ook nêrens 'n vrou wat as Woordbedienaar opgetree het nie, ook nie by wyse van uitsondering nie.
- Die moontlikheid bestaan wel dat Febe as diaken gedien het. Indien wel, was dit by wyse van uitsondering. Maar dit is ewe moontlik dat sy nie amptelik as diaken gedien het nie, in welke geval daar dan ook in haar geval nie sprake sou wees van 'n uitsondering nie.

## **9. Samevatting van Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens**

**9.1** In Christus is man en vrou voor God gelykwaardig (vgl. 6.2, 7.1, 7.6.1.2, 7.6.3.6)..

**9.2** In sy vrymag gee God aan man en vrou gawes deur die Heilige Gees (vgl. 7.2).

**9.3** Niemand mag verhinder dat die gawes aangewend word nie (vgl. 7.3).

**9.4** Waar die Here iemand tot 'n besondere diens roep, is daardie persoon met besondere gawes van die Gees toegerus sodat hy/sy sy/haar diens tot eer van God kon verrig.

**9.5** Tog is die gawes nie slegs binne die besondere dienste in die Nuwe-Testamentiese kerk aangewend nie maar veral in die amp van die gelowige (vgl. 7.4).

**9.6** Die vrou moes te midde van die aanwending van haar Godgegewe gawes in die gemeente daarvan blyke gee dat sy haar man se hoofskap oor haar erken. Dit moes sy doen deur haar man nie te probeer leer nie, en deur haar aan sy leiding te onderwerp (vgl. 7.6.1.1, 7.6.2).

**9.7** In die Nuwe Testament is daar geen getuienis van 'n vrou wat as ouderling of as Woordbedienaar opgetree het nie, ook nie by wyse van uitsondering nie.

**9.8** Wat die diens van diaken aanbetref, bestaan daar wel die enkele moontlikheid van Febe wat dalk as diaken gedien het, in welke geval dit dan by wyse van uitsondering sou wees. Dit is egter ewe moontlik dat sy nie amptelike diaken was nie, in welke geval daar in die Nuwe Testament ook geen voorbeeld van 'n vroulike diaken sou wees nie (vgl. 7.4.3).

**9.9** Terwyl die Godgegewe hoofskap van die man oor sy vrou in die Nuwe Testament herstel word, word die sondige heerssug van die man oor die vrou afgewys:

**9.9.1** Daar word teruggegryp op die heilige skeppingsorde wat God aan die begin (by die skepping) gegee het, waarin die man as hoof die leiding neem, en sy vrou as hulp hom bystaan (vgl. 6.4, 7.6.1.1).

**9.9.2** Die wese van ware hoofskap van die man word herstel, nl. nederige en offervaardige liefdesdiens (vgl. 7.8).

**9.10** Moontlik was daar in die Nuwe-Testamentiese kerk 'n afsonderlike besondere diens vir ongetroude vroulike lidmate (vgl. 7.4.4, 7.4.5).

## **10 BRONNELYS**

### **10.1 Ten opsigte Ou-Testamentiese Skrifgegewens**

- AALDERS, G. Ch 1949. Genesis (Korte Verklaring der Heilige Schrift) J.H. Kok, Kampen.
- AALDERS, G. Ch 1952. Oud-Testamenteise Kanoniek, J.H. Kok, Kampen.
- AALDERS, G. Ch. 1955 Ezechiël (Commentaar op het Oude Testament) J.H. Kok, Kampen.
- ACTS OF SYNOD 1984. Christian Reformed Church in North America. Board of Publications of the Christian Reformed Church. Grand Rapids, Michigan, U.S.A.
- ALBRIGHT, W.F. 1957. From stone age to Christianity New York.
- BAUMGARTNER, -W. 1953. Lexicon in vateris Testament Libros. Leiden.
- BIRD, Phyllis. 1974. Images of women in the Jewish and Christian traditions in "Religion and sexism". New York.
- BOTTERWECK, G.J. & Ringgren, H. 1975. Theological Dictionary of the Old Testament. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.
- BRONGERS, H.A. 1970. II Koningen (De prediking van het Oude Testament) Callenbach: Nijkerk.
- DEN BOER, C. 1985. Man en vrouw in bijbels perspectief J.H. Kok, Kampen.
- DE VAUX, R. 1960. Hoe het Oude Israel leefde. I & II J.J. Romen & Zonen, Roermond - Maaseik.
- DE VAUX. R. 1978. The early history of Israel. I & II Darton, Longman & Todd. London.
- EAKIN, Frank E. 1971. The religion and culture of Israel. Allyn and Bacon Inc. Boston.
- EICHRODT, W 1957." Theologie des Alten Testaments. I & II Göttingen, Van den Hoeck & Ruprecht.
- FRICKE, K.D. 1972. Das Zweite Buch von den Königen (Die Botschaft des Alten Testaments).
- GEMSER. B e.a. 1985. Die Bybel met verklarende aantekeninge. I & II Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad.
- GESENIUS, W. 1918. Hebráisches und aramáisches. Handwörterbuch über das A.T. Leipzig.
- GISPEN, W.H. 1951. Exodus. J.H. Kok, Kampen (Korte Verklaring der Heilige Schrift).
- GISPEN. W.H. 1959. Numeri (Commentaar op het Oude Testament)J.H. Kok, Kampen.
- GISPEN, W.H. 1974. Genesis (Commentaar op het Oude Testament) J.H. Kok, Kampen.
- GOSLINGA, C.J. 1951. Het boek der Richteren. (Korte Verklaring der Heilige Schrift) J.H. Kok, Kampen.
- GROSHEIDE, F.W. 1955. Bybelse Ensiklopedie. Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad.
- GROSHEIDE, F.W.. 1956. Christelike Encyclopedie. J.H. Kok, Kampen.
- GREIJLDANUS, S. 1955. Lucas (Korte Verklaring der Heilige Schrift) J.H. Kok, Kampen.
- HELBERG, J.L. Openbaregeskiedenis van die Ou Testament I & II Potchefstroom. Pro Rege.

- JENNI, E. & WESTERMANN, C. 1971 en 1976. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. München, Kaiser Verlag.
- KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1950. Kings (Commentaries on the Old Testament) Eerdmans Publishing Company Grand Rapids, Michigan.
- MAARSINGH, B. 1961. Onderzoek naar de ethiek van de wetten in Deuteronomium. J.M. van Amstel, Winterwijk.
- MONTGOMERY, J.A. & GEHMAN, H'.S. 1951 en 1960. Kings. (The International Critical Commentary).
- OOSTERHOFF, B J. 1972. Hoe lezen wij Genesis 2 en 3? J.H. Kok, Kampen.
- RIDDERBOS, H. 1967. Pastorale brieven (Commentaar op het Nieuwe Testament). J.H. Kok, Kampen.
- SIKKEL, J.C. 1923. Het boek der geboorten. Bottenburg. Amsterdam.
- VAN DER WALT, B.J. Des. 1986, Jan. 1987. Bybelse verrassings oor die vrou. Studiestuk no. 228, 229. I.R.S. Potchefstroom.
- VAN SELMS, A 1967. Genesis. Deel I (De prediking van het Oude Testament).
- VERHOEF, P.A. 1950. Die vraagstuk van die onvervulde voorsegginge in verband met Jesaja 1-39. H.A.U.M. Amsterdam, Kaapstad Pretoria
- VERHOEF, P.A. 1972. Maleachi (Commentaar op het Oude Testament). J.H. Kok, Kampen
- VON RAD, G. 1957 en 1960. Theologie des Alten Testaments I & II. München, Chr. Kaiser Verlag.
- Vriezen, Th. C. 1966. Hoofdpijnen der Theologie van het Oude Testament. Veenman & Zonen. Wageningen.
- WESTERMANN, C. 1967. Biblischer Kommentar Altes Testament. Genesis Neukirchen - V L U Y N.
- WOOD, LEON J. 1981. The prophets of Israel. Baker Book House, Grand Rapids, Michigan.



## **10.2 Ten opstigte van Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens**

- BAUER, W 1957. A Greek-English lexicon of the New Testament. Cambridge: University Press.
- BOUWMAN, H..1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste deel. Kampen: Kok.
- CALVYN, J. 1979. Commentary upon the Acts of the apostles, in Calvin Translation Society (xed), Calvin's commentaries. Grand Rapids: Baker.
- CALVYN, J. 1979. Commentaries on the epistle of Paul the apostle to the Romans, in Calvin Translation Society (red), Calvin's Commentaries. Grand Rapids: Baker.
- CALVYN, J. Commentary on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians, in Calvin Translation Society (red), Calvin's Commentaries. Grand Rapids: Baker.
- CALVYN, J. 1979. Commentaries on the first epistle to Timothy, in Calvin Translation Society (red), Calvin's Commentaries. Grand Rapids: Baker.
- CALVYN, J. s.j. Institutie of onderwijzing in de christelike godsdienst, uit het Latijn vertaald door dr. A. Sizoo. Delft: Meinama.
- CERLING, C.E. 1975. Women ministers in the New Testament Church? Journal of the Evangelical Theological Society 19(1): 209-215.
- CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN NORTH AMERICA, Acts of synod 1984. Grand Rapids.
- COETZEE, J.C. 1975. Die vrou en die kerklike ampte. Koers 2:81-96.
- COETZEE, J.C. 1-1975. Die posisie van die vrou in die kerk. Woord en Daad, November: 16-19.
- COETZEE, J.C. 1975. Die Blye Boodskap: 'n Gids deur die Boeke van die Nuwe Testament: I. Die briewe van Paulus. Potchefstroom: Pro Rege.
- COETZEE, J.C. 1975. Kanon van die Ou en Nuwe Testament. Diktaat vir Bybelkunde III: PU vir CHO.
- COETZEE, J.C. 1976. Die vrou in die kerk; in antwoord op ds. J. Visser. Woord en Daad, Februarie: 10-11.
- COETZEE, J.C, B.J. DE KLERK, L. FLOOR. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. Koers 1:18-36.
- DE GROOT, M.P. 1983. Die roeping van die vrou. Potchefstroom: Werkstuk vir Th.B IV, TSP.
- DE BOER, C. 1985. Man en vrou in bijbels perspektief; een bijbelsteologiese verkenning van de man-vrouw verhouding met het oog op de gemeente. Kampen: Kok.
- DE VRIES, J.P. 1986. Welke plaats komt vandag toe aan de vrouw in de kerk? Variant, 6 Des. :5.
- DIJK, K. 1933. De vrouw in de brieven van den apostel Paulus. Delft: Bond van Meisjesverenigingen op Geref. grondslag in Nederland.
- DREYER, P.S. 1977. Vroue as predikante? Pretoria: HAUM.
- FOLKERTS, F.H. 1986. Regeren of begeren? Variant, 13 Des.:8-9.
- GERLING, C. s.j. De vrouw in het oud-Christelike gemeeteleven.

- GREIJLDANUS, S. s.j. De brief van de apostel Paulus aan de Galaten. Kok: Kampen.
- GROSHEIDE, F.W. s.j. Paulus eerste brief aan de Kerk te Korinthe. Kok: Kampen.
- HAHN, E. 1952. Partnerschaft. Nürnberg: Laetere.
- .HAITSMA, Saskia. 1987. Wat is voor u het onderdanig zijn van het vrouw? Variant, 3 Jan.: 6-7.
- HASEL, G. New Testament Theology; basic issues in the current debate. Grand Rapids: Eerdmans.
- HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- HENDRIKSEN, W.H. 1969. Acommentary on Galatians. London: Banner of truth.
- HENDRIKSEN, W.H. 1976. I and II Timothy and Titus. London: Banner of truth.
- HOMMES, N.J. 1951. De vrouw in de kerk. Franeker: T. Wever.
- HORDIJK, A. 1986. Een hulp die bij hem past. Goes: Oosterbaan.
- HOVIUS, J. 1950. De posisie van de vrouw in Christus' kerk. Sneek: Weissenbach.
- HULS, G. 1951. De dienst der vrouw in de kerk. Wageningen: Veenman.
- KITTEL, G. & FRIEDRICH, G. (red.) 1985. Theological Diccionary of the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.
- KOK, A.D.C. 1951. De plaats der vrouw in Christus' gemeente. Nijverdal: Bosch
- KRUGER, L.M. 1978. Die vrou in die amp? Potchefstroom: Werkstuk vir Th.B IV, TSP.
- KUYPER, A. 1914. De eereposisie der vrouw. Kampen: Kok.
- LEENHARD, F.J. & F BLANKE 1949. Die Stellung der Frau im Neuen Testament und in der alten Kirche. Zürich: Zwingli.
- LIDDELL, H.C. & SCOTT. R. 1966. Greek-English Lexicon. Oxford: university Press.
- MICKS, M.H. 1975. The theological case for the women's ordination, in: The ordination of women pro and con. New York: Morehouse-Barlow.
- PADGETT, A. 1987. Wealthy women at Ephesus; 1 Timothy 2:8-15 in social context. Interpretation 41 (1) :19-31.
- RIDDERBOS, H. 1967. De pastorale brievien, ,In: Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
- RIDDERBOS, H.N. 1970. The epistle of Paul to the churches of Galatia. Grand Rapids: Eerdmans.
- SCHOLTZ, D.A. 1982. Die amp van die vrou in die kerk. Stellenbosch: M.Th.-verhandeling.
- SIKKEMA, R.J. 1984. Women in Ecclesiastical. Office? A speech presented to the Elders' Conference of Classis Hamilton on 17 March 1984.
- TETLOW, Elizabeth, 1980. Women and ministry in the New Testament. New York: Ramsey.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege.
- VAN DER WALT, B.J. 1987. Bybelse verrassings oor die vrou. Potchefstroom: .IBC.

- VAN DIJK, P.D. 1985. Die vrou se posisie in die kerk t.o.v. kiesreg. Potchefstroom: Werkstuk vir Th.B IV. TSP.
- VAN KOETSVELD, C.E. 1891. De vrouw in den Bijbel. Amsterdam: Van Holkema.
- VAN UNNIK, W.C. 1947. Hedendaagse problemen in de Nieuw Testamentische Wetenschap. Utrecht: Nijkerk.
- VERHOEF, P.A. 1973. Metodiek van Eksegese. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- VISSER, J. 1976. Die posisie van die vrou in die kerk. Woord en Daad, Februarie;9-10.
- VORSTER, W.C. 1977. 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld: gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- WIJNGAARDS, J.N.M. 1979. Vrouwen geen priester? Hammerlijnck: Boxtel.

# **HOOFSTUK III: 'N KERKHISTORIESE OORSIG OOR DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK**

## **1 INLEIDING**

Die bedoeling van hierdie deel van die studie is om bloot 'n oorsigtelike ontwikkeling ten opsigte van die plek van die vrou in die kerk aan te toon; om die aktualiteit van die saak soos blyk uit resente kerklike studies en besluite te beklemtoon, en om in die lig van die beskikbare materiaal die eintlike probleem-punte te identifiseer.

## **2 'N OORSIG OOR DIE KERKHISTORIESE ONTWIKKELING**

### **2.1 Eerste eeue na Christus tot by middeleeue**

#### **2.1.1 Algemeen**

In die algemeen gestel is dit duidelik dat die evangelie van Jesus Christus die vrou in die Nuwe Testamentiese tyd en in die na-apostoliese tyd tot haar regmatige plek in die kerk herstel het sodat sy ook kostelike dienswerk tot die opbou van die kerk van Christus kon verrig. Langsamerhand het haar posisie weer verander sodat sy eindelijk teen die middeleeue weer soos in die klassieke tye gedegradeer was en totaal aan die man ondergeskik gestel was (Hovius, 1950, p. 19-20).

#### **2.1.2 Besonderhede**

- (1) In die apostoliese en na-apostoliese tyd het vroue gewaardeerde en besondere dienswerk verrig; veral ten opsigte van hulp aan armes en siekes en verder het hulle gehelp met die onderrig van die kategumene. Hulle het selfs die evangelie gebring aan vroue op plekke waar dit vir die manne ontoeganklik was (Hovius, 1950, p. 19).  
In kerklike literatuur word selfs van vroulike hulpouderlinge melding gemaak (presbitides, presbiterae, presbiterissae): vroue wat die ouderlinge (en diakens) in die uitvoering van hulle ampswerk, soos vermaning, siekebesoek en in bediening aan vroue bygestaan het (Jansen, 1917, p.660).
- (2) In 'n buite-Bybelse verwysing, die van Plinius in sy brief aan Trajanus teen die einde van die eerste eeu na Christus – waarskynlik die vroegste sodanige dokument - verwys hy na twee slavinne (ancillae) wat volgens hom (Plinius) deur die kerke diakonesse (ministrae) genoem word. Dit kan aanvaar word dat die Latynse ministrae 'n vertaling van die Griekse diakonos is (vgl. CRC, acts of synod, 1981, p. 501).
- (3) In 'n Siriese kerkorde uit die eerste helfte van die derde eeu - die Didascalia Apostolorum - is daar 'n duidelike verwysing na diakonesse wat onder meer die opdrag gehad het om siekes te besoek, en wat blykbaar aanvullende dienswerk saam met die diakens gedoen het - werk wat op vroue in besonder toegespits was (vgl. Davies, aangehaal by CRC, acts of synod, 1981, p. 502).
- (4) In die verloop van tyd het die diakonesse-amp al onbelangriker geword en mettertyd een van die kleiner ordes geword, geskeie van die diakens (a.w., p. 502).
- (5) Die arbeid van die vroue in die kerk is direk en indirek deur die kettere, kerkelike askese en opkoms van die monargiese episkopaat gestuit. Ketterse strominge soos gnostisisme, marcionisme, montanisme en priscillianisme het vroue in die ampte geplaas om die dwaalleer te versprei. In reaksie hierteen het die kerk die (vroue)

lidmate aan die sg. swyggebooie herinner. As gevolg van die monargiese episkopaat, die hiërargiese kerkregering en askese waarvolgens die ongetroude staat verheerlik was, het die diakonesse in 'n nonne-orde verander en was die dienstige vroue in kloosters afgesonderd waar hulle ten spyte van Skrifbeginsels wat hiermee verkrag is, tog nog kostelike werk verrig het (vgl. Jansen, 1917, p. 660 e.v.; Hovius, 1950, p. 20 e.v.; CRC, a.w., p. 502).

- (6) In die middeleeue is die vrou totaal gedegradeer en geminag. Eindelik het die defomasie van die kerk die vrou feitlik uit die verlore staat in Christus weer soos vroeër verslaaf, en daarmee ook die kerk verarm.

## **2.2 Die Reformasie**

### **2.2.1 Calvyn**

Calvyn se standpunte oor vroue in besondere ampte is bekend, en derhalwe gee ons dit kortliks weer.

Calvyn skryf dat vroue nie in 'n leer- en regeeramp mag dien nie (vgl. sy kommentaar op 1 Kor. 14:33-36). Ten opsigte van die diakenamp het Calvyn natuurlik 'n besondere standpunt gehad, en terwyl hy stilstaan by die diakens, gee hy ook aandag aan vroulike diakens:

- (1) In sy kommentaar op Rom. 12:8 en in sy Institusie, IV. 3, 9 onderskei hy tussen twee soorte diakens:
  - (a) die wat die gawes ontvang en uitdeel- volgens sy Ordonnances Ecclesiastique word hulle procureurs genoem, en
  - (b) die wat barmhartigheid bewys aan armes en siekes - volgens sy Ordonnances Ecclesiastiques die hospitaliers (vgl. Pont, 1981, p. 30).
- (2) Sowel in sy kommentaar op Rom. 12:8 as in sy Institusie, IV, 3, 9 meen Calvyn dat vroue saam met die tweede soort diakens mag werk om die armes en siekes te versorg en te help. Hiervoor grond hy hom op 1 Tim 5:9-10 waar na weduwees bewys word, en dan glo hy dat dit die enigste openbare amp is wat vroue (saam met diakens) kon verrig.
- (3) Dit moet in gedagte gehou word dat Calvyn nie die diakens as deel van die konsistorie beskou het nie, en dat hy van mening is dat die swaartepunt van die diakens se diens op die terrein van die barmhartigheid lê.

### **2.2.2 Die Franse en Waalse kerke**

Anders as in Genève was die diakens in die Franse en Waalse kerke deel van die kerkraad of konsistorie. Verder was daar naas die gewone diaken ook diakonesse wat nie deel was van die kerkraad nie. Hulle was 'n nie-amptelike groep vroue wat die armes, siekes en oumense versorg het (vgl. CRC, a.w., p. 506).

### **2.2.3 Die Nederlandse kerke**

Die amp van diaken is in die Nederlandse kerke veral beïnvloed deur die Forma ac Ratio van á Lasco (vgl. Pont, 1981, p. 19-20). Volgens á Lasco was die diakens nie deel van die kerkraad nie, terwyl dit in die Franse en Waalse kerke vir 'n tydperk wel die geval was. In hierdie opsig het á Lasco ook by Calvyn aangesluit. Volgens á Lasco was die diakens as afsonderlike amp nie deel van die kerkraad nie, en was hulle diens op die versorging van die armes en siekes toegespits (vgl. CRC, a.w. p. 506 e.v.).

Waarskynlik kan die vraag waarom die NGB en die Nederlandse kerkordes nie van vroue-diakens voorsiening maak nie, uit die volgende vir die amp van vroue-diakens voorsiening

maak nie, uit die volgende feite verklaar word:

Die NGB van G. de Bres het veral die Franse en Waalse praktyk (en Confession de Foi van 1559) as agtergrond, en daarom vind ons in art 30 NGB dat die herders, ouderlinge en diakens die kerkraad vorm (vgl. 2. 2.2 hierbo) ook Pont, 1981, p. 49). Daarenteen het die Dortse Kerkorde kragtens sy oorwegend Nederlandse afkoms en inslag (aanvanklik via die invloed van á Lasco), duidelik tussen die kerkraad en diakens onderskei en die diakens nie deel van die kerkraad gemaak nie.

Dus: die Franse en Waalse invloed op die kerkorde weer die dominante faktor terwyl die Nederlandse invloed op die kerkorde weer die dominante faktor was. Verder moet onthou word dat geeneen van die reformatore daaraan getwyfel het nie dat vroue nie in die ampte in van predikant en ouderling kan dien nie; hulle was daarvan oortuig dat vroue nie in die regeeramp mag staan nie. As hulle dus diakens sou kon wees dan het die probleem na vore gebring dat hulle op grond van die NGB art 30 deel van die kerkraad sou kon wees.

**2.2.4 Enkele kerke aan die Ryn, te Emden, Middelburg, Utrecht en Amsterdam** het mede as gevolg van Franse invloed in die jare 1550-1560 begin om diakonesse in te voer. In Amsterdam is daar 12 diakonesse benoem om 'n ouetehuis en 'n weeshuis te behartig. Hulle moes dan aan die diakens en kerkraad rapporteer, aangesien hulle ook nie - soos by die Franse kerke - deel van die kerkraad was nie. Hierdie diakonesse was hoofsaaklik ouer vroue van goeie getuienis (vgl. CRC, a.w., p. 508; Jansen, 1917, p. 662)

#### **2.2.5 Kerklike vergaderings**

##### (1) Wesel 1568

Die Weselse artikels is sterk beïnvloed deur die Franse en Waalse standpunte, asook deur Calvyn via Datheen, die voorsitter by Wesel. Hulle het daar byvoorbeeld Calvyn se onderskeiding van twee soorte diakens eerbiedig en ook vir vroue-diakens voorsiening gemaak: "op die plekke waar dit geleë sal wees, oordeel ons dat ook vroue met goeie getuienis, 'n eerbare lewenswandel en van gevorderde leeftyd, volgens die voorbeeld van die apostels, tot hierdie amp aangeneem kan word" (vgl. Pont, 1981, p. 84-85; CRC, a.w., p. 509).

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Wesel al die diakens (manlik en vroulik) van die konsistorie uitgesluit het.

##### (2) Middelburg 1581

Die sinode van Middelburg is voorafgegaan deur Emden 1571 en Dordrecht 1574 en 1578. Die sinode van Emden in 1571 het daadwerklike aandag aan 'n kerkorde gegee, en ten opsigte van die kerkraad geoordeel dat dit deur predikante, ouderlinge en diakens saamgestel sal word (art. 6). Diakens kon ook na meerdere vergaderings afgevaardig word. Hierdie reëling het verwarring veroorsaak en in 1574 te Dordrecht is begin om weer die diakens van die kerkraad los te maak sodat daar veral vanaf 1578 feitlik deurgaans van "die kerkraad en die diakens" gepraat is (CRC, a.w., p. 510).

Hoewel daar nie feite tot ons beskikking is nie, lyk dit of hierdie verloop van sake meegebring het dat die vroue-diakens van Wesel in die slag gebly het.

Daarom vra die kerk van Wesel tydens die sinode van Middelburg 1581 of dit nie goed sal wees as die amp van diakonesse weer ingestel kan word nie. Die antwoord van die sinode hierop is nogal veelseggend: "Nee, omdat daar verskillende ongeneenthede ("inconvenienten") daaruit sou voortvloei; maar in tye van pestelensies of ander siektes - wanneer daar bepaalde dienste by siek vroue te verrig is, dienste wat vir diakens

onbetaamlik is - dan mag hulle diegene versorg deur hul vroue of ander bekwame vroue" (vgl. Bos, 1950. p. 95).

"Amptelike" diakonesse word hiermee dus afgesny, en in die verdere kerklike vergaderings tot 1618/19 by Dordt het die sinode hulle nie weer oor die saak uitgespreek nie.

## **2.3 Enkele bekende kerkregtelikes – 17de tot 20ste eeu**

### **2.3.1 Voetius**

In die tydperk na die reformasie tot by die Franse rewolusie aan die einde van die 18e eeu is daar weinig aandag aan die posisie van die vrou in die kerk gegee, en nog minder aan die vraag of sy mag stem en in 'n amp verkiesbaar is (vgl. Jansen, 1917, p. 106).

Bouwman beweer in sy: Het ambt der diakenen, p. 127-128 (vgl. ook Hovius, 1950, p. 20-21) dat Amsterdam wel die diens van diakonesse behou het en dat dit daar tot by die rewolusie van 1795 funksioneer het.

Voetius, die 17e eeuse teoloog en meester van die Gereformeerde kerkreg het die vrou voluit as deel van die gemeente beskou, hoewel hy verder van mening was dat die vrou nie in die bestuur en regspraak van die kerk mag deelneem nie (potestas regiminis et jurisdictionis).

In die lig van 1 Tim 5:9-10 oordeel Voetius egter dat die vrou wel 'n ondergeskikte deel van die armversorging mag behartig. Hiervoor beroep hy hom verder op Rom. 16:1. Voetius noem hierdie diakonesse auxiliatrices diaconorum, d.i. helpsters van die diakens wat hulle in die uitoefening van hulle amp kan bystaan (vgl. Pol. Eccl. III: 508-513; Jansen, 1917 p. 663; Hovius, 1950. p. 21 en 40).

Die gees van rewolusie van die 18e en vroeg 19e eeue wat vanuit Frankryk na Wes-Europa uitgebrei het, het onder meer ook tot 'n groep om vrouekiesreg in passiewe en aktiewe sin op alle lewensterreine aanleiding gegee. Volgens Jansen (1917, p. 106 e.v.) het dit in die 19e eeu ook na die kerke deurgewerk. Dit word bewys deur die feit dat die doopgesinde gemeentes en ook die Hervormde Kerk in Nederland baie simpatiek teen vrouestemreg en deelname in die ampte gestaan het. Die doopgesindes was die eerste om vroue tot die predikantamp toe te laat.

### **2.3.2 Ander kerkregtelikes - begin 20ste eeu**

Die standpunt van die reformasie asook die nuwe klimaat sedert die rewolusie het gereformeerde teoloë soos Kuyper, Bavinck, Bouwman, Jansen, Rutgers, Hovius ens. feitlik gedwing om oor sake soos vrouekiesreg en oor die vrou in die amp na te dink en te skryf.

Ons sal poog om slegs enkele kerngedagtes oor die aangeleenthede weer te gee.

A. Kuyper het reeds in 1898 kritiese vrae begin vra oor die plek van die vrou in die kerk, en hoewel hy die rewolusionêre gees afgekeur het, het hy gepleit vir 'n deeglike besinning oor vrouekiesreg (vgl. Jansen, 1917, p. 134 e.v.).

Bavinck meen dat die gedagte van vrouekiesreg nie in die Skrif begrond kan word nie, en dat dit uit die natuurreg opkom (vgl. Jansen 1917, p. 135). Later het hy egter meer simpatiek daarteen gestaan omdat hy meen dat die kerk nie uit gesinne nie, maar uit individue bestaan (vgl. Hovius, 1950, p. 26 en 42).

Bouwman (I, 1928, p. 386 e.v.; 540 e.v.) sluit ten opsigte van vrouekiesreg by Voetius aan. Lg. het gemeen dat dit 'n positiewe daad van regering is wat vroue uitsluit. Verder sê Bouwman dat die Skrif geen regstreekse lig op die saak gee nie, en dat tekste soos Hand 1, 6

en 15 daarop dui dat alleen mans deel aan die verkiesing gehad het.

Jansen (1917, p. 106 e.v.; 133 e.v.; 594 e.v.) sluit ook by hierdie gedagtes aan en sê onder meer dat onder gereformeerdes nie konsensus oor die saak bestaan nie, hoewel alle gereformeerdes daarvoor eens is dat vroue uit passiewe kiesreg (d.i. om tot 'n amp verkies te word) uitgesluit is. Hy meen dat die Skrif nie die kwessie van aktiewe kiesreg uitmaak nie, maar dat dit 'n uitgemaakte saak is dat stemming 'n daad van regering is.

Hovius (1959, p. e.v.) stem saam met genoemde kerkregtelikes; hy onderskei tussen - soos hy dit stel - die essensiële en die aksidentele by die lidmate van die kerk (p. 13). Onder die essensiële verstaan hy dit wat inherent deel is aan elke gelowige in Christus; in die essensiële sin is mans en vroue in Christus volkome gelyk. Ten opsigte van die aksidentele is mans en vroue nie gelyk nie, aangesien Christus ten opsigte van die besondere ampte aan bepaalde mans iets besonder en bykomstig toegevoeg het sodat hulle in die besondere ampte kan dien, en vroue nie. Dit beteken dat hulle ten opsigte van die heil in Christus gelyk is maar ten opsigte van die diakonia nie.

In die lig hiervan meen Hovius verder dat vroue dus nie in 'n besondere amp mag staan nie, en verder ook nie mag deelneem in die verkiesing van ampsdraers nie (p. 25). Ten opsigte van die reg tot approbasie deur vroue sluit hy by Bouwman (I, 1928, p. 394 en 406) aan. Hiervolgens beskou hulle approbasie deur vroue saam met die gemeente nie as 'n vorm of daad van regering nie, maar as 'n soort tugoefening waar ook vroue die reg het om vir die eer en reg van Christus op te kom. Approbasie hoort dus in die taal van Hovius nie tot die aksidentele nie, maar tot die essensiële.

Al die genoemde kerkregtelikes is dit eens met mekaar dat vroue nie tot die ampte verkies kan word nie, hoewel hulle voluit deel van die kerk is, en meer tot hulle reg moet kom deurdat hulle byvoorbeeld kan optree as helpers van diegene in die besondere ampte sonder om regstreeks daarin te dien (vgl. Bouwman, I, 1928, p. 576 e.v.; 393; Jansen, 1917 p. 112, 658 e.v.).

### **3. ENKELE SNITTE IN RESENTE STUDIEMATERIAAL VANUIT GEREFORMEERDE KERKGROEPE**

#### **3.1 Inleiding**

Sedert die sestiger jare van die twintigste eeu het die kwessie rondom die vroue in die amp in die brandpunt van belangstelling begin staan. Die saak oor die vrouekiesreg het dit in die meeste kerkgroepe voorafgegaan. Die GKN en ook die CRC van die VSA het reeds in die vyftiger jare klaar kiesreg aan vroue toegestaan (vgl. CRC, acts of synod, 1978, p. 484 e.v.).

In die Handeling van die GES kom die vraag na die posisie van die vrou in die kerk reeds vanaf 1953 aan die orde, en in 1968 en 1972 is rapporte oor die amp as sodanig waaronder ook die vrou in die amp, in behandeling geneem. Dit het blykbaar as 'n belangrike stimulus gedien om lidkerke aan die besinning en studeer te sit.

Die GKN het reeds in 1967/68 al die ampte oopgestel vir die vroulike geslag, en die deurslaggewende argumente hiervoor rus onder meer in 'n uiters Skrifkritiese beskouing waarvolgens tekste soos 1 Kor. 11:13-16, 14:34-38 en 1 Tim. 2:11-15 as tydgebonde verklaar is. Verder rus dit in die veronderstelling dat die reformatoriese kerke (as teenstanders van die vrou in die amp) 'n te groot skeiding tussen die ampte en die nie-institutêre charismata maak.

In hierdie deel wil ons kortliks aandag gee aan standpunte en besluite van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika, van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en van die Christian



Reformed Church van Amerika, en sydelings terugkom op die studie wat reeds in ons eie geleedere gedoen is. Die CRC van die VSA het sedert 1970 na ons mening die mees uitgebreide en intensiewe studie oor die saak gemaak, en derhalwe sal ons meer in besonder daarby moet stilstaan.

In die besinning oor die problematiek kan ons ons na my oortuiging deeglik vereenselwig met twee basiese vertrekpunte van die GES in 1972 (vgl. acts of the RES, 1972, p. 190 e.v.):

- (a) "The Reformation has in fact made the Holy Scriptures its starting-point for the doctrine of office, while Rome gave authority to the Church to determine the offices. H. Ridderbos points out that as soon as the Holy Scripture is not followed anymore, the liberal church-view of Sohm and Harnack must follow, which takes its starting-point in the religious individual and the personal-pneumatic relation between Christ and the individual believer. Very critical consideration should be given to the question whether there is not an inclination to take the individual as starting-point when discussing the problems concerning women and office ..."
- (b) "It is our opinion that the onus rests with those who think that the Reformed heritage is unscriptural to prove their viewpoint - instead of bringing the principal understructure of the Reformed view of the office in doubt ..." (P. 196; vgl. ook p. 201).

### **3.2 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**

In twee amptelike stukke van die Kerk, opgestel deur P.S. Dreyer en die tweede (die deel oor die Nuwe Testament) deur G.M.M. Pelser behandel die Kerk sy gronde en oorwegings oor waarom die vrou tot die predikant-amp toegelaat is.

Dit is bekend dat die NH Kerk reeds lank gelede die vrou stemreg en spreekreg in die gemeente gegee het "waardeur die sogenaamde 'swyggebod' van 1 Kor. 14:34 tersyde gestel is" (Dreyer, p. 10). En in 1973 het die Algemene Kerkvergadering die vroue as diakens toegelaat.

In 1979 besluit die NH Kerk om die vrou tot die amp van predikant toe te laat, en is verder besluit dat hierdie besluit aan die "kerklike publiek" verduidelik moet word, en aangetoon word waarom Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 14:34 en 1 Tim. 2:15 nie deurslaggewende argumente teen die toelating van vroue tot die amp van bedienaar van die Woord is nie (vgl. Pelser p. 1).

Dit is betekenisvol dat Pelser (p.12) erken dat die Skrifbeskouing van die kerk die bepalende faktor is, en dat die kerk daarmee moet rekening hou wat vir hom die nuttigste is: "Die kerk het al meermale . . . van gebruike in Bybelse tye afgesien of sake so gewysig dat dit vir die lewe en werk van die kerk die nuttigste kon wees. Per slot van rekening is dit, dit wat die kerk hom ook in verband met hierdie saak moet afvra. Solank 'n kerklike reëling nie daartoe lei dat die verhouding met God en die naaste versteur word nie en die geloof daarin bevorder, het die kerk voluit die reg en verantwoordelikheid om dit in te voer, selfs al behels dit 'n wysiging van vroegkerklike maatreëls".

Die slotsom is: "daar is in die Nuwe Testament nie voldoende gronde te vind op grond waarvan die vrou uit die amp van dienaar van die Woord of enige ander kerklike amp geweier moet word nie" (p.12).

Dit behoort duidelik te wees dat hierdie benadering en besluite in stryd is met ons vertrekpunte soos gestel in 3.1. hierbo.

Uit die genoemde stukke word dit duidelik dat die besluite van die NH Kerk op die volgende sienswyses berus:

- Christus regeer sy kerk deur die diens van enige lidmaat in die gemeente wat almal voor God gelyk is;
- God gee sy gawes nie net aan mans nie, maar ook aan vroue ter wille van die gemeente;
- Die sg. swyggebooie van 1 Kor. 14 en 1 Tim. 2 word bevraagteken in soverre dit moontlik invoegings kan wees, en omdat dit in stryd blyk te wees met ander Nuwe Testamentiese getuienis waarvolgens die vrou deeglik werksaam in die gemeente was (bv. Hand. 18:26; Rom. 16; Filip 4). Die gedagte bestaan ook dat 1 Kor. 14:33 e.v. met 1 Kor. 11:13-16 in stryd kan wees. Derhalwe word dit nie as bindend vir die huidige tyd beskou nie.

### **3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk**

Die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1982 het na aanleiding van 'n rapport (in opdrag van die sinode van 1978) oor die vrou in die amp besluit "dat daar geen prinsipiële-teologiese beswaar teen die toelating van die vrou tot die amp van diaken in die Ned Geref. Kerk bestaan nie, en stel gevolglik die amp van die diaken vir die vrou oop om daarin volgens haar spesifieke Skeppingsmatige aard te dien" (Sinode handeling 1982, p. 1249).

In 1978 was nog besluit dat die vrou in die betrekking van diakonesse as hulpkrigte mag optree, maar nie as diakens bevestig mag word nie (p. 838).

Die sinode van 1982 het ook besluit dat 'n studie gemaak moet word met betrekking tot die posisie van die vrou in die ander ampte.

Uit die studiemateriaal wat die betrokke kommissie vir die sinode van 1982 verwerk het, meld ons die volgende benadering tot die probleem van die vrou in die amp: (vgl. AKLAS, p. 520 e.v.).

In die geledere van die kommissie was daar basies twee standpunte of benaderingswyses tot die hantering van Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 14: 34-35 en 1 Tim 2:11 e.v. Aan die een kant is die oortuiging dat Paulus hom in die genoemde tekste op die wet en die skeppingsordening beroep om daarmee te kenne te gee dat dit om 'n beginsel gaan wat vir alle tye geldig is, ongeag veranderde kulturele situasies of tye. Aan die ander kant is daar diegene wat meen dat ons moet onderskei tussen die beginsel wat Paulus stel en die konkretisering van die beginsel in 'n spesifieke situasie. Volgens hierdie tweede standpunt word daar dan ruimte geskep om die betrokke tekste anders uit te lê: "wanneer die kulturele situasie en die posisie van die vrou egter totaal anders word (anders as in die tyd van Paulus en in Korinte en Efese - A le R du P) - mede onder invloed van die evangelie en die status van die vrou in Christus - en die opbou van die gemeente dit wenslik maak (en rondom die opbou van die gemeente sentreer alles wat Paulus aan ordemaatreëls aan die gemeente voorhou), kan daar 'n situasie ontstaan waarin vroue 'n ander funksie in die gemeente kan vervul as net die van 'haar in stilte laat leer in onderdanigheid' (1 Tim. 2:11)" (vgl. Aklas. p. 522).

### **3.4 Christian Reformed Church in North America**

Sedert die onderwerp van die vrou in die amp in 1970 by die CRC aan die orde gekom het, het dit geweldige momentum verkry, sodat daar tans selfs 'n mate van onrus in hulle geledere te bespeur is. Daar het reeds lywige rapporte gedien op hulle sinodes en in 1987 sal die laaste een hopelik ter tafel geneem word oor die gesag en funksie van die diakens in verhouding tot die ouderlinge.

Dit is noodsaaklik dat ons in ons eie besinning oor die saak deeglik van al die studiemateriaal van die CRC moet kennis neem. Dit is egter uiteraard onmoontlik om 'n opsomming van

alles te gee, en daarom beperk ons ons tot die hooflyne en besondere aksente hier en daar.

### **3.4.1 Oorsig oor die verloop van die saak**

Die GES van 1968 het die CRC in 1970 geïnspireer om op aanbeveling van hulle deputate daarheen 'n studie te maak ten einde vas te stel of die reformatoriese praktyk om vroue uit die ampte uit te sluit, verantwoordbaar is. Die konklusie van hierdie kommissie op die sinode 1973 was dat die reformatoriese standpunte nie heeltemal met die Skrif in lyn is nie. Die sinode het toe weer 'n kommissie benoem om hierdie bevindinge te evalueer en die sinode van 1975 van advies te bedien. Hulle rapporteer in 1975 dat die Skrif in beginsel nie teen die instelling van vroue in kerklike ampte is nie. Dit het die sinode egter nie bevredig nie, want hulle benoem 'n kommissie om die hermeneutiese prinsipes rakende die vrou in kerklike ampte te bestudeer. Hulle moet ook aan die genadegawes aan vroue aandag gee. Op die sinode van 1978 rapporteer die kommissie onder meer hulle bevinding dat kerkrade "qualified women" tot die amp van diaken mag toelaat, en die sinode besluit toe ook so met die byvoeging dat die werk van die diakens duidelik van die ouderlinge onderskei moet word. As gevolg van wye reaksie wat hierdie besluit uitgelok het, besluit die sinode van 1979 om die implementering van die 1978-besluit te bevries tot tyd en wyl die volgende sinode duidelikheid van 'n nuwe kommissie oor die strekking van art. 30 NGB en art 35 KO ens. verkry het. Hierdie kommissie lewer hulle rapport op die sinode van 1981, en stel die behoefte dat daar eers volkome duidelikheid oor die begrip hoof in die Skrif verkry moet word. Dit gee daartoe aanleiding dat die sinode 1981 'n kommissie benoem het om die volle draagwydte van die begrip hoof te bestudeer en toe te spits op die verhouding tussen "husband/wife" en "man/women". In 1984 het die sinode toe besluit om 'n kommissie te benoem wat moet ingaan op die gesag en funksie van die diakens in hulle verhouding tot die ouderlinge - 'n saak wat DV in 1987 aan die orde sal kom.

Gedurende die verloop van die studie in die CRC het daar tog gaandeweg baie helderheid oor sekere sake gekom. Vervolgens wil ons probeer om dit kortliks aan te toon, en aangesien dieselfde probleemreeds in ons gelede geïdentifiseer is (soos blyk uit die bylae by die besluite van die sinodes in 1982 en 1985), behandel ons dit in 'n aparte paragraaf.

## **4. BEPAALDE SKRIFGEGEWENS IN DIE LIG VAN DIE STUDIE VAN CRC IN BESONDER**

### **4.1 Vroue in die amp van diaken**

Die CRC gee die volgende gronde vir hulle besluit in 1978 om vroue in die amp van diaken toe te laat:

- Dat dit nie 'n amp van regering is nie;
- Rom. 16:1 en 1 Tim. 3:11 laat blyk dat vroue as diakens gedien het;
- Die reformatoriese tradisie soos blyk uit Calvyn se standpunt asook die vergadering te Wesel (vgl. 2.2.1 en 2.2.5 hierbo; vgl. ook CRC, acts of synod, 1978; p. 105).

Die voorwaarde wat aan die besluit gekoppel is, is dat die amp van die diakens van die van die ouderling onderskei moet word sodat die hoofskap van die man oor die vrou nie in gedrang kom nie. In 3.4.1 hierbo het ons reeds daarop gewys dat die implementering van hierdie besluit tans wag op die rapport van 'n nuwe kommissie.

## **4.2 Vroue in ampte van predikant en ouderling**

Hierdie onderwerp het 'n veel groter studie en besinning geverg waarin Ou en Nuwe Testamentiese gegewens herhaaldelik in oënskou geneem en geëksegetiseer is, uitgaande van die gesag van die Skrif.

### **4.2.1 Ou Testamentiese gegewens.**

In hierdie gedeelte beperk ons ons slegs tot enkele besondere Skrifgedeeltes.

In die algemeen laat blyk die Ou Testament dat hoewel vroue profetiese funksies verrig het, hulle nooit as priesteresse gedien het en ook nie Levitiese pligte vervul het nie (vgl. CRC, acts of synod, 1984, p.297)

Die gegewens in Gen. 1-3 moet meer in besonder bekyk word omdat dit opsigself belangrik is en omdat Paulus in 1 Kor. 11, 14 en in 1 Tim 2 telkens sy standpunt of uitsprake in die skeppingsgeskiedenis en in die sondeval begrond.

#### (1) Probleemstelling in Gen. 1-3

Die probleme in Gen. 1-3 sentreer rondom die volgende gegewens:

- Wat moet ons onder die opdrag aan die man en vrou, geskape na die beeld van God om te heers verstaan – Gen. 1:26-28? Kan ons hieruit aflei dat die vrou deur God geskape is om soos die man in die kerk in die amp van regering te dien?
- Wat beteken dit as die vrou 'n hulp van Adam genoem word (Gen. 2:18-20)? En dat sy uit die man geskape is? Wat is die implikasie daarvan dat Adam eerste gemaak is? (Gen. 2, veral verse 18-24) Het Gen. 2 slegs betrekking op man en vrou in die huwelik alleen?
- Wat is die draagwydte en betekenis van Gen. 3:16: ". . . en hy sal oor jou heers? (vgl. CRC, acts, 1978, p. 502 e.v.).

#### (2) Bevindings oor Gen. 1-3

Vir 'n redelike volledige behandeling verwys ons na die acts of synod van die CRC (1984, p. 289 e.v.). Ons gee dit samevattend weer:

##### (a) Gen. 1:26-28

Genesis 1 wil sê dat God die mens geskape het en wil gebruik om oor sy skepping te heers. Al wat geopenbaar word is dat manlike en vroulike mense (mankind) van God die opdrag tot heerskappyvoering ontvang het. Verder word daar niks van die verhouding tussen man en vrou gesê nie; hoofstuk 1 leer ons niks besonders oor die verskillende rolle van die man en vrou in onderskeiding van mekaar nie. Daarom kan ons nie hieruit enige afleidings maak wat daarop neerkom dat die vrou byvoorbeeld ook oor 'n man mag regeer nie.

##### (b) Gen. 2

Gen. 2 gee die begroning van die Nuwe-Testamentiese openbaring oor die verhouding tussen man en vrou.

In die eerste instansie leer Gen. 2 ons dat God in sy verhouding tot Adam die eerste (primêr) is; en parallel hiermee sê Gen. 2 dat Adam in sy verhouding tot die vrou weer die eerste is. Die feit dat Adam die eerste is, is van besondere belang: Dit korreleer byvoorbeeld met die begrip eersgeborene, en aan die begrip eerste of eersgeborene sit die gedagte van gesag, status en bepaalde regte. In die afwesigheid van die vader het die eersgebore seun byvoorbeeld gesag oor sy broers gehad (Deut.

21: 15-17; Gen. 24:55, 6). Hieruit kan afgelei word dat die man sekere gesag of bevoegdheid oor die vrou het.

Tweedens word dit in Gen. 2:18 en 20 gestel: die vrou is vir Adam tot hulp wat by hom pas (NAV: sy gelyke). Die Hebreuse 'ètser beteken help/hulp, en kenegdo beteken "corresponding to him, answering to him, suitable to him, of complementing him" (vgl. a.w., p. 291). Dit beteken nie dat die vrou soseer ondergeskik of inferieur aan die man is nie, maar wel dat sy ter wille van die man geskape is en nie die man ter wille van die vrou nie.

Die vrou is inderdaad 'n geskapene van God, soos die man, maar tog is sy ook "uit die man geneem". Sy is dus ook uit hom en vir hom gemaak.

Adam se gesag of outoriteit oor die vrou blyk ook uit die feit dat hy haar 'n naam gegee het aangesien naamgewing die prerogatief was van iemand wat 'n andere se meerdere is.

Die vraag kan vervolgens dan gevra word of Gen. 2 nie net betrekking het op die huweliksverhouding nie. In hierdie verband moet daar egter oorweging aan die volgende gegee word waaruit dit duidelik is dat dit minstens nie noodwendig waar is nie:

In Gen. 2 word daar twee woorde vir man gebruik, nl. 'adam en 'ish. 'adam dui nie op 'n getroude man nie, maar op die man as soort, terwyl 'ish sowel vir getroude as ongetroude man gebruik word. In Gen. 2:18 waar die Here sê dat dit nie goed is dat die man alleen is nie en dat Hy vir hom 'n hulp wat by hom pas sal maak, dan gebruik Hy die woord 'adam. Dit wil sê dat die gepaste hulp dus vir die man as soort gegee is.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat die vrou as die man se gepaste hulp aan hom gegee word met die oog op die uitvoering van die ganse opdrag wat God hom gegee het (Gen2:15; ook 1:26-28), en nie net ter wille van die huwelikslewe nie.

Voor die sondeval was die vrou dus van nature aan die leiding van die man onderworpe. Dit is dan ook opvallend dat die vrou weer die eerste was wat in sonde geval het - 'n sonde van ongehoorsaamheid aan God, maar ook 'n sonde van nie-onderwerping aan haar man se leiding.

(b) Gen. 3 - na die sondeval

Dit is van besondere betekenis dat God na die sondeval nie die vrou eerste aanspreek nie, maar wel die man ten spyte van die feit dat die vrou eerste in sonde geval het. Dit toon duidelik aan dat die man die eerste verantwoordelikheid het, en dat die leiding en gesag van die man na die sondeval voortduur.

Verder sê die Here: "en hy sal oor jou heers". Die Hebreuse woord mashal. (heers) "does not necessarily connote a sinful kind of domineering: it means a rule which may take either a beneficent or malevolent form" (p. 295). Die verhouding tussen man en vrou soos voor die sondeval waarin die man die outoriteit en leiding het, duur dus na die sondeval voort. As gevolg van die sondige bedeling wat na die sondeval ingetree het, sal die leiding van die man oor die vrou soms ontaard in tirannie of dominerend, maar die verlossing in Christus neem eindelijk hierdie ontaarde vorm van heerskappy weg terwyl die leiding van die man in geheiligde en gesuiwerde vorm behoue bly.

Ons konklusie is dus dat Gen. 1 - 3, in die tyd voor en na die sondeval duidelik die hoofskap of leiding en gesag van die man oor die vrou as 'n gegewe feit en reëling van God verkondig. Dit is iets wat dan vir die ou en nuwe bedeling vasstaan.

#### 4.2.2 Nuwe Testamentiese gegewens

- (1) 1 Kor-11:3; 8:9 (vgl. CRC, acts, 1978, p. 514 e.v.; 1984, p.308 ev.). In 1 Kor. 11:1-16 behandel Paulus die gedrag van manne en vroue in die erediens (vgl. gebede en profeteer in verse 5 en 13).

In 1 Kor. 11:3 gaan dit oor drie hoofde (kefalè): Christus is die hoof van elke man; die man is die hoof van die vrou; God is die hoof van Christus.

Die eerste en die derde verwysing na hoofskap, verwys na heerskappy of regering. So verwys die hoofskap van die man oor die vrou dan ook na sy leiding en regering van die vrou. Dit lê ook in lyn met Ef. 5:23.

In 1 Kor. 11:8-9 begrond Paulus hierdie regering van die man oor die vrou in die skepping: "want die man is nie uit die vrou geneem nie maar die vrou uit die man. Die man is ook nie ter wille van die vrou geskep nie, maar die vrou ter wille van die man". Dit is opvallend dat hierdie begronding van Paulus presies ooreenstem met ons bevindings by Gen. 2.

"What this means is that this direction-setting headship of man over woman is not simply something associated with a bygone culture, but is permanent for all time, and is therefore still valid today. This headship is grounded in creation" (CRC, acts, 1984, p. 309).

'n Volgende vraag is of Paulus nie in 1 Kor. 11 met die man en vrou in die huweliksverhouding alleen besig is nie.

Gegewens in 1. Kor. 11 laat blyk dat Paulus nie met die huweliksverhouding alleen besig is nie. Die volgende argumente verdien oorweging:

- Aangesien hier oor die erediens gehandel word, word daar in die algemeen oor die verhouding van manne en vroue in die erediens gespreek.
- In verse 4 en 5 is daar duidelik sprake van "elke man" en "elke vrou".
- Verse 7-9 fundeer die hoofskap van die man in die skepping, en hierdie skeppingsbasis geld vir alle manne en vroue. In verse 11-12 spreek Paulus van die man wat uit die vrou voortkom, en dan dink hy nie aan 'n huweliksverhouding nie, maar aan die verhouding van die man en vrou in die algemeen.

- (2) 1 Kor. 14:33b-35 (vgl. CRC, acts, 1984, p. 310 e.v., ook 1978,p. 518).

Soos in 1 Kor. 11:1-16 is Paulus weereens met die gedrag in die erediens besig, en in hierdie gedeelte (1 Kor. 14:(26)) is hy gesteld daarop dat dit ordelik moet wees.

In vergelyking met 1 Kor. 11 lyk dit of 1 Kor. 14:33 e.v. iets strydigs met betrekking tot die vrou stel, want in hoofstuk 11 neem sy deel in die erediens deur te bid en te profeteer terwyl sy in hoofstuk 14 die swye opgelê word.

Die volgende gegewens verdien oorweging:

- In hoofstuk 11 en 14 gaan dit albei om die onderwerping van die vrou aan die leiding van die man en in albei gevalle beroep Paulus hom op die skeppingsordonnasie van God (vgl. "wet" in 14:34)
- Paulus gebied nie die vrou tot algehele stilswye nie, maar tot 'n gekwalifiseerde stilswye: tot 'n swye ten opsigte van deelname aan die diskussie en evaluering van sake wat volg nadat iemand geprofeteer het. Wanneer vroue toegelaat sou word om 'n man se boodskap of aanbidding te bespreek en te beoordeel (vgl. v.

29: diakrinó), sou dit neerkom op 'n mate van gesagsuitoefening van die vrou oor die man. Daarom moet hulle liefs tuis die sake met hulle eie mans bespreek. Weduwees of ongetroude vroue se posisie word nie hier bespreek nie, en dit word ook nie gesê wat hulle posisie is nie of met wie hulle moet praat nie.

Hierdie opdrag van Paulus aan die vroue geld vir al die gemeentes Dit is verder ook gesê met die gesag van Christus self (v. 36-37).

(3) 1 Tim 2:11-15 (vgl. CRC, acts, 1984, p. 313 e.v.)

1 Tim. 2:11-15 is die enigste teks in die Nuwe Testament wat in besonder handel oor die lerende en regerende funksie van vroue in die kerk. Daarom is dit 'n belangrike Skrifgedeelte.

Dit is ook belangrik om te besef dat die verse wat 2:11-15 voorafgaan en volg (2:1-8; 3:1-13) direk betrekking het op die plaaslik-geïnstitueerde en georganiseerde kerk en op die eredienste. In die lig hiervan moet ons ook 2:11-15 plaas; dit gaan hier veral oor die gedrag van die vrou in die kerke en tydens die samekomste.

Vers 11: "Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid"

Dit is in lyn met 1 Kor. 14:34 en daarom wys albei Skrifgedeeltes op die onderdanigheid van die vrou (hupotassó). Paulus sê nie eksplisiet aan wie hulle onderdanig moet wees nie; dit mag dus 'n onderdanigheid teenoor hulle eie mans wees, maar aangesien dit hier om die gedrag in die erediens gaan, bedoel Paulus blykbaar 'n algehele onderdanigheid van die kant van die vrou teenoor haar man en teenoor diegene wat die leiding in die gemeente het.

Vers 12: "Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou".

Watter soort onderrig (didaskó) het Paulus in gedagte? Die datum waarop die Pastorale Briewe geskrywe is, wat 'n tyd toe die offisiële lerende diens van die kerk reeds 'n vaste vorm aangeneem het (1 Tim. 4:11; 6:2b; 2 Tim. 2:2). Dit lyk of Paulus dan hier die amptelike onderrig in die kerk in gedagte het, en dus na iets anders verwys as dit waarvan ons lees in 1 Kor. 11:5.

Wat beteken die woorde: "oor die man te heers nie"?

Die werkwoord is authentein, en dit word alleen - in sowel die LXX as in die Nuwe Testament - in hierdie vers gebruik. Sommige vertaal dit (te) sterk, met domineer of tiranniseer, maar indien Paulus dit wou sê kon hy liefs die woord katakurieuontes van 1 Petr 5:3 (iets soos baasspelerig) gebruik het. Dit lyk dus of dit eenvoudig beteken om gesag of outoriteit oor iemand te hê (vgl. CRC, acts, 1984, p. 315 waar na G.W. Knight verwys word wat 'n diepgaande studie hieroor gemaak het).

Die woord anér in vers 12 kan sowel op 'n getroude as op 'n ongetroude man verwys, en die strekking van die gedeelte dui eerder daarop dat Paulus al die mans in gedagte het.

In vers 13-14 kry ons Paulus se begroning vir hierdie verbod aan vroue om nie in die gemeente te leer en te regeer nie.

Vers 13: "want Adam is eerste gemaak, daarna Eva", gryp terug na die skepping waar Adam se eerstelingskap duidelik op sy leiding en gesag oor die vrou wys (vgl. p. 15 hierbo).

In vers 14 kry ons 'n tweede begroning: in die sondeval:

"En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom."

Hier gryp Paulus terug na Gen. 3:13. Hiermee verontskuldig hy nie vir Adam nie, maar die punt wat hy wil maak is dat ons in die geskiedenis van die sondeval 'n bewys het van wat kan gebeur wanneer die rolle van die man en die vrou omgekeer word. Adam moes sy vrou onderrig het, en oor haar regeer het, maar in werklikheid was dit Eva wat hom kom leer het.

In vers 15 wil Paulus die vrou op haar heerlike en eiesoortige aard wys: hulle sal geluk en seën ontvang in die rol van moederskap. Hy bedoel nie om haar hiertoe te beperk nie, maar alleen om die normale en algemene rol en eiesoortigheid van die vrou aan te dui.

(4) Ander gegewens in die Nuwe Testament (CRC, acts, 1984, p. 320 e.v.)

Daar is sommiges wat hulle op die volgende gegewens beroep om te argumenteer dat vroue tog in die regerende en lerende diens toegelaat kan word. Sulke gegewens is byvoorbeeld die volgende:

(a) Diakonos - Rom. 16:1

Die vraag is in watter sin word diakonos hier gebruik. Wanneer dit op 'n besondere amp dui, soos in Filip 1:1 en 1 Tim 3:8, 12, dan word na manne alleen verwys. In 1 Tim 3:11 word die vroue van die diakone onderskei. Die verwysing na Febe in Rom. 16:1 beteken nie dat sy 'n diaken in die gewone sin van die woord was nie, maar dat sy die kerk in Kenchreë op 'n heel besondere wyse gedien het.

(b) Prostatis - Rom. 16:2

Hoewel die manlike vorm (prostatés) kan dui op iemand wat 'n leier of hoof is, beteken die vroulike vorm (prostatis) eerder iets soos helper of beskermster, iemand wat sorg dra.

(c) Sunergos - 1 Kor. 16:16, Filip. 4:2, 3 ens.

Daar is baie voorbeelde daarvan dat Paulus bepaalde vroue as sy medewerkers in sy diens gebruik het (vgl. ook Hand 18:26). Dit blyk egter nêrens in die Nuwe Testament dat sulke vroue in die amptelike diens van die Woord in die gemeentes opgetree het nie.

Dit is belangrik om in hierdie verband ook kennis te neem van die getuienis van Clemens van Alexandrië (155-220 nC):

"The apostles, giving themselves without respite to the work of evangelism, as befitted their ministry, took with them women, not as wives but as sisters, to share in their ministry to women living at home: by their agency the teaching of the Lord reached the women's quarters without arousing suspicion" (a.w., p. 332)

(5) Genadegawes aan vroue en die ampte - vgl. CRC, a.w. p. 322)

Die vraag word dikwels gevra of die feit dat vroue ook genadegawes ontvang, nie lig werp op die rol van die vrou in die kerk nie. Daar word veral verwys na die profesie van Joël 2 (vgl. Hand. 2), 1 Kor. 14:1, 39, Rom. 12:6 ens.

Daar is egter ook, ander tekste soos 1 Kor. 12:28 en Ef. 4:8, 11 e.v. wat aantoon dat God nie alleen genadegawes aan mense gegee het nie, maar ook bepaalde begenadigde mense aan die kerk!



Verder gaan die eintlike vraag nie daaroor of vroue genadegawes ontvang het nie - hulle is dikwels meer begaafd as mans - maar ten opsigte van die vraag of hulle in 'n kerklike amp mag dien, sentreer dit om die feit dat vroue aan die mans onderdanig moet wees en dat die man die hoof van die vrou is. Hieroor gee die Skrifgegewens oor die charismata geen lig nie.

### **VROUEKIESREG**

Die CRC (acts of synod, 1957, p. 311) het reeds in 1957 stemreg in gemeentevergaderings aan vroue gegee. Die gronde vir die besluit is kortliks die volgende:

- Vroue het as volle lidmate van die kerk 'n beperkte regeerfunksie of bevoegdheid;
- Vroue moet die kerkraad saam met die hele gemeente bystaan en help in die regering van die gemeente;
- Hierdie funksie van vroue saam met die hele gemeente is in ooreenstemming met die approbasie-reg waaruit dit ook duidelik is dat hulle help om die kerk te regeer;
- Die uitoefening van hierdie funksie beteken nie dat hulle self tot die ampte verkiesbaar is nie.

## **BRONNELYS**

- BOS, F.L. 1950. De orde der Kerk. Toegelicht met kerkelijke besluiten uit vier eeuwen. 's-Gravenhage.
- BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerd Kerkrecht. Eerste deel. Kok, Kampen.
- BREYTENBACH, A.F.B. en PELSER, G.M.M. s.j. (in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 1979). Is daar in die Bybel deurslaggewende argumente teen die toelating van vroue tot die amp van dienaar van die Woord?
- CALVYN, J. s.j. Institusie of de onderwijzing in de Christelijke religie. Amsterdam, Bottenburg.
- CALVYN J. 1961. The epistle of Paul the apostle to the Romans and the Thessalonians. (In Torrance, D.W. & T.F., red. Calvin's commentaries. Edinburgh/London, Oliver and boyd).
- CALVYN, J. 1964. The first epistle of Paul the apostel to the Corinthians (In Torrance, D.W. & T.F., red. Calvin's commentaries. Edinburgh/London, Oliver and Boyd).
- CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN NORTH AMERICA. Acts of synod, 1957, 1978. 1981 en 1984. Grand Rapids.
- DREYER, P.S. s.j. ('n Bylae by Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika). Die toelaatbaarheid van vroue as predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- HOVIUS, J. 1950. De positie van de vrouw in Christus' Kerk. Rede uitgesproken bij de overdracht van het Rectoraat . . . Sneek.
- JANSEN, JOU. 1917. De kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Deel 1. Nijverdal, Bosch.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. Handeling van die Algemene Sinode, 1982
- PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergrond van ons kerklike reg. Akademiese handboeke. Deel 1. Pretoria-Kaapstad, 11AUM. REFORMED ECUMENICAL SYNOD, act 1972, Australia.

# **HOOFSTUK IV: DIE VROU IN DIE KERK VOLGENS BELYDENIS EN KERKORDE**

## **1. Die plek van die vrou volgens die belydenisskrifte**

### **1.1 Formele opmerkings**

**1.1.1** Wanneer die bekende reformatoriese belydenisskrifte nagegaan word ten einde lig te vind vir die vraag na die plek van die vrou in die kerk, moet nougeset daarteen gewaak word om die belydenisskrifte nie te oorrva nie. Tewens, die belydenisskrifte moet in 'n groot mate allereers kontekstueel verstaan én verklaar word, d.w.s. binne die konteks van die reformatoriese teologie van daardie tyd, veral die van Calvyn.

En dan is dit interessant om daarop te let dat Calvyn, in aansluiting by die teologiese en kerklike tradisie voor sy tyd, die vrou uit die kerklike dienste uitsluit, behalwe wat 'n diakones (t.o.v. siekeversorging) betref.

Alhoewel die konfessies hulle nêrens direk teen die vrou in 'n kerklike diens uitspreek nie, sou ons nie ver verkeerd wees nie indien beweer word dat dit tog min of meer as ondertoon veronderstel word.

**1.1.2** 'n Tweede vraag wat baie nou met bogenoemde saamhang, is die vraag of ons belydenisskrifte nie tog implisiet sekere boustene bevat waardeur die vrouediens in die kerk tog skerper omlyn en duideliker geformuleer kan word nie. Al word die gedagte van die vrou in die amp nie eksplisiet geleer nie, word dit ook nie eksplisiet ontken nie; in 'n sekere sin is die beantwoording van hierdie vraag dus oopgelaat.

**1.1.3** Vanweë die aard van die materiaal wat in die drie reformatoriese belydenisskrifte behandel word, veral t.o.v. die kerkleer, konsentreer ons veral op die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) en die Heidelbergse Kategismus (HK).

### **1.2 Materiële aspekte**

#### **1.2.1 Die skeppingsleer**

Ons Belydenis onderstreep dat die mens - man en vrou - geskape is na die beeld van God (NGB 14; Hk 3:6; DLR III-IV 1-2) en dat beide wat dit betref dus gelyk is voor God. Al is die man ook voor die vrou geskape, gee dit as sodanig nie aan die man 'n voorsprong bo die vrou nie aangesien beide beelddraers van die lewende God is. Hulle gelykwaardigheid blyk ook daaruit dat nie net aan een van die twee nie maar aan beide man en vrou die kultuuroopdrag gegee word om die aarde te onderwerp en te beheers.

#### **1.2.2 Die sondeleer**

Ook t.o.v. die sonde blyk dit dat die man nie beter is as die vrou nie, selfs al is Eva eerste verlei. Beide het oortree en beide het in die sonde geval (NGB 14, HK 3:7, DLR III-IV, I) sodat alle mense, mans en vrouens, sondaars is voor God.

Die effek van die sondeval is by beide ook presies eenders: beide se natuur is verdorwe (NGB 14), beide is so verdorwe dat hulle heeltemal onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad is, tensy . . . (HK 3:8), beide is nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig (HK 23:60), beide is onbekwaam tot enige saligmakende goed, geneig tot kwaad (DLR III-IV, 3).

### 1.2.3 Die verlossingsleer

Wat die verlossing deur Christus betref, is daar hoegenaamd geen voorrang of voorsprong van die een bo die ander nie. Almal word slegs deur Christus verlos (NGB 17, 20-23; HK 1:1, 6:18, 7:21, 11:29, 13:34, 15:37, 21:56, 23:60, 26:70), net deur 'n ware geloof (NGB 22, 23; HK 7:20-21, 23:59-61). Ook wat die uitverkiesing betref, is daar voor God geen aansien van die persoon nie: Dit geskied uit vrye genade om Christus wil (NGB 16; HK 19:52, 21:54; DLR). Dit maak nie saak of iemand man of vrou is nie.

### 1.2.4 Die heiligingsleer

Ook die heiligmaking geskied sonder manlike of vroulike voorkeure en alleen deur die werksaamheid van die Gees van God (NGB 24; IIK 3:8, 20:53, 25:65, 26:70, 32:86). Wat belangrik en deurslaggewend is, is nie of iemand 'n man of 'n vrou is nie, maar of hy 'n Christen is, of hy/sy in Christus glo en Hom navolg "en deur Sy Gees gelei word (HK 7:20-22). Volharding tot die einde hang ook ten nouste saam met die genade van God aan sy kinders (DLR V).

### 1.2.5 Die kerkleer

Van die belangrikste gegewens vir ons vraagstuk kom sekerlik in die kerkleer van ons belydenisskrifte na vore aangesien die ampsvraag juis hier ter sprake kom.

Ons Belydenis handel op 'n baie sobere en Skrifgetroue wyse oor die kerkleer. Om lid te wees van die (ware) kerk van Christus is niks meer maar ook niks minder as geloof in Christus nodig nie (NGB 27-29; HK 21:54). Manlikheid of vroulikheid tel hier nie. Maar verder is ook belangrik die doop, ook die kinderdoop, van seuntjies en dogtertjies, aangesien die doop in die verbond van God en in sy gemeente insluit (NGB 34, HK 27:74). En so is die **nagmaal** as Christusmaaltyd ook oop vir alle ware gelowiges, mans en vrouens (NGB 35; HK 28-30).

Oor die kerkdienste, kerkvergaderinge en kerkregering handel veral die NGB (30-32) baie eksplisiet. Hier word baie sterk klem gelê op die Christokrasie (Christusregering) in die kerk. Wat bepalend is, is dus nie 'n mensregering (of vroueregering), 'n ouderlinge- of gemeenteregering nie, maar wel dat Christus deur Sy Woord en Gees regeer, waarvoor Hy uiteraard mense instrumenteel gebruik. Daar word drie ampte onderskei, nl. Woordbedienaars/herders, opsieners/ouderlinge en diakens maar sonder om te meld dat dit manspersone móét wees - gesien binne die historiese konteks moet sekerlik eerstens hieraan gedink word. Opvallend word in art 31 gesê dat hierdie dienaars "vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die Kerk" (LW.). As nou in gedagte gehou word dat "Kerk" in art 27 omskryf is as "'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo", dan is dit in 'n sekere sin baie waarskynlik (want dooplidmate behoort ook tot die kerk) om die vrouelidmate hier by te reken as medewerkend t.o.v. die verkiesing - anders moet ons aanvaar dat "Kerk" net uit manslidmate bestaan, wat teologies en kessioneel onhoudbaar is.

Dit skyn my verantwoord om te konkludeer dat art 31 NGB, indien nie eksplisiet nie dan tog wel eksplisiet vrouelidmate as instrumenteel by verkiesings van ampsdraers betrek.

### 1.2.6 Die toekomsleer

Op grond van die Skrif leer ons konfessies duidelik dat die laaste oordeel oor "alle mense, manne sowel as vroue, en kinders" gaan (NGB 37) en dat elkeen rekenskap moet doen van alles wat hy/sy in die lewe gedoen het (HK 19:52). Die opstanding van die liggaam en die ewige lewe op die nuwe aarde hang ook nie saam met man- of vrou-wees nie maar met in- of buite-Christus wees (HK 22).

### **1.3 Voorlopige Konklusies**

**1.3.1** Uit die Bybelse skeppingsleer, sondeleer, verlossingsleer en toekomsleer, soos in die belydenisskrifte geformuleer, blyk baie duidelik die gelykwaardigheid van man en vrou. Wel sou hier, veral by die skeppingsleer en sondeleer, van 'n sekere prioriteit van die man sprake kon wees maar nie van superioriteit nie. Die verslawende effek van die sonde is deur die verlossende werk van Christus en die vernuwende werk van die Heilige Gees deurbreek waardeur die beeld van God weer in die man en vrou herstel is en 'n nuwe situasie ontstaan het.

**1.3.2** Die belydenisskrifte gebruik gewoon die taal van die Skrif sonder om hulle eksplisiet vir of teen die vrou in die amp uit te spreek. Dis 'n ander vraag of daar wel implisiete indikasies in een of ander rigting aanwesig is.

**1.3.3** Wanneer kerke na langdurige en biddende bestudering van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees tot die slotsom sou kom dat vrouens wél in 'n besondere amp mag dien, sal moeilik beweer kan word dat so 'n besluit strydig is met die reformatoriese belydenisskrifte - hoogstens dat dit inspanning is met die gereformeerde tradisie.

**1.3.4** Ten opsigte van die aktiewe mede-werksaamheid van susters by die verkiesing (en approbering!) van ampsdraers sou die afleiding gemaak kon word dat die NGB dit impliseer. In elk geval is daar niks in die belydenisskrifte wat hierdie gedagte weerspreek nie.

## **2. DIE PLEK VAN DIE VROU VOLGENS DIE KERKORDE**

### **2.1 Die aard van die Kerkorde**

Die kerkorde is nie 'n kerkwet nie en beskrywe daarom nie alles wat in die kerkregering van toepassing is nie.

Die kerkorde omskrywe die dienste, d.w.s. die besondere dienste, en hoe hulle werk in die kerk. Dit word in die fondamentsteen van die kerkorde artikel 1, vasgelê.

Daarom gaan die KO slegs in onvermydelike gevalle in op die werking en opdragte van die amp van die gelowige deurdat dit die plek en taak, in die gevalle, van die "gemeente" of "gemeentelede" aandui.

J D du Toit (Totius deel 3, 1977: 1977: 180-182) verklaar in 1908: "In ons kerkorde is geen spesiale artikel oor gemeentevergaderings nie. Tog word die bestaan daarvan veronderstel ... Gemeentevergaderings is dan ook in die Gereformeerde Kerke inheems. Dit kan volgens ons beginsels nie anders nie ... Aan die een kant moet gemeentelede nie as onmondige persone beskou word nie. Met hulle moet deur middel van gemeentevergaderings rekening gehou word. 'n Kerkraad wat net heerskappy wil voer oor die gemeente van Christus, is op die Roomse pad. Maar aan die ander kant moet die kerkraad besef dat hulle leiding moet gee volgens die eise van die Woord van God. Wanneer dit gebeur moet die gemeente volg".

**2.1.2** Die Skriftuurlike verhouding van die besondere ampte en die amp van die gelowige, soos dit ook in die Belydenisskrifte en formuliere vasgelê is, word dus grootliks in die KO veronderstel.

Drie sake is vir hierdie verhouding van bepalende betekenis

- (i) Die ondeelbare hoofskap van Christus: Hy deel sy regering met niemand nie; Hy het geen verteenwoordigers of subhoofde nie; Hy is Self in volle beheer en het niemand as plaasvervanger nodig nie." Kolossense 1:18: Hy (d.i. "die Seun", v.15) is die hoof van sy liggaam, die kerk (vgl. van der Walt, 1976; Richards, 1978).

Daarom belet die Skrif enige vorm van heers in die kerk (1 Pt 5:3; Lk 22:25, 26), selfs die soort van Diotrefes "wat danig daarop gesteld is dat hy die voorganger is" (3 Jh. v.9). Daarom is die canon aureus, die goue reël (vgl. van der Walt, 1976: 148) van die KO die gelykheidsbeginsel soos in art. 1 vasgestel. Alle dienste is net diakoniai, almal slegs kelners wat Jesus die Here se regering bedien. By die canon aureus staan of val die gereformeerde van die KO.

"Met de erkenning van dit beginsel staat of valt de geheele Reformatie, die zich bijzonder keerde tegen de Roomsche hiërarchie" (Bouwman I, p. 358). Christus is die enigste Hoof van die kerk. Daar is geen subhoofde nie (Van der Walt, p. 47). Die gelykheid van die ampte is hulle gelykwaardige verbintenis aan Christus as hulle Hoof en Sender. Terwyl elkeen op sy eie werkterrein profeet, priester en koning (of herder en leraar) is.

Om een amp oop te stel vir die vrou of vir haar te sluit kan nie op meerderwaardigheid of minderwaardigheid van daardie amp berus nie, want so-iets bestaan nie. Christus het maar één amp ingestel, die van apostel, waaruit die ander afgesplits het. En in Ef. 4:11 word alle dienaars wat tans ampte beklee saamgevat in een noemer: - "herders en leraars". Om die al of nie beklee van een amp te laat berus op die eiesoortige gawes van die vrou word weerspreek deur die feit dat vroue volgens die Skrif dieselfde gawes as mans ontvang. By geeneen van die Skrifgedeeltes oor die gawes word onderskeid gemaak tussen mans en vrouens nie. Die lewenswerklikheid toon dit ook onteenseglik aan. Laasgenoemde is van belang omdat daar nie onderskeid is tussen "natuur en genade" nie. (Hier ontstaan die vraag of wat kerklik vir 'n gelowige vrou geld nie ook vir haar geld op die maatskaplike terrein nie?).

Gevolgtrekking: word een van die dienste oopgestel vir die vrou, dan volg noodwendig ook die ander twee – dis geen of aldie.

(ii) Die enigste hoofskap van Christus en die eenheid van sy liggaam (kerk) bring mee dat die besondere ampte en die amp van die gelowiges moet saamwerk in 'n organiese eenheid. Die kerk is 'n liggaam waarvan die eenheid gesmee is deur die Heilige Gees - geestelike smeerwerk, tot 'n geestelike organisme. Dit word in die Skrif duidelik geopenbaar o.a. in Ef. 4.

- Die gemeente het een roeping van God ontvang - v. 1-4.
- Daarom ontvang "elkeen" gawes, maar "volgens die mate van Christus" - v. 7. Dit is die verskeidenheid in die eenheid.
- Die verskeidenheid word verder aangedui in 'n onderskeiding van die begiftigde persone waarvan sommige as "gawes" (v.11) aan die gemeente gegee word om die "dienste" te vervul.
- Die Here se "doel" (v.12) is dat "elkeen" en die "dienste" so in die eenheid wat die Gees smee sal saamwerk dat "ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in die kennis van die Seun van God" (v.13). "Die verskillende liggaamsdele (verskeidenheid) pas by mekaar (eenheid) en vorm saam 'n eenheid (eindbestemming). Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde (organiese samewerking van "elkeen" en al die "dienste") (v.16).

Gevolgtrekking: In die organiese eenheid met verskeidenheid word ma vrou nie onderskei nie maar opgeneem in die werking van die dele waar "elkeen" sy "funksie" vervul. Omdat hierdie organiese verhouding van die besondere ampte en die amp van die gelowiges ten grondslag van die KO lê, is Gereformeerde Kerkregering wesenlik

onderskeie van die ander kerkregstelsels: Johannes Jansen (1947:9, 18) vat mooi saam: Die Roomse het die amp van die gelowige van sy regte beroof sodat hulle net pligte oorgehou het. Dit is die wesenlike van hiërargie.

Die Independentie beroof weer die ampte van regte sodat hulle net pligte oorhou en alle gesag in die lidmate gesetel is. (Daarom net leer-ouderlinge en geen regeer- ouderlinge nie).

Die Gereformeerde het nie net die skerp punte van die Roomse probeer wegslyp of die Independentie probeer aanvul nie.

"Zij hielden vast aan die Schriftuurlijke coöperatie (samenwerking) van de leden en ambtdragers in de plaatselijke kerken".

Dr. J.D. du Toit skryf al in 1917 in Het Kerkblad (Totius 3, 1977:179): "Tussen die twee (Roomse en Independentiste - skrywer) in staan die Gereformeerde kerkreg wat wel deeglik aan die gemeentelede magte en regte toeken maar meteen sorg dat daar geen botsing tussen gemeentelede en kerkraad kom nie".

- (iii) Die eenheid in die verskeidenheid in die plaaslike kerk as organiese eenheid (liggaam) word in die Skrif openbaar daarin dat die opdragte van die besondere ampte deel uitmaak van die opdrag van die kerk. Daarom is die opdrag aan die dienste om "toe te rus" en nie om die funksies van die gelowiges oor te neem nie. Die "regering" in die kerk is leidend en bedienend, nooit heersend nie. (Vgl. Kubernesis, prohistaminos, tupos). Daarom kan prof. J.D. du Toit vir A. Kuiper met volle instemming aanhaal (Totius 3, 1977:94):

"Die bepalings in die D.K. wys tog 'n grens van magsbevoegdheid aan. Daar moet dus gevra word of hierdie grens daartoe dien om die magsbevoegdheid van die gemeente dan wel die magsbevoegdheid van die kerkraad te bepaal. Van die antwoord op hierdie vraag hang dit tog af of jy uitgaan van die Gereformeerde dan wel van die hiërargiese kerkregtelike beginsel... Daar word gevolglik 'n grens, nie aan die mag van die gemeente nie, maar 'n grens aan die mag van die kerkraad gestel. Dit staan dus vas dat die kerkraad vir hom nie meer mag neem as wat die D.K. aan hom opdra nie".

Hiermee is Martin Monsma eens (1967:32): "Christ authorizes in the first place His Church, and secondly, and in a derived sense, the consistories".

## **2.2 Die noemer "GEMEENTE" in die KO**

"Gemeente" beteken in die KO "amp van die gelowige" in onderskeiding van die besondere ampte, sonder om die persone in die besondere ampte uit te sluit. Intendeel, hulle behou (in die besondere ampte) al die regte van die amp van die gelowige. "Gemeente" is "die gelowiges" en nie 'n aparte grootheid waarin die persoon opgelos word nie.

Die amp van die gelowige word soms persoonlik aangedui. Soms dui dit op die gesamentlike, op die eenheid, soos die lidmate vergader is in 'n gemeentevergadering (onder leiding van die kerkraad) of in die erediens.

Bv. art. 4 t.o.v. die bevestiging, art. 22 t.o.v. die doop, art. 61 t.o.v. die nagmaal, art 77 t.o.v. die tug oefening, in art. 78 t.o.v. versoening. Die amp van die gelowige dui ook op die persoonlike soos in die reg van approbasie (arts, 4, 5, 22, 78) en die opmaak van 'n groslys (art. 22).

Maar nêrens word t.o.v. die amp van die gelowige ("die gemeente" of "die gemeentelede") 'n onderskeid gemaak tussen mans en vrouens nie. Hulle het as gelowiges dieselfde opdragte en regte in die kerk, alleen onderskeie in hulle eiesoortige gawes.

Die enigste onderskeiding in die noemer "gemeente" is die t.o.v. inkomplete lidmate. (Vgl. Jansen, 1917:593: membra incompleta). Inkomplete lidmate is gedooptes wat nog nie in geloofs-mondigheid belydenis van geloof afgelê het nie. Hulle is onmondig om die volle amp van die gelowige in kerkregtelike sin uit te oefen. Die beginsel word neergelê in art. 61 KO waar geloofsbelydenis vereis word voor nagmaalsgebruik. Om die liggaam van Christus "te onderskei" (1 Kor. 11:29) is immers meer as om die gawes van 'n broeder vir die amp (1 Tim 3) te onderskei. Daarom kan die beginsel van geloofs-mondigheid na die kiesreg, die reg om kinders te doop, die reg van approbasie, die reg van tuguitoefening deurgetrek word.

Om hierdie rede beteken die toestaan van bogenoemde regte aan geloofs-mondige vroue in die amp van die gelowige NIE dat "kinders" dan ook betrek word NIE.

## **2.3 Kiesreg in die kerkorde**

### **2.3.1 Passiewe en aktiewe kiesreg**

Die Gereformeerde Kerkreg onderskei tussen passiewe en aktiewe kiesreg (vgl. Jansen, 1917: 594 e.v.).

Passiewe kiesreg is die reg om verkies te word tot 'n besondere amp. Die Here gee die reg ("gawe" – Ef. 4) nie aan alle gelowiges nie. Daarom die uitdruklike vereistes vir die ampte in 1 Tim 3. Hier word sekere mans en (alle?) vroue van die passiewe kiesreg uitgesluit. (Ek gaan nie op die eksegetiese kwessies in nie want dit kom elders aan die orde. Vestig slegs aandag daarop dat 1 Tim. 3:11 m.i. nie los van v.12 verstaan kan word nie).

Aktiewe kiesreg is die reg om deel te neem aan die verkiesing tot die dienste. Wesenlik is kiesreg: die persoon met die nodige gawes uitken (Inst. IV, III, 12).

Jansen (1917:595) verklaar dat die Gereformeerdes oor die aktiewe kiesreg van die vrou geen communis opinio "of vasstaande mening" het nie. Die diskussie in die Gereformeerde Kerke is dus oud. Die rede is waarskynlik wat hy aandui: "de Schrift maakt deze quaestie niet uit".

Die geskiedenis toon t.o.v. die kiesreg 'n gesonde demokratiseringsproses, 'n groei op die wortel dat die gelowiges die kerk is, van die aristokratiese na die gemeentelike verkiesing. (Vgl. Jansen, 1917: 586-592; Van der Linde 1985: 23 - sien bylaag), en NIE na hiërgarchie of oligargie nie.

Soos die aristokratiese wyse van verkiesing berus het op die oordeel dat die lidmate nie ryp is nie, berus die demokratisering op die oordeel dat die lidmate wel ryp genoeg geword het om die volle verantwoordelikheid van hulle opdrag op te neem.

Wat tans uitgemaak moet word (in hierdie voordrag minstens) is of die KO van die Gereformeerde Kerk in S.A. meegegroeï het in die gesonde proses om die gemeente al meer die verantwoordelikheid van die kiesreg te laat opneem. En indien wel, waar die vrou tans in die proses staan.

### **2.3.2 Beslissende kiesreg**

In die geskiedenis van die Gereformeerde kerkreg is daar twee standpunte:

- (1) Die wat die beslissende kiesreg aan die kerkraad toeken. Dan is die gemeente se verkiesing slegs adviserend. Dit is die Franse Gereformeerde ontwikkelingslyn. Kuypers het volgens du Toit (Totius, 3:23) hiervan in 1867 al gesê: dit is nie aristokrasie nie maar oligargie. Die amp kan homself nie voortplant nie.

As die kerkraad die beslissende verkiesing het, kan die historiese beswaar teen vrouekiesreg nie volgehou word nie, want dan is dit nie "regeermag uitoefen" nie maar



blote advies. (Sou dit die rede wees waarom tot op hede sonder kreun verdra is dat die vrou "approbasierereg" het?).

- (2) Die tweede standpunt stel die gemeente in volle kiesreg sodat sy verkiesing beslissend is. Die standpunt het ontwikkel vanaf Calvyn, A' Lasco, Voetius, Rutgers, A Kuyper, 'J.D. du Toit, Joh. Jansen tot by die oorgrote meerderheid van resente Gereformeerde kerkregtelikes.

Dit beteken: "Die kerkraad behou die leidende, die gemeente "verkiesende mag" sê J.D. du Toit in 1906 (Totius deel 3:87). Die kerkraad oordeel dus slegs oor die wettigheid van die verkiesing en mag nie self iemand anders verkies bo wie deur die gemeente gekies is nie (Vgl. Jansen, 1917:597; Van der Linde, 1985:90).

### 2.3.3 Die hersiene art. 22. KO, 1961

Die Gereformeerde Kerk in S.A. het met die hersiening van die Kerkorde in 1964 (vgl. Handeling: 57, 70) 'n beslissende prinsipiële keuse gemaak (waarvan die volle konsekwensie toe dalk nie deur almal deursien is nie).

Die 1964-art. 22 handhaaf "die leiding" van die kerkraad maar sien af van die bepaling: "deur die oordeel van die kerkraad verkies word" (soos dit nog by art 4 KO staan - "onbegryplik", sê Van der Linde, 1983:23. Vgl. kritiek van Van der Walt, 1976: 155, 156). Die 1964-art. 22 handhaaf die gemeente in volle kiesreg: "die gemeente die nodige aantal verkies". Oor die draagwydte hiervan laat die sinode se eie motivering geen ruimte vir twyfel nie: "Dit word duidelik in die eerste sin bepaal dat die reg van verkiesing aan die gemeente toekom onder leiding van die kerkraad" (Handeling 1964:70. Vgl. Van der Linde 1983: 89-90).

In die Gereformeerde kerke in S.A. is die kiesreg van die gemeente dus beslissend.

### 2.3.4 Die kiesreg van die vrou in spanning

**2.3.4.1** Oor die kiesreg van die mondigste gelowige vrou is daar twee standpunte:

- (1) As kiesreg beslissend is, is dit uitoefening van regermag en daarom vir die vrou nie geoorloof nie.
- (2) Kiesreg is één van die regte van die amp van die gelowige en staan op gelyke voet met alle ander regte (opdragte) van hierdie amp.

Kiesreg is nie bevoegdheid om te regeer nie maar 'n wyse om regering daar te stel.

Verkiesing is 'n bevoegdheid om die diens van regering in die kerk daar te stel en nie 'n bevoegdheid om die diens van die regering in die kerk uit te oefen nie.

In algemene sin is kiesreg regeermag, soos wat die priesterskap van die gelowige in algemene sin ampsuitoefening is. In dieselfde bevoegdheid waarmee die gelowiges tugreg uitoefen, hulle kiesreg uit: altyd onder leiding (regering) van die kerkraad. Deur middel van die verkiesing deur die gelowiges gee die Here dienaars aan sy kerk om dit te regeer (Bevestigingsformulier van Ouderlinge.)

Net so min as wat die amp van die gelowige die besondere amp is, is sy kiesreg regeermag van die besondere amp. Wie in die amp van die gelowige staan, staan deur die genade van God voluit daarin. Wie kan wegneem wat Hy gee? Die uitoefening van die aktiewe kiesreg impliseer nie ipso facto die passiewe kiesreg nie: 1 Tim. 3 is die onomstootlike bewys.

Die "swyggebod" het nie betrekking op die amp van die gelowige nie. Daarvoor is daar te véél ongekwalifiseerde opdragte aan alle gelowiges om die Woord van God te praat, - soos 1 Pt. 4:11; 3:15; Rm. 6:13.

J.D. du Toit verklaar: "Die kerkraad moet immers regeer en lei en die gemeente verkies. So werk hulle twee met mekaar in harmonie. Ten tweede verkies die gemeente juis omdat hy nie regeer nie (Totius deel 3, 1977:183).

#### **2.3.4.2 Die saak is prinsipiële besleg**

Die sinode van 1964 het in sy beslissing oor art. 22 die saak van vrouekiesreg prinsipiële reeds uitgemaak. Die artikel lui:

"Die ouderlinge word deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is.

By hierdie reëling staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentelide geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig, en om saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra of om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is, en geen beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is".

Hieruit blyk duidelik:

- (i) Die Kerkraad het die leiding, die gemeente doen die verkiesing. Die kerkraad se leiding word tot twee maniere beperk:

Die gemeentelide vestig die aandag op geskikte persone. Uit die name stel die kerkraad die nodige aantal aan die gemeente (d.w.s. in vergadering) voor "vir die verkiesing". In hierdie geval bestaan die verkiesing in vir of teen stem (Vgl. Van der Linde 1983:91; du Toit, 1977:84).

OF

Die kerkraad stel 'n groslys en die gemeente kies die nodige aantal uit die name.

- (ii) Daar is geen geslagsverskil gemaak in "gemeentelide" en "gemeente" nie - dit is dieselfde mense wat slegs individueel of in vergadering optree.
- (iii) Approbasie is iets anders as kiesreg. Die 1964-art. 22 sny die weg beslis af om in die plek van die kiesreg die gemeente daarmee te ontmondig.

Approbasie is netsoveel as aktiewe kiesreg regeermag van die amp van die gelowige, want dit is die finale wettiging van die gemeente se verkiesing. Die kerkraad moet hierdie wettigheid kontroleer voor bevestiging. Van der Linde (1983:22) stel die saak korrek: "Oorspronklik het hierdie approbasie se goedkeuring die plek van die aktiewe deelname van die lidmate in die verkiesing van 'n bedienaar van die Woord ingeneem . . . Hulle kon egter nie heeltemal opsy geskuif word nie, vandaar dat die approbasiereg die plek van die aktiewe kiesreg ingeneem het. Die lidmaat moes ten minste die werk wat die kerkraad en diakens in hulle plek gedoen het, aanvaar en goedkeur" (my kursivering - J J v.d. W.)

## **2.4 Gevolgtrekkings**

### **2.4.1 Kiesreg is 'n inherente reg van die amp van die gelowige.**

Die geloofs-mondige vrou staan met volle regte in die amp van die gelowige. Daarom het sy net soos die geloofs-mondige man volle kiesreg ooreenkomstig die kerkorde.

**2.4.2** Die kerkorde praat oor die persone in die besondere ampte as "broeders". Hierdie "tradisie" en "die vrou in die amp" moet in die lig van art. 86 uitgemaak word.

**2.4.3** Die goue reël van die gelykheid van die dienste bring mee dat as een besondere amp vir

die vrou oopgestel word, word prinsipieel noodwendig almal oopgestel. Of andersom: een gesluit, almal gesluit.

## **AANGEHAALDE BRONNELYS**

1. DU TOIT, J.D. 1977. Totius Versamelde Werke 3.
2. HANDELINGE VAN DIE VYF-EN-DERTIGSTE SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA, 1964. Administratiewe Buro Potchefstroom.
- 3.1 JANSEN, Joh. 1917. De Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland, deel 1. Bosch - Nijverdal.
- 3.2 HANDLEIDING GEREFORMEERDE KERKRECHT. Kok. Kampen.
4. MONSMA, MARTIN. 1967. The New Revised Church Order Commentary, Zondervan. Grand Rapids.
5. RICHARDS, LAWRENCE O EN HOELDTKE, CLYDE. 1978. A Theology of Church Leadership. Zondervan. Grand Rapids.
6. VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde. Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom Teologiese Publikasies.
7. VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Pro Rege. Potchefstroom.
8. CALVYN, J. s.j. Institusie IV. Zigoo.

## **GERAADPLEEGDE WERKE**

1. BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerde Kerkrecht I.. Kok. Kampen.
2. KRUGER, L.S. e.a. 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pro Rege. Potchefstroom.
3. VANT'T SPIJKER, W.. 1970. De Ambten bij Martin Bucer. Kok. Kampen.
4. VAN DER WALT, J.J. 1970. Die plek van die gemeente in die presbiteriale kerkregering (Skripsie Doktoraal). Ongepubliseer. PU vir CHO. Potchefstroom.
5. NAUTA, D. 1971. Verklaring van die kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, Kampen. Kok.

## **HOOFSTUK V: SAMEVATTENDE KONKLUSIES.**

### **1 Bevinding van die situasie in die Ou en Nuwe Testament**

- 1.1 Oral in die Ou Testament en Nuwe Testament waar die Here mense in 'n besondere diens gebruik, is die roeping deur die Here van fundamentele betekenis.
- 1.2 'n Onmisbare voorwaarde is voorts dat waar die Here iemand in 'n besondere diens roep, daardie persoon met besondere gawes deur die Gees van God toegerus is/word sodat hy/sy diens tot eer van God kan verrig.
- 1.3 In Christus breek daar vir die verlore vrou 'n nuwe bedeling aan en verwerklik die Here sy oorspronklike bedoeling met die man en vrou deur die beeld van God in die mens te herstel. Die skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vrouens deur God geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink.
- 1.4 In die Nuwe-Testamentiese gemeente het vroue hulle gawes aktief aangewend.
- 1.5 Dit blyk egter uit die Skrifgegewens dat getroude vroulike lidmate in die reël nie in besondere dienste gestaan het nie as erkenning van die hoofskap wat God aan die man verleen het.
- 1.6 Dit blyk ook dat in uitsonderlike gevalle, wanneer die Here dit goedgevind het, Hy tog vroue geroep het om besondere dienste te verrig (vgl. Die profetes in die Ou Testament en in die Nuwe Testament moontlik die geval van Febe as diakones).
- 1.7 Nuwe-Testamentiese Skrifgegewens dui op die moontlikheid dat ten opsigte van die ongetroude vrou daar 'n afsonderlike besondere diens kon bestaan het.

### **2. Praktiese konsekwensies van die bevindinge.**

Die bostaande bevindinge lei tot die volgende praktiese konsekwensies ten opsigte van die plek van die vrou in die kerk:

- 2.1 Dat dit die Here is wat sy diensknegte roep en hulle met gawes van sy Gees toerus om in sy kerk en koninkryk te dien. Soos wat Hy dit ten tye van die Ou en moontlik in die Nuwe Testamentiese kerk gedoen het, al was dit by wyse van uitsondering, so kan Hy in sy vrymag vandag ook nog vrouens in sy diens roep en gebruik. In Christus het Hy hulle verlos en sy beeld in hulle herstel. Deur sy Gees vernuwe Hy hulle en maak hulle bekwaam tot diens.
- 2.2 Dat vroulike lidmate - soos manlike lidmate - hulle gawes tot nut en saligheid van ander lidmate asook van ongelowiges moet aanwend. Daartoe is hulle geroep in die amp van die gelowige, en tot uitvoering van hierdie roeping hoef hulle nie noodwendig in 'n besondere diens te staan nie. Kerkrade dra verantwoordelikheid om toe te sien dat die nodige ruimte bestaan vir lidmate om hulle gawes in die amp van die gelowige te kan aanwend.
- 2.3 Dat getroude vroue in die kerk ter erkenning van die Godgegewe hoofskap van haar man in die reël nie in die besondere dienste sal dien nie.
- 2.4 Dat in besondere omstandighede, wanneer dit noodsaaklik is, vroulike lidmate wat daarvoor besondere gawes van die Gees ontvang het, wel tot besondere dienste geroep kan word. Uitgaande van die gelykheidsbeginsel van dienste in die kerk, sou hierdie

roeping vir enige besondere diens geld.

**2.5** Dat, indien dit blyk dat daarvoor voldoende Skriftuurlike begroning bestaan, 'n afsonderlike besondere diens vir ongetroude vroue ingestel word, soos by die reformasie.